# Die missio Dei in die onderwys: Die rol van onderwysers in God se uitreik na generasie Z binne Suid-Afrika


**R Lambrechts**

**orcid.org/0000-0002-9326-873X**


Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad Magister Theologiae in Missiologie aan die

Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof SJ van der Merwe

Gradeplegtigheid: Junie 2023

Studentenommer: 27202399

## BEDANKINGS

Verskeie persone en instansies was van groot waarde in hierdie studie. Daarom ‘n spesiale woord van dank aan:

- My studieleier, Prof. Dr. Sarel van der Merwe vir sy deeglike werk, begeleiding en ondersteuning deur die loop van hierdie studie.
- Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, NWU en die Fakulteit Teologie vir hulle finansiële hulp.
- NWU se biblioteekpersoneel by beide die Fakulteit Teologie en Onderwys vir hulle hulp om die nodige bronne te bekom.
- Sanette Schutte vir die taalversorging en Elsa Esterhuizen vir die bibliografiese versorging.
- Ons gemeente, en gemeenteraad vir al hulle gebede en die geleentheid om hierdie studie aan te pak.
- My ouers vir hulle getroue bystand, gebede en ondersteuning.
- My vrou Suné, vir al jou liefde, gebede, ondersteuning, geduld en bemoediging deur die loop van hierdie studie.
- Ons hemelse Vader vir Sy wonderbaarlike voorsiening. Ek dank Hom dat Hy my geseën het met verskeie talente en gawes en ook vir Sy voorsiening op materiële gebied. My gebed is dat hierdie studie sal bydra tot Sy sending.

# OPSOMMING EN SLEUTELTERME

## OPSOMMING

God het ‘n sending wat na alle mense uitgaan, en vir hierdie sending het God mense. God stuur Sy volgelinge om uit te gaan en dissipels te maak van alle mense (Matt. 28:19), Hy bekragtig hulle ook om hierdie taak suksesvol uit te voer (Hand. 1:8). God se sending strek ook uit na die jeug van Generasie Z. In God se uitreik na hierdie generasie is daar egter baie hindernisse, daarom is dit so belangrik dat elke gelowige ingespan word, en elke geleentheid gebruik word om hierdie generasie te bereik. Hierdie studie ondersoek die unieke plek van Christenonderwysers in die *missio Dei*, en hulle deelname aan hierdie sending binne Suid-Afrikaanse skole. Hierdie studie redeneer dat Christenonderwysers se deelname aan die *missio Dei* noodsaaklik vir Generasie Z se saligheid is aangesien hulle op ‘n daaglikse basis te doen kry met hierdie generasie. Dit bied hulle die ideale geleentheid om die evangelie aan hierdie generasie te verkondig en sodoende hierdie generasie se saligheid en deelname aan die *missio Dei* te verseker.

## SLEUTELTERME

*missio Dei*

Generasie Z

Abraham Kuyper

Sfeersoewereiniteit

Onderwyser

Kerk

Religie opvoeding

Religieuse Instruksie

Religieuse observasies

# ABSTRACT AND KEY TERMS

## ABSTRACT

God has a mission that goes out to all people, and for this mission God has people. God sends His followers to go out and make disciples of all people (Matt. 28:19). He also empowers them to carry out this task successfully (Acts 1:8). God's mission also extends to the youth of Generation Z. In God's outreach to this generation, there are many obstacles, which is why it is so important that every believer is harnessed, and every opportunity is used. This study examines the unique place of Christian teachers in the *missio Dei*, and their participation in this mission within South African schools. This study argues that Christian teachers' participation in the *missio Dei* is essential for Generation Z's salvation, because they deal with this generation on a daily basis. This provides them with the ideal opportunity to preach the gospel to this generation and thus ensure this generation's salvation and participation in the *missio Dei*.

## KEY TERMS

*missio Dei*

Generation Z

Abraham Kuyper

Sphere sovereignty

Teacher

Church

Religion Education

Religious Instruction

Religious Observances

## SLEUTELTERME EN DEFINISIES

| | |
|---|---|
| *missio Dei*: | ‘n Latynse term wat dui op die sending van die drie-enige God. |
| Generasie Z: | Die opvolg generasie van Generasie Y en verwys na individue ongeveer gebore tussen 1995 tot en met 2010 (White, 2017:37). |
| Abraham Kuyper: | Abraham Kuyper (1837-1920) was ‘n Nederlandse teoloog en politikus wat die Vrije Universiteit in Amsterdam gestig het. Hy was ook krities in die ontwikkeling van Neo-Calvinisme. |
| Sfeersoewereiniteit: | ‘n Term wat die soewereiniteit van goddelike ordinasies beklemtoon in elke sfeer van die lewe wat onafhanklik van mekaar funksioneer, maar wat terselfdertyd aan mekaar verbind word deur die universele gesag van God. (Kuyper aangehaal deur Rathbone, 2015:2). |
| Onderwyser: | Dit is ‘n persoon wat aan andere lering gee en fasiliteer in ‘n verskeidenheid onderwerpe binne die akademie asook die alledaagse lewe. |
| Kerk: | ‘n Term wat verwys na alle gelowiges as lede van die Liggaam van Christus waarvan Hy ook die hoof is (Efesiërs 4). Die kerk kan ook beskryf word as God se hoofwerktuig binne die huidige dispensasie. |
| Religie opvoeding: | ‘n Kurrikulêre program met doelgerigte, ouderdom gebaseerde doelwitte wat streef om onderrig te gee oor verskeie religieë asook religieuse diversiteit binne Suid-Afrika en die wêreld (Departement van Onderwys, 2003, par. 17). |
| Religieuse instruksie: | Die onderwysing/instruksie van ‘n spesifieke geloof met die doel dat die spesifieke geloof aangeneem en gevolg sal word (Departement van Onderwys, 2003, par. 54; Smit & Chetty, 2016:138). Dit kan ook verstaan word as geloofsontwikkeling (Dreyer, 2007:51). |

Religieuse observasies: Verwys na ‘n verskeidenheid religieuse gebruike soos gebed, liedere sing, seremonies, kleredrag, dieetvereistes asook die uitstalling van religieuse simbole. Hierdie term kan ook beskryf word as Godsdiens oefening/e, maar die bewoording religieuse observasies word gebruik aangesien dit so deur die Departement van Onderwys gebruik word (2003, par. 58).

# INHOUDSOPGAWE

**BEDANKINGS……………………………………………………………………………………I**

**OPSOMMING EN SLEUTELTERME ........................................................................ II**

**ABSTRACT AND KEY TERMS ............................................................................. III**

**SLEUTELTERME EN DEFINISIES.........................................................................IV**

**HOOFSTUK 1: INLEIDING ...................................................................................... 1**

**1.1 Agtergrond en probleemstelling....................................................... 1**

**1.2 Stand van huidige navorsing............................................................ 4**

**1.3 Navorsingsvraag ............................................................................... 6**

1.3.1 Subvrae wat voortspruit vanuit die navorsingsvraag .......................................... 6

**1.4 Sentrale doelstelling van hierdie studie........................................................ 6**

1.4.1 Doelstellings wat vanuit die sentrale doelstelling voortspruit .............................. 6

**1.5 Sentrale teoretiese argument ........................................................... 7**

**1.6 Metodologie ...................................................................................... 7**

**1.7 Etiese oorwegings............................................................................. 7**

**1.8 Hoofstuk uiteensetting....................................................................... 7**

**HOOFSTUK 2: DIE *MISSIO DEI*-KONSEP EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN ........................ 9**

**2.1 Inleiding................................................................................................ 9**

**2.2 Die *missio Dei* en ons verstaan van sending.................................................. 9**

**2.3 Verkeerde gebruik van die *missio Dei*-konsep ... 12**

**2.4 Die *missio Dei* en die Bybelse narratief ... 15**

**2.5 Die Implikasies vir Christenonderwysers ... 16**

2.5.1 Optrede as die mense van God ... 17

2.5.2 Werking as die liggaam van Christus ... 17

2.5.3 Wedergebore en geheilig deur die Heilige Gees ... 18

2.5.4 Die skoolgrond as sendingveld ... 19

**2.6 Opsomming ... 20**

**HOOFSTUK 3: GENERASIE Z EN DIE *MISSIO DEI* ... 22**

**3.1 Inleiding ... 22**

**3.2 Wie is Generasie Z en waarom is studie oor die generasie belangrik? ... 23**

**3.3 Digitale inboorlinge "Digital Natives" ... 24**

3.3.1 Inneem en verwerking van inligting ... 26

3.3.2 Geestesgesondheid en fisiese veiligheid ... 26

3.3.3 Tegnologie en die *missio Dei* ... 28

**3.4 Diversiteit en gelykheid ... 29**

3.4.1 Nie-rassigheid ... 29

3.4.2 LGBTQ+ ... 30

3.4.3 Diversiteit, gelykheid en die *missio Dei* ... 32

**3.5 Onseker leefwêreld ... 32**

3.5.1 Finansiële druk ... 32

3.5.2 Siekte .... 33

3.5.3 Geweld .... 33

3.5.4 Klimaatsverandering .... 34

3.5.5 Verslawingsmiddels .... 35

3.5.6 Generasie Z se onsekere leefwêreld in die lig van die *missio Dei* .... 36

**3.6 Postmoderne kultuur .... 37**

3.6.1 Post-Christelik .... 38

3.6.2 Postmodernisme en die *missio Dei* .... 39

**3.7 Uitreik na Generasie Z .... 40**

**3.8 Opsomming .... 42**

**HOOFSTUK 4: BEPERKINGS OP DIE *MISSIO DEI* BINNE SUID-AFRIKAANSE SKOLE .... 45**

**4.1 Inleiding .... 45**

**4.2 Religie en Onderwys binne Suid-Afrika .... 46**

4.2.1 Historiese oorsig .... 46

4.2.2 Die 2003 Nasionale Beleid van Religie en Onderwys .... 47

*4.2.2.1 Religie opvoeding .... 49*

*4.2.2.2 Religieuse instruksie .... 49*

*4.2.2.3 Religieuse observasies .... 50*

4.2.3 Toepassing van wetgewing .... 51

4.2.4 Belangrike onderskeid tussen publieke en privaat skole .... 53

**4.3 Tekortkominge van huidige wetgewing .... 55**

4.3.1 Probleme met die implementering van Religiestudies ....................................... 55

4.3.2 Probleme met die marginalisering van Religieuse Instruksie ............................ 57

**4.4 Abraham Kuyper se sfeersoewereinitiet ..................................................... 59**

4.4.1 Abraham Kuyper se sfeersoewereinitiet en Apartheid...................................... 62

**4.5 Sfeersoewereiniteit, die *missio Dei* en onderwysers: Toepassing ............. 63**

**4.6 Opsomming ......................................................................................... 64**

**HOOFSTUK 5: PRAKTIESE OMSKRYWING VAN ONDERWYSERS SE DEELNAME AAN DIE *MISSIO DEI* BINNE SUID-AFRIKAANSE SKOLE............................ 66**

**5.1 Inleiding............................................................................................. 66**

**5.2 Gehoorsaamheid en die *missio Dei* ............................................................ 66**

**5.3 Voorbeeld stel as benadering ..................................................................... 68**

5.3.1 Voorbeeld in die lig van die *missio Dei* ............................................................ 70

5.3.2 Voorbeeld in die lig van Generasie Z ............................................................... 72

*5.3.2.1 Voorbeeld in die digitale realiteit ...................................................................... 72*

*5.3.2.2 Voorbeeld in die diverse en gelyke wêreld ......................................................... 75*

*5.3.2.3 Voorbeeld in die onsekere leefwêreld ............................................................... 76*

*5.3.2.4 Voorbeeld in die postmoderne kultuur ............................................................. 79*

*5.3.2.5 Oorkoepelende gedagte ........................................................................... 80*

5.3.3 Voorbeeld in die lig van wetgewing ................................................................... 80

*5.3.3.1 Voorbeeld gekant teen Dualisme ...................................................................... 80*

*5.3.3.2 Voorbeeld deur arbeid ....................................................................................... 81*

5.3.4 Skematiese uiteensetting .................................................................................... 82

**5.4 Opsomming ........................................................................................ 83**

**HOOFSTUK 6: OPSOMMING, VOORSTELLE EN NADENKE ............................................. 85**

**6.1 Inleiding........................................................................................ 85**

**6.2 Opsomming van bevindinge................................................................. 85**

6.2.1 Die *missio Dei* en die gevolge daarvan............................................................ 85

6.2.2 Generasie Z en die *missio Dei*.......................................................................... 86

6.2.3 Wetgewing en die *missio Dei*........................................................................... 87

6.2.4 Onderwysers se deelname aan die *missio Dei* binne Suid-Afrikaanse skole..... 88

**6.3 Beperkings van studie ........................................................................ 90**

**6.4 Voorstelle vir verdere studie............................................................... 90**

**6.5 Persoonlike nadenke.......................................................................... 90**

**BIBLIOGRAFIE.................................................................................................. 92**

# HOOFSTUK 1: INLEIDING

## 1.1 Agtergrond en probleemstelling

God het ‘n sending; die sending kan verstaan word as God die Vader wat die Seun gestuur het, God die Vader en die Seun wat die Heilige Gees gestuur het en uiteindelik God die Vader, die Seun en die Heilige Gees wat gelowiges gestuur het (Bosch, 2011:399). Sending is dus iets wat in die hart van die drie-enige God begin (McConnell, 2018:2). Regdeur die Bybel is dit duidelik dat die drie-enige God besig is om verlossend te werk in en deur Sy eie mense (McConnell, 2018:3).

Die boodskap is dus duidelik: “Mission is from the heart of God, to each context, and it is carried out in suffering in this world for God’s eternal glory.” *(*Sunquist aangehaal deur McConnell, 2018:19)*.* [Vertaling: Sending is vanuit die hart van God en is op alle kontekste gerig. Dit word uitgevoer in lyding van hierdie wêreld en is tot God se ewige eer.] Die sending van God staan bekend as die *missio Dei*.

Die *missio Dei* het implikasies vir alle gelowiges. Dit impliseer dat niemand ‘n sending van sy eie het nie, maar dat alle gelowiges slegs deelnemers aan die sending van God is. Die *missio Dei* word gesien as ‘n beweging van God na die wêreld, en hiervoor is gelowiges slegs ‘n instrument (Bosch, 2011:399). Bosch verduidelik dat gelowiges se missionale aktiwiteite slegs gewig dra solank dit deelname aan die *misso Dei* weerspieël. Alle gelowiges het die taak om aan die *missio Dei* deel te neem. Hulle moet die wêreld inbeweeg as deelnemers aan die sending van God. Wright (2010:18) reken dat alles wat gelowiges is, sê en doen moet doelbewus in deelname aan die *missio Dei* wees.

Die *missio Dei* is op die hele wêreld gerig en sluit mense van alle tale, kulture, rasse, geslagte, inkomstegroepe en generasies in. Omdat die omvang van die sending so groot is, het elke gelowige ’n verantwoordelikheid om te verseker dat die sending oral uitgeleef word. Hierdie taak moet uitgevoer word as ‘n daad van gehoorsaamheid aan die soewereine God.

Rathbone (2015:2) sê Abraham Kuyper se Neo-Calvinisme beklemtoon die oortuiging dat alle lewe deur God gegee was, daarom is alles onder die soewereine regering van God. Rathbone verduidelik dat hierdie siening voorstel dat die Bybel se invloed na alle sosiale sfere uitgebrei moet word. Die bedoeling is nie dat sekere sosiale sfere oor ander heers nie (bv. die kerk oor skole), maar eerder dat God se soewereine regering in elke sfeer van die samelewing moet funksioneer. Elke gelowige is dus verantwoordelik teenoor God oor die wyse waarop hy/sy in elke

sfeer van die samelewing funksioneer. Die *missio Dei* behoort dus uitgeleef te word in elke sfeer waar ‘n gelowige beweeg as ‘n daad van gehoorsaamheid aan God.

Die studie fokus spesifiek op die deelname van Christenonderwysers aan die *missio Dei* in die skool as samelewingsfeer, veral met betrekking tot die nuutste generasie jeug in Suid-Afrika, Generasie Z. Die vraag wat gestel word is: “Hoe” kan Christenonderwysers, in gehoorsaamheid aan die Here en in deelname aan die *missio Dei*, na dié generasie binne die Suid-Afrikaanse skoolopset uitreik?

Die “hoe” in die vraag behels twee kante: Eerstens, na hoe onderwysers op ‘n praktiese wyse kan deelneem aan die *missio Dei* binne die skoolopset, bv. deur woorde en dade. Dit is hier waar die studie oor Generasie Z se spesifieke kenmerke belangrik is. Die verwysingsraamwerk van hierdie generasie moet in ag geneem word vir ‘n praktiese uitreikstrategie. Tweedens, handel dit spesifiek oor die “hoe” in terme van wetgewing. Die tweede aspek fokus dus op die impak van die samelewingsfeer se regulasies op die praktiese dade van onderwysers: Hoe verander wetgewing die metode waarop onderwysers prakties aan die *missio Dei* deelneem?

Hierdie vraag is belangrik om te ondersoek weens verskeie redes:

Let wel, van die materiaal wat in die studie gebruik word rakende Generasie Z, is op die Verenigde State van Amerika (VSA) gerig. Alhoewel daar ‘n duidelike verskil in konteks tussen Suid-Afrika en die VSA is, is die materiaal steeds van groot belang. Daar is min navorsing beskikbaar oor Afrika-jeug (Knoetze, 2015:1-2), daarom word vergelykings met werke vanaf die VSA getref sodat daar juis meer oor die onderwerp gesê kan word binne ‘n Suid-Afrikaanse konteks. Volgens Knoetze het die teenwoordigheid van allerhande tegnologie ook groter eenvormigheid in die wêreld gebring. Dit dien as verdere motivering vir die gebruik van hierdie materiaal.

Barna Group & Impact 360 Institute (2018:26) sê dat dit duidelik gesien kan word dat Generasie Z nie binne ‘n Christelike kultuur gebore is nie. White (2017:48-49) reken dat een van die grootste kenmerke van die nuutste generasie jeug is dat hulle ‘n post-Christelike generasie is. Hierdie hartseer realiteit word heel moontlik ook in hulle morele waardes gereflekteer. (Aangesien hierdie studie gedoen word vanuit ’n Christelike wêreldbeskouing, sal morele waardes soos voorgeskryf deur die Bybel as vertrekpunt dien.)

Gevalle wat dui op die morele agteruitgaan, word gereeld gerapporteer. Daniel (2018) rapporteer dat geweld binne skole aan die toeneem is. Hy maak melding van verskeie gevalle naamlik: ‘n 15-jarige student wat gearresteer was nadat hy ‘n geweer op sy onderwyser gerig het sowel as ‘n 24-jarige onderwyser wat deur ‘n 17-jarige leerling doodgesteek is. Verder verduidelik Daniel

(2018) dat daar op ‘n weeklikse basis video’s op sosiale media verskyn wat wrede gevegte tussen leerders en soms ook onderwysers ten toon stel, asook waar leerders met mekaar seksuele dade pleeg.

Prinsloo (2006:305) gaan in op die probleem van seksuele teistering binne Suid-Afrikaanse skole. Hy verduidelik dat meer as 30% van skoolmeisies binne die onderrigomgewing verkrag word. Meisies in Suid-Afrikaanse skole word deur manlike leerders en onderwysers seksueel misbruik, verkrag en aangerand. Die nuutste berigte toon dat hierdie probleem steeds in 2022 beduidend aan die groei is. Mdakane (2022) rapporteer 191 gevalle van seksuele misdrywe gepleeg deur onderwysers. Ndlovu (2022) toon dat daar in die laaste drie maande van die jaar 2022 drie en tagtig klagtes van verkragtings binne skole en tersiêre instansies by die polisie gelê is. Dit kan ook verwag word dat hierdie getalle baie hoër is aangesien sulke gevalle baiemaal nie deur slagoffers aangemeld word nie.

Dwelm- en alkoholmisbruik is ‘n verdere probleem onder die Suid-Afrikaanse jeug. Parker (2019) rapporteer dat 80% van sterfgevalle onder jong mans aan alkohol gekoppel kan word. Berigte wys ook dat dwelmmisbruik in laerskole en hoërskole aan die toeneem is. Evans en Wanless (2018) verduidelik dat kinders in Suid-Afrika reeds op 12-jarige ouderdom met dwelms begin eksperimenteer. Dit beteken dat kinders reeds in die laerskool aan dwelms blootgestel word.

Bayaga en Jaysveree (2011:208) verduidelik, na afloop van ‘n empiriese studie rakende die morele toestand van Suid Afrikaanse skole, dat die morele probleem aan ‘n gebrek in waardes toegeskryf kan word. Bayaga en Jaysveree (2011:208) sê dat waardes by leerders ingebou moet word deur ouers, die kerk, die staat en onderwysers.

Dit blyk dus dat ‘n verandering van hart by hierdie generasie nodig is. Hulle moet ook die soewereine regering van God besef en hulle lewens daarvolgens aanpas. Hier is die kwessie van Christenonderwysers se deelname aan die *missio Dei* veral relevant. Indien Christenonderwysers in hulle deelname aan die *missio Dei* kan help dat God se heerskappy in die lewens van Generasie Z gestalte vind, sal dit nie net hulle saligheid dien nie, maar dit kan ook daartoe lei dat hulle beter morele waardes aanneem. Let wel, die klem is om die saligheid van hierdie generasie te verseker en om hulle ook te kry om aan die *missio Dei* deel te neem, beter waardes dien dan as vrug hiervan.

Skole as sosiale sfeer gaan in hierdie studie dien as die primêre plek waar Christenonderwysers kan uitreik na Generasie Z. Juis daarom is dit belangrik om te bespreek hoe Christenonderwysers

binne die perke van die unieke samelewingsfeer reg te werke kan gaan met die taak wat hulle het.

Hier is dit belangrik om te beklemtoon dat die kerk, staat en skole nie dieselfde mandaat het nie, elk verteenwoordig aparte samelewing-sfere. Dit is moontlik dat persone in verskeie sfere kan beweeg. Byvoorbeeld: ‘n Christenonderwyser kan by ‘n plaaslike skool aangestel wees en terselfdertyd aan ‘n plaaslike gemeente behoort. Dit kan dus gebeur dat ‘n Christenonderwyser as gelowige in albei die sfere kan optree sonder dat een sfeer se mandaat oorgeneem word deur ‘n ander. Dit is egter belangrik dat die gelowige altyd binne die perke voorgeskryf deur die spesifieke samelewingsfeer bly en sodoende oorheersing van een sfeer oor die ander voorkom.

Die Departement van Onderwys erken dat religie ‘n waardevolle bydra tot onderrig kan maak, asook dat onderrig ‘n waardevolle bydra tot religie kan maak. Die Departement van Onderwys sê dat publieke skole ‘n opvoedkundige verantwoordelikheid het om onderrig oor verskeie religieë te verskaf asook om dit te bevorder. Dit word wel duidelik gemaak dat dit bevorder moet word op ‘n ander wyse as die religieuse instruksie en opvoeding wat deur huisgesinne en geloofsinstansies, byvoorbeeld kerke, verskaf word (Departement van Onderwys, 2003:2).

Die Departement van Onderwys (2003:7) maak dit ook duidelik dat skole daarteen moet waak om een spesifieke, of ‘n beperkte aantal gelowe te bevorder. Die werk van publieke skole is om leer waaroor religieë gaan, op ‘n manier wat respek bou vir diversiteit (Departement van Onderwys, 2003:7). Ander regulasies geld wel vir privaat skole (Hodgson (2017:189).

Hierdie studie gaan dus die perke soos voorgeskryf deur die skool as samelewingsfeer in ag neem asook evalueer in die omskrywing van Christenonderwysers se deelname aan die *missio Dei* binne die spesifieke samelewing-sfeer.

## 1.2 Stand van huidige navorsing

Deur gebruik te maak van die Noordwes-Universiteit se biblioteekdienste is ‘n soektog geloods wat spesifiek gefokus het op die *missio Dei*, Generasie Z en gelowiges se uitreik tot hulle, religie en onderwys asook wetgewing rakende religie binne Suid-Afrikaanse skole. Bronne vanuit die universiteit se katalogus, verskeie databasisse (bv. EBSCO Host en Google Scholar) asook ander materiaal soos boeke het op die volgende gewys:

Daar is materiaal wat handel oor hoe die ouers en die kerk kan uitreik na jeug. Voorbeelde hiervan is: *Meet Generation Z: Understanding and reaching the new post-Christian world* (2017) deur James E. White; *Gen Z: the culture, beliefs and motivations shaping the next generation* (2018)

deur Barna Group & Impact 360 Institute en *Youth Ministry: An inclusive missional approach* (2018) deur Malan Nel. Die materiaal gee goeie riglyne vir ouers en die kerk vir die uitreik na jeug, maar daar word baie min en in sommige gevalle geen aandag aan onderwysers se unieke rol gegee nie.

Daar is wel materiaal wat uitbrei hoe onderwysers aan die *missio Dei* binne die skoolomgewing kan deelneem. Voorbeelde hiervan is: *Teachers as role models: Teaching character and moral virtues (2008)* deur Angela Lumpkin, *Teachers and the religious socialization of adolescents: Facilitation of meaningful religious identity formation* (2014) deur Maya Cohen-Malayev *et al.* en *God in the classroom* (2012) deur Paul Wicking. Alhoewel hierdie materiaal goeie insig oor die rol van die onderwyser bied, is dit steeds nodig om te bepaal hoe hierdie materiaal van toepassing op die Suid-Afrikaanse konteks asook op Generasie Z is. Aandag moet ook gegee word aan hoe hierdie toegepas kan word binne die perke uiteengesit deur skole as samelewingsfeer en huidige wetgewing.

Daar is verskeie bronne wat die plek van religie in Suid-Afrikaanse skole omskryf. Voorbeelde hiervan is: *Religion and culture in public education in South Africa* (2017) deur Hodgson en *National Education Policy on Religion and Education* (2003) deur die Departement van Onderwys. Die bronne asook ander soortgelyke materiaal gaan geraadpleeg word om die bekend te raak met die perke wat die spesifieke sosiale sfeer en huidige wetgewing stel.

In die soeke na ‘n gepaste wyse om deel te neem aan die *missio Dei* binne die vasgestelde perke is daar materiaal wat goeie insigte kan bied, byvoorbeeld: *Christian attitude in the South African liberal democracy* (2007) deur J.M. Vorster. Bronne wat handel oor Abraham Kuyper se Neo-Calvinisme en sfeersoewereiniteit kan hier ook van belang wees. Voorbeelde hiervan is: *Sphere sovereignty and irreducibility: The ambiguous use of Abraham Kuyper's ideas during the time of apartheid in South Africa* (2015) deur Mark Rathbone en *Whom do you serve? Sphere sovereignty and the need for limits on power* (2018) deur André Schutten.

‘n Ander belangrike saak wat die werke van Abraham Kuyper na vore bring, is die kwessie van Apartheid in Suid-Afrika voor 1994. Daar is ‘n gewilde oortuiging dat Abraham Kuyper een van die ideologiese vaders van Apartheid was (Baskwell, 2006:1269; Rathbone 2015:1). Hierdie saak kan spanning veroorsaak in die gesprek rakende religie binne onderrig in post-Apartheid Suid-Afrika. Hodgson (2017:192) reken dat die Apartheid-regering in Suid-Afrika ‘n beleid rakende religie en opvoeding aangeneem het wat ‘n sekere vorm van Christendom bevorder het. Hodgson (2017:192) sê hierdie spesifieke denkrigting Apartheid en rassediskriminasie bevorder het. Juis

om die rede het die post-Apartheid regering ‘n nuwe beleid rakende religie binne onderwys aangeneem. Dit is dus belangrik om die probleem aan te raak in ‘n latere hoofstuk.

Laastens moet dit ook genoem word dat meeste van die bogenoemde materiaal die relevante kwessies van hierdie studie nie vanuit ‘n missiologiese perspektief aanspreek nie. Hierdie studie kan dus waardevol wees aangesien hierdie sake vanuit die missiologie benader en geëvalueer gaan word.

## 1.3 Navorsingsvraag

Die sentrale navorsingsvraag vir die studie is:

Hoe kan Christenonderwysers, in gehoorsaamheid aan die Here en in deelname aan die *missio Dei*, na die Generasie Z binne Suid-Afrikaanse skole uitreik. Soos reeds vermeld, die “hoe” omvat twee aspekte naamlik: prakties, asook in terme van wetgewing.

### 1.3.1 Subvrae wat voortspruit vanuit die navorsingsvraag

- Wat is die *missio Dei,* en wat is die gevolge daarvan?
- Wie is Generasie Z en waarom is die studie van hulle konteks belangrik vir die *missio Dei*?
- Watter perke stel skole as samelewingsfeer en huidige wetgewing op Christenonderwysers se deelname aan die *missio Dei*?
- Binne die perke vasgestel deur skole as samelewingsfeer en huidige wetgewing, hoe kan Christenonderwysers prakties aan die *missio Dei* deelneem?

## 1.4 Sentrale doelstelling van hierdie studie

Die sentrale doelstelling van die studie is om vas te stel hoe Christenonderwysers in deelname aan die *missio Dei*, kan uitreik na Generasie Z binne Suid-Afrikaanse skole op ‘n praktiese wyse, maar ook binne die perke van wetgewing.

### 1.4.1 Doelstellings wat vanuit die sentrale doelstelling voortspruit

- Om ‘n deeglike omskrywing van die *missio Dei* te gee. In die beskrywing moet die implikasies en gevolge van die *missio Dei* omskryf word.
- Om ‘n deeglike omskrywing te gee van Generasie Z se verskeie eienskappe sodat ‘n praktiese uitreikstrategie vasgestel kan word vir onderwysers se deelname aan die *missio Dei*.
- Om te kyk na spesifieke beperkings en wetgewing rondom religie binne skole en die effekte daarvan op die *missio Dei*.

- Om ‘n praktiese omskrywing te gee oor hoe Christenonderwysers kan deelneem aan die *missio Dei* binne die perke wat deur skole as samelewingsfeer gestel is.

## 1.5 Sentrale teoretiese argument

Christenonderwysers se aktiewe deelname aan die *missio Dei* binne Suid-Afrikaanse skole dien tot Generasie Z se saligheid en roep hulle ook om deel te neem aan die *missio Dei*.

## 1.6 Metodologie

Die hoofnavorsingsvraag en subvrae wat voortspruit vanuit die hoofnavorsingsvraag, gaan deur middel van ‘n krities literêre metode beantwoord word. Volgens Mouton (2001:180) is ‘n omvattende en goed geïntegreerde literêre oorsig noodsaaklik vir enige studie. Mouton (2001:108) sê dit laat mens met ‘n goeie verstaan rakende die kwessies en verskeie gesprekke wat jou veld van ondersoek raak. ‘n Kritiese literêre metode kan dus ‘n goeie teoretiese beskrywing gee van onderwysers se deelname aan die *missio Dei* binne Suid-Afrikaanse skole.

## 1.7 Etiese oorwegings

Aangesien hierdie ‘n literêre studie is, kan dit as ‘n lae risiko studie geklassifiseer word. Daar is egter steeds etiese oorwegings. Volgens Mouton (2001:180) hoort mens by enige literêre studie te waak teen: selektiwiteit met bronne, onregverdige behandeling van outeurs, misverstaan van bronne asook kieskeurige interpretasie om eie standpunt te verdedig. Hierdie is gevaar areas wat altyd in gedagte gehou moet word om ‘n etiese studie te verseker.

Met enige studie is dit ook belangrik om te waak teen plagiaat. Volgens Coetzee (2020:5) is plagiaat die daad waar ‘n ander persoon se werk en idees gereproduseer word en voorgestel word as jou eie sonder om erkenning aan die oorspronklike persoon te gee. “Hierdie daad verteenwoordig akademiese of intellekteuele diefstal” en is ‘n ernstige oortreding in akademiese kringe (Coetzee, 2020:5). Daarom is dit noodsaaklik om altyd die nodige erkenning op ‘n gepaste wyse te gee, soos voorgeskryf deur die instansie waardeur die studie plaasvind.

## 1.8 Hoofstuk uiteensetting

Hoofstuk 1: Inleiding

Hoofstuk 2: Literatuurstudie oor die konsep *missio Dei.*

Hoofstuk 3: Literatuurstudie van Generasie Z en hulle verskeie eienskappe.

Hoofstuk 4: Omskrywing van perke vasgestel deur skole as samelewing-sfeer, huidige wetgewing rakende religie binne skole en die uiteindelike effek daarvan op die *missio Dei*.

Hoofstuk 5: Die soeke na ’n praktiese wyse waarop Christenonderwysers aan die *missio Dei* kan deelneem binne die perke voorgeskryf deur Suid-Afrikaanse skole en huidige wetgewing.

Hoofstuk 6: Opsomming, voorstelle en nadenke

# HOOFSTUK 2: DIE *MISSIO DEI*-KONSEP EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN

## 2.1 Inleiding

Hierdie studie wil duidelikheid gee oor hoe Christenonderwysers na Generasie Z binne Suid-Afrikaanse skole kan uitreik. Hierdie roeping behoort egter as deel van 'n groter taak gesien te word, naamlik die *missio Dei*. Bosch (2011:9155) sê om deel te neem aan sending is om deel te neem aan die beweging van God se liefde tot alle mense. Wright (2010:18) sê verder dat alles wat gelowiges is, sê en doen moet doelbewus in deelname aan die *missio Dei* wees. Die implikasie is dat onderwysers se uitreik na Generasie Z binne Suid-Afrikaanse skole nie as 'n afgesonderde taak gesien moet word nie, maar eerder as deel van die groter sendingtaak van God, naamlik: die *missio Dei*. In liefde reik God ook uit na hierdie generasie. Sy begeerte is dat hulle nie verlore sal gaan nie, maar eerder dat hulle tot bekering sal kom (2 Pet. 3:9). God roep onderwysers om aan die *missio Dei* deel te neem en om God se liefdesdade binne hulle invloedsfeer bekend te maak.

Hierdie hoofstuk poog om verder lig te werp op die *missio Dei*-konsep en die praktiese implikasies daarvan. Die historiese ontwikkeling en verkeerde gebruik van hierdie konsep gaan bespreek word om duidelikheid te gee oor hoe ons sending en hierdie konsep behoort te verstaan. In die omskrywing van die praktiese implikasies van hierdie sending sal daar aandag gegee word aan onderwysers as die mense van God, die liggaam van Christus en as wedergebore en geheilig deur Heilige Gees (Vorster, 2007:254-256). Die bespreking van hierdie konsepte sal bydra tot die verstaan van "hoe" onderwysers prakties aan die *missio Dei* kan deelneem*,* in hulle uitreik na Generasie Z, en binne die wetlike konteks wat die staat daargestel het.

## 2.2 Die *missio Dei* en ons verstaan van sending

In die bespreking van die *missio Dei*-konsep is dit belangrik om te begin by die begin; dit is om te kyk na die historiese ontstaan en ontwikkeling van hierdie konsep. Baie sien geen waarde daarin om die geskiedenis van sekere gebeure en konsepte te ondersoek nie. As dit kom by die *missio Dei*-konsep kan die geskiedenis hiervan nie oorgesien word nie. Dit is omdat die term *missio Dei* 'n paradigmaskuif rakende ons verstaan van sending verteenwoordig.

Bosch (2011:292) verduidelik dat sending voor die ontwikkeling van dié konsep hoofsaaklik verstaan en uitgevoer was as 'n uitsluitlik menslike inisiatief en aktiwiteit. Onder andere was sending verstaan as 'n aktiwiteit waar andere van die ewige oordeel verlos was deur die

verkondiging van die evangelie. Dit was ook verstaan as om die voorregte van die Christelik-Westerse wêreld na die minderbevoorregte Ooste en Suide te bring. Sending was ook verstaan as die uitbreiding van ‘n spesifieke kerkgroep, bv. die uitbreiding van die Rooms-Katolieke kerk. Verder was dit verstaan as die proses waarin die kerk die koninkryk van God binne hierdie wêreld vestig. Binne al hierdie benaderings was die klem op wat die kerk doen en min/geen aandag was gegee aan dit wat God doen nie.

Stetzer (2017:2) en Bosch (2011:291-292) sê gedurende die laaste helfte van die 21ste eeu was daar egter ‘n merkwaardige verandering in denke rakende dié verstaan van sending. Minder klem was op die aktiwiteit van die mens geplaas en meer aandag was aan die aktiwiteit van God gegee. Die fokus het dus na die *missio Dei*, die sendingwerk van God, verskuif.

Alhoewel daar leidrade is dat die *missio Dei*-konsep reeds deur Aurelius Augustinus in die 4de eeu n.C. (Breed, 2014:2) voorgehou was, is die term eers baie later in moderne missiologie gebruik (Engelsviken, 2003:482). Die werk van Augustinus is wel merkwaardig, aangesien sommige redeneer dat hy die denke van moderne teoloë soos Karel Barth, wat ‘n groot rol in die ontwikkeling van die konsep gespeel het, beïnvloed het (Withworth, 2019).

Bosch (2011:292) beskryf die opbou tot die nuwe verstaan van sending in moderne missiologie: Hy sê na die afloop van die Eerste Wêreldoorlog was daar ‘n skuif in teologiese denke rakende sending. ‘n Skuif het plaasgevind wat sending voorgestel het as die inisiatief van God self, eerder as die van mense. Hy wys daarop dat nuwe ontwikkelinge in Bybelse en sistematiese teologie ‘n rol hierin gespeel het.

Bosch (2010:292) en Whitworth (2019) sê dat Karel Barth een van die eerste teoloë was wat sending as ‘n aktiwiteit van God self voorgestel het. Barth het die denkrigting duidelik gemaak by die Brandenberg-sendingskonferensie in 1932 tydens ‘n toespraak wat hy gelewer het. Hierdie gebeurtenis word deur sommige as die begin/Genesis van die *missio Dei*-konsep beskou (Stetzer, 2017:2).

Flett (2010:12) maak die opmerking dat Barth nooit pertinent die term *missio Dei* gebruik het nie en dat hy ook nooit gesê het God is ‘n missionale God nie. Daar word egter wel erken dat sy lesing ‘n kritieke draaipunt in die gesprek oor sending was (Stetzer met verwysing na Flett, 2017:2). In die lig van die bogenoemde is Withworth (2019) se opmerking oor die fokus van Barth belangrik. Withworth sê Barth se fokus was op wat God doen en meer nog, deur die aktiwiteit van God, wat die kerk doen.

Barth se invloed sou ‘n klimaks bereik in 1952 by die *Ecumenical World Missions Conference* in Willingen. Bosch (2011:292) sê dit is juis hier waar die *missio Dei*-gedagte duidelik omskryf is. Daar is voorgehou dat sending deel van die natuur van God is of anders gestel: Sending is deel van God se wese (waaroor meer uitgebrei sal word in punt 2.3 wat handel oor die verkeerde gebruik van die konsep). Flett (2010:11) met verwysing na Johannes Aagaard, sê die Willigen-konferense van 1952 was ‘n aanduiding dat die benadering voorgehou deur Barth in 1932 oor die algemeen erken was.

Dit was ook by die konferensie waar die konsep binne die dogma aangaande die Drie-eenheid geplaas was (Breed, 2014:2). Die Vader het die Seun gestuur, die Vader en die Seun het die Heilige Gees gestuur en laastens het die Vader, Seun en Heilige Gees die kerk gestuur. Die konsep se verbinding met die Drie-eenheid word erken as ‘n baie belangrike ontwikkeling binne die veld van missiologie (Bosch, 2011:292 met verwysing na Aagaard). Vir Engelsviken (2003:482) is die trinitariese verbinding aan sending selfs meer merkwaardig as die opkoms van die *missio Dei*-konsep self. (Sien ook punt 2.3 wat uitbrei oor verbinding van hierdie konsep met die dogma aangaande die Drie-eenheid.)

‘n Ander belangrike persoon in die geskiedenis van die *missio Dei*-konsep is Karel Hartenstein. Engelsviken (2003:482) sê Karel Hartenstein is die eerste persoon wat amptelik die *missio Dei*-konsep gemunt het. Hy het dit gedoen in sy verslag van Willigen in 1952. Engelsviken haal ‘n merkwaardige opmerking van Hartenstein aan wat betrekking het tot die *missio Dei* konsep:

> Mission is not just the conversion of the individual, nor just obedience to the word of the Lord, nor just the obligation to gather in church. It is taking part in the sending of the Son, the missio Dei, with the holistic aim of establishing the Christ’s rule over all redeemed creation. (Hartenstein aangehaal deur Engelsviken, 2003:482)

Die bogenoemde aanhaling van Hartenstein ondersteun dit wat Stetzer (2017:2) en Bosch (2011:291-292) genoem het. Die stelling van Hartenstein bevestig dat minder aandag gegee was aan die aktiwiteit van die mens. Die fokus het na die aktiwiteit van God verskuif en hoe die mens daaraan deelneem.

Georg F. Vicedom is ook ‘n merkwaardige figuur in die geskiedenis van die *missio Dei*-konsep. Sy werk aan die konsep word as merkwaardig beskou aangesien hy die term op ‘n manier ontwikkel het wat meer konsekwent met klassieke missionale denke na Willigen is (Engelsviken, 2003:482). Breed (2014:2) sê dat die gebruik van die term *missio Dei* algemeen was na die vrystelling van Vicedom se boek in 1958. Vicedom, beïnvloed deur Barth, Hartenstein en Willigen, het dit duidelik gemaak dat God die een is wat stuur, maar ook die een is wat gestuur word

(Withworh, 2019). In sy boek *missio Dei* maak Vicedom (1958) duidelik dat sending God se werk is, van die begin tot die einde toe (Engelsviken, 2003:482). God is dus die hoofuitvoerder van sending. Hy maak ook die belangrike opmerking dat die kerk by die sending van God ingetrek word aangesien die kerk as ‘n instrument gebruik word waardeur die sending van God uitgevoer word.

Baie meer kan oor die geskiedenis van die *missio Dei*-konsep gesê word. Dié kort oorsig van geskiedenis wys wel ‘n belangrike draaipunt in die geskiedenis van missiologie uit. Sending is nie meer verstaan as ‘n menslike aktiwiteit nie, dit was nou gesien as die werk van die Drie-enige God. Die fokus van sending was nou op hoe die mens aan die sending van God kan deelneem.

Breed (2014:2) brei uit op die verandering wat ons verstaan van sending ondergaan het. Wat die subjek van sending aanbetref sê hy die benadering het verskuif vanaf ‘n antroposentriese (menslike) of ekklesiosentriese (kerklike) benadering tot ‘n teosentriese (Goddelike) benadering, en wat die objek aanbetref het dit vanaf ‘n ekklesiosentriese benadering na ‘n kosmosentirese (‘n fokus op die ganse skepping) benadering verskuif.

Bosch (2011:292) wys uit dat die *missio Dei*-konsep later deur omtrent alle Christelike oortuigings aanvaar was. Bosch (2011:294) reken dat dit amper onmoontlik is om te dink dat daar ooit ‘n terugkeer na ‘n nouer ekklesiosentriese siening van sending sal wees. Die *missio Dei*-konsep is dus krities vir ons verstaan van sending. Om uit te reik na Generasie Z binne Suid-Afrikaanse skole is daarom nie ‘n taak wat by onderwysers begin nie, hierdie taak begin by God. Gelowiges hoort daarom te vra: “Hoe kan ons deel raak van die sending van God?”. Meer aandag sal hieraan gegee word in die bespreking oor die *missio Dei* en die Bybelse narratief (punt 2.4).

### 2.3 Verkeerde gebruik van die *missio Dei*-konsep

As dit kom by die gebruik van die term *misso Dei* is dit ook belangrik om die konsep *missio Dei* reg te gebruik en om duidelik aan te toon wat daarmee bedoel word:

Breed (2014:1) bevestig dat die *missio Dei* ‘n belangrike term in die gesprek oor die missionale taak van die kerk is. Hy maak wel die belangrike opmerking dat die term nie konsekwent gebruik word nie. Flett (2010:5) verduidelik hoe *missio Dei* ‘n elastiese term geword het wat ‘n groot verskeidenheid betekenismoontlikhede kan akkommodeer. Breed (2014:2) sê dat sommige interpretasies van die *missio Dei* lei tot ‘n nou, eensydige Godsbegrip, en kan dus skadelik in die bediening van die evangelie wees. Hy maak ook duidelik dat sommige interpretasies van die konsep tot ‘n onbybelse benadering tot sending lei.

Daarom sê Breed (2014:1) dat hierdie term nie gebruik moet word sonder om presies aan te dui wat daaronder verstaan word nie. Breed sê aangesien hierdie term met soveel verskillende betekenisse gevul kan word, maak baie in akademiese kringe glad nie meer gebruik daarvan nie. Juis daarom skryf hy sy artikel *'n Kritiese blik op missio Dei in die lig van Efesiërs* (2014) om die wyse aan te toon waarop hierdie term gebruik moet word. Om die korrekte gebruik van die term aan te dui, bespreek hy twee belangrike sake in die *missio Dei*-gesprek: Eerstens dat *missio* aan die wese van God hoort, en tweedens dat *missio* voortvloei vanuit die onderlinge verhouding van die Drie-eenheid. Waaroor dit vir Breed (2014:2) gaan is 'n "deeglike besinning oor en definiëring van die begrippe wat in hierdie gesprek gebruik word".

Die eerste saak het te make met die vraag of sending (*missio*) tot die wese van God hoort en of dit eerder met die dade van God te make het?

Breed (2014:2-3) toon aan dat baie die siening hou dat sending tot die wese van God hoort. Hieruit ontstaan daar egter die gevaar dat God deur een modaliteit, naamlik sending, beskryf word. Dit skep 'n nou begrip van wie God is. Breed sê hierdie siening kan ook tot die gevolgtrekking lei dat God en Sy skepping se uiteindelike doel in die mens en in die wêreld geplaas word. Daarom sê Breed dat die *missio Dei*-konsep eerder gebruik moet word om die ewige raadsplan van die Drie-enige God te beskryf. Dit gaan dus oor die langtermyn bedoeling van God om 'n vernuwe hemel en aarde voort te bring (Goheen, 2011:191). Hierdie ewige raadsplan en bedoeling van God vloei vanuit Sy wese voort en word duidelik gemaak deur die Bybelse narratief.

Die tweede saak het te make met die wyse waarop die *missio Dei* aan die leerstelling aangaande die Drie-eenheid gekoppel word. Breed (2014:3) sê dat daar hier na twee kante gefouteer word.

Eerstens dat die leerstelling as 'n dekmantel vir verskeie leerstellings gebruik word. Flett (2010:48) het 'n soortgelyke oortuiging. Hy sê dat probleme opduik wanneer "sending" 'n trinitariese front skep waaragter 'n verskeidenheid leerstellings die materiële uitwerking van die *missio Dei* bepaal.

Breed (2014:3-4) noem 'n voorbeeld: Hy verduidelik dat daar 'n algemene leer is wat sê "dat die kerk die nie-hiërargiese onderlinge gemeenskap of interaksie binne die Drie-eenheid (Social-Trinity) moet navolg en daarom 'n dinamiese, toeganklike en oop verhouding met die wêreld hoort te hê" (Breed, 2014:3). 'n Ander verkeerde gebruik wat uitlig word, is die oortuiging dat die "missionale leier by God se hede en toekoms, deur verbeelding, moet aansluit" (Breed, 2014:4). Hy verwys na Niemandt (2008:169) wat reken dat berekende onsekerheid en vaagheid behoort

deel van ‘n missionale gemeente te wees, sodoende word daar wegbeweeg van maklike antwoorde op uitdagings. Die gebruik ondersteun dus enige interpretasie van sending en skep ruimte vir ‘n onbybelse benadering tot die belangrike saak.

Die klem moet op die vaagheid van hierdie benaderings geplaas word. Breed (2014:3) onderstreep dat die volle diepte van die onderlinge gemeenskap binne die Drie-eenheid nie ten volle begryp kan word nie. Hierdie geheimenis kan egter nie gebruik word om verskeie verkeerde gebruike te ondersteun nie. Hieroor maak Flett ‘n treffende opmerking: “Sending” failed to refer to the particular actions of the Father, Son, or Spirit, becoming a metaphor indicative of an abstract dynamic vaguely constitutive of the life of the Trinity” (Flett, 2010:49).

Die koppeling van die *missio Dei*-konsep aan die leer aangaande die Drie-eenheid hoort dus met duidelike Bybelse inhoud geakkommodeer te word. Breed (2014:6) verduidelik, aan die hand van die Efesiërsbrief, hoe hierdie konsep in die lig van die Drie-eenheid gesien moet word: “In navolging van God wat heilig is, moet die kind van God ook heilig lewe, gewas in die bloed van Christus en nuut gemaak deur die Heilige Gees, en moet hulle in toewyding aan God groei.”

‘n Tweede probleem in die gesprek rakende die *missio Dei* en die leer aangaande die Drie-eenheid is die wyse waarop hierdie konsep op ‘n beperkte wyse op hierdie dogma gegrond word. Breed (2014:6) sê dat al hoe hierdie konsep dikwels aan hierdie leerstelling gekoppel word is deur die feit dat die Vader die Seun gestuur het, die Vader en die Seun die Heilige Gees gestuur het, en uiteindelik die Vader, Seun en Heilige Gees die kerk gestuur het.

Hierdeur word daar te groot klem op die woord sending (*missio*) geplaas en so word sending die uiteindelike essensie van Bybelse teologie gemaak. Breed (2014:6) verduidelik dat daar ‘n groter waarheid binne die leer opgesluit is wat uiteindelik sterk praktiese implikasies vir die kerk inhou. Aan die hand van die Efesiërsbrief verduidelik hy hoe sending in meer diepte in die leer aangaande die Drie-eenheid gegrond kan word.

Om hierdie diepte aan te toon trek, Breed (2014:6) weereens ‘n lyn na die ewige raadsplan van God. God doen alles in Jesus deur die werking van die Heilige Gees om alles in volmaakte harmonie onder Jesus te verenig. Die Drie-enige God verseker self die suksesvolle verloop van dié plan. Dit bring dan ‘n sekerheid binne die sendingsaak, aangesien die uitkoms nie afhanklik van mensewerk is nie.

Breed (2014:7-9) wys, aan die hand van die Efesiërsbrief, dat die verlossingsdade van God praktiese implikasies op die lewens van gelowiges het. Dit roep hulle tot ‘n lewe van stryd en konfrontasie met die bose magte aangesien die plan van die vyand teenoor God se plan staan

(Breed, 2014:8). Oorwinning in die opsig kan slegs behaal word indien gelowiges die verlossingsdade van God op hulle eie, en ander se lewens van toepassing maak.

Binne die bespreking is dit duidelik dat kritiek teen die spesifieke gebruike van die *missio Dei*-konsep voordelig is vir ‘n deeglik verstaan van dié konsep. Breed (2014) sowel as Flett (2010) skiet nie die gebruik van die term af nie, maar maak dit duidelik dat die term korrek gebruik moet word. ‘n Korrekte gebruik van die term lei tot ‘n dieper verstaan van God asook tot ‘n gepaste Bybelse benadering tot sending.

### 2.4 Die *missio Dei* en die Bybelse narratief

Buiten dat die *missio Dei* konsep belangrik is vir ons verstaan van sending, is dit ook belangrik vir ons verstaan van die Bybel. Die *missio Dei* dien as ‘n hermeneutiese bril wat duidelikheid gee aan die Bybelse verhaal asook oor hoe gelowiges deel raak daarvan.

Goheen (2014:35-36) maak die argument dat die hele Skif ‘n narratief van die *missio Dei* is. Hy lig uit dat daar in die verlede na losstaande tekste gegryp is as bewystekste om sekere sendings-inisiatiewe te verdedig (bv. uitbreiding van Westerse Christendom na die minder bevoorregte Suide). Dieselfde gebruik word deur Wright (2013:21-22) uitgelig. Goheen maak dit egter duidelik dat ons verstaan van sending nie op losstaande tekste gebou moet word nie, maar dat die hele omvang van die Bybelse narratief in ag geneem moet word. Dit is juis omdat die hele Skrif ‘n narratief is van die sending van God.

Dieselfde denkrigting word ook duidelik in die werk van Wright gesien. Wright (2013:22) sê dat die Bybel nie bloot bewys tekste gee vir sending nie, maar eerder dat die Bybel in sy geheel missionaal gerig is. Die totaliteit van die Skrif is dus die produk en getuienis van die sending van God. Wright (2013:29-30) maak hieroor ‘n merkwaardige stelling, hy sê: “Sending is waaroor die Woord van God gaan”. In sy verdediging van die stelling verwys hy na die woorde van Jesus in Lukas 24.

Hy verduidelik dat Jesus eerstens duidelik maak dat Hy die Messias is waarvan die Ou Testamentiese kanon spreek (Lukas 24:27, 44). Wright (2013:22) sê dat Jesus dan verder gaan deur uit te wys dat die Ou Testamentiese kanon nie net ‘n Messiaanse fokus het nie, maar ook ‘n sterk missiologiese fokus. Hierdie missiologiese fokus word duidelik gemaak in Lukas 24:45-47:

> Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan. En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en

> bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder”.

Vanuit die gedeelte kan daar afgelei word dat die hele Ou Testament ‘n narratief van die *missio Dei* is. Dit is juis omdat Jesus bekend maak dat die verkondiging van bekering en vergifnis van sondes in Sy Naam deel vorm van dit wat geskrywe is.

In die lig van Lukas 24:45-47, sê Wright (2013:30) dat die Skrif nie net sy fokus en vervulling vind in die lewe, dood en opstanding van die Messias nie, maar ook in die verkondiging van dié gebeurtenis aan al die nasies. Hy verduidelik dat die verstand van die dissipels oopgemaak is sodat hulle die Skrif sou sien in die lig van die Messias, maar ook in die lig van hulle sending.

Wright (2013:30) neem die argument verder deur te sê dat Paulus se verstaan van die Ou Testamentiese kanon dieselfde dubbele fokus gehad het. Hy verwys na Handelinge 26:22-23:

> Maar omdat ek hulp van God verkry het, staan ek tot vandag toe en getuig aan klein en groot, en spreek niks buiten wat die profete en ook Moses gesê het dat sou gebeur nie: dat die Christus moes ly en die eerste wees uit die opstanding van die dode, en ‘n lig aan die volk en die heidene sou verkondig.

Die gedeelte maak dieselfde dubbel fokus duidelik.

Die bogenoemde dui daarop dat die hele Skrif as ‘n narratief oor die *missio Dei* gelees moet word. Die Ou Testament maak die belofte van die komende lydende Messias. Hierdie belofte kom tot vervulling in die Nuwe Testament wat dui op Jesus as Verlosser deur Sy kruisdood en opstanding. Dit is egter duidelik dat die verlossingswerk van God nie hier opgehou het nie. Hierdie werk gaan voort deur gelowiges wat hierdie verlossingswerk aan al die nasies verkondig. Christenonderwysers in Suid-Afrikaanse skole behoort hulself dus binne hierdie narratief te sien. Hulle word geroep om die verlossingswerk van God aan Generasie Z binne Suid-Afrikaanse skole te verkondig.

### 2.5 Die Implikasies vir Christenonderwysers

In sy boek *A light to the nations: The missional church and the Biblical story* sê Goheen (2011) dat die kerk haar missionale identiteit in die lig van die Bybelse verhaal moet vind. Hy verduidelik dat God se doel en aktiwiteit (wat ook as die *missio Dei* beskryf kan word) daaroor gaan om die totale skepping van die vernietigende krag van sonde te verlos. God roep egter die kerk om aan

hierdie aktiwiteit deel te neem (Goheen, 2011:33). Vir Goheen (2011:4) word die kerk se identiteit gevind in die rol wat sy binne God se verhaal speel, maar ook in die konteks van haar kultuur.

Die kerk sluit dus aan by die eeue oue sending van God, maar verteenwoordig ook die begin van iets nuuts (Goheen, 2011:35). Hulle gaan voort met die sending van God in die konteks van hulle moderne kultuur. Volgens Goheen (2011:193) is die missionale kerk mense wat voortgaan met die sending van Ou Testamentiese Israel, Jesus, asook die sending van die vroeë kerk (Goheen, 2011:35/191-193). Vorster (2007:254) gee aandag aan die rol van die kerk binne Suid-Afrika se demokratiese samelewing. Hy sluit aan by Goheen deur te sê dat die kerk uitgebeeld kan word as die “mense van God”, “die liggaam van Christus” en “die skepsel van die Heilige Gees/wedergebore en geheilig deur die Heilige Gees”. Hierdie metafore brei dus uit op hoe die kerk met die *missio Dei* kan voortgaan binne die konteks waarin sy haarself bevind.

### 2.5.1 Optrede as die mense van God

Vorster (2007:254) sê die mense/volk van God is ‘n konsep gebore in die Ou Testament en word toegeskryf aan die volk Israel weens die unieke verhouding wat hulle met God gehad het. Hierdie spesiale naam gegee aan die volk Israel impliseer ook ‘n spesifieke manier van lewe. Goheen (2011:42) en Vorster verduidelik dat Israel geroep tot ‘n heilige lewe is, dit is ‘n lewe wat ten volle eenkant gesit is vir God se gebruik. In die midde van verskeie heidennasies word Israel groep om op te tree as ‘n priester, iemand wat van die res afgesonder is en wat ten toon stel hoe diens aan God lyk. Hulle behoort te verteenwoordig wat God se oorspronklike bedoeling met die skepping was en meer nog wat Hy aan die einde van Sy verlossingswerk gaan bereik. Die lewe van Israel hoort dus ‘n lig te wees wat andere na God trek (Jes. 49:6).

Die kerk behoort ook haar roeping in die Lig van Israel se roeping te sien. Dit is aangesien sy ook geroep is om heilig in haar hele lewenswandel te wees (1 Pet. 1:15-16), ook so om sout en lig in die wêreld te wees en daardeur andere tot God te trek (Matt. 5:13-16). In hulle deelname aan God se sending, gaan hulle voort met die sending van Israel. As heiliges en vrygemaaktes in die midde van ander nasies (ongelowiges) daag Israel die verskeie afgode van die omliggende nasies uit. In die midde van ander nasies lewe hulle as heiliges volgens die voorskrifte van die Drie-enige God, en sodoende trek hulle ander na Hom (Goheen, 2011:193).

### 2.5.2 Werking as die liggaam van Christus

Vorster (2007:255) wys uit dat die kerk op verskeie plekke binne die Nuwe Testament as die liggaam van Christus uitgebeeld word. Christus word as die Hoof van die liggaam bekend gemaak (Kol. 1:18) en alle gelowiges wat die kerk opmaak word as die lede van die liggaam voorgestel (1

Kor. 6:15). Vorster verduidelik hoe die hoof verantwoordelik is vir die werking van die liggaam, sonder die hoof is die liggaam dood. Die kerk as liggaam van Christus behoort dus gesien te word as die hoofwerktuig waardeur Jesus vandag in die wêreld werk. Aangesien Jesus tans nie in persoon met ons is nie, behoort die kerk met sy werk as die liggaam van Christus voort te gaan.

In hulle deelname aan God se sending, gaan gelowiges met die sending van Jesus voort. Hulle doen dit as 'n "koninkryk gemeenskap" wat lewe as mense wat reeds iets van God se verlossing smaak. Hulle doen dit ook as 'n "kontrasgemeenskap" wat lewe op 'n wyse wat die oorspronklike bedoeling van God met die mens weerspieël. Hulle lewe egter ook as 'n "versamelende gemeenskap" wat andere uitnooi om deel van God se mense te word (Goheen, 2011:194-195).

Knoetze (2015:6-7) sê binne die Afrika-konteks is dit noodsaaklik om God bekend te maak soos Hy homself deur Sy Seun Jesus openbaar. Knoetze maak duidelik dat die fokus op die kruisdood en opstanding van Jesus as 'n liefdesdaad van God behoort te wees. Die Skrif maak duidelik dat God Sy Seun gestuur het sodat verlossing vir alle mense deur Sy kruisdood en opstanding moontlik kan wees (Joh. 3:16). Die verlossingswerk van Jesus beteken dat menslike offers nie meer nodig is om guns by God te verdien nie, maar meer nog dat 'n nuwe identiteit in Christus verkry kan word (2 Kor. 5:17). Hierdie nuwe identiteit laat ook die verlostes met die vermoë en verantwoordelikheid om andere te vergewe (Kol. 3:13). Die kerk wat optree as die liggaam van Christus verkondig dus aan die wêreld die genade en vergifnis te vinde in God.

### 2.5.3 Wedergebore en geheilig deur die Heilige Gees

God het Sy kerk vergader deur Sy Woord en die Heilige Gees. Daarom word die kerk in die Nuwe Testament ook as die tempel van die Heilige Gees bekend gemaak. Volgens Vorster (2007:255) is hierdie 'n aanduiding dat God in die midde van Sy mense woon, net soos in die Ou Testament deur die tabernakel. Vorster sê hierdeur verteenwoordig die kerk 'n deel van die toekomstige bedeling wat na die tweede koms van Jesus in wording gaan tree. Knoetze (2015:7) sluit hierby aan deur te verduidelik dat die Heilige Gees gelowiges in staat stel om 'n nuwe lewe te leef. Deur die krag van die Heilige Gees word gelowiges vernuwe en sodoende verteenwoordig hulle lewens iets van die toekomstige heerskappy van God oor die mensdom (Tit. 3:3-5).

In hulle deelname aan God se sending, gaan hulle voort met die sending van die vroeë kerk. Deur die krag van die Heilige Gees lewe hulle die nuwe lewe gegee deur Jesus uit. Dit is 'n lewe wat ooreenkom met God se oorspronklike bedoeling vir die mensdom, 'n lewe wat 'n voorsmaak van die komende koninkryk van God gee. Hierdie lewe word in die midde van hulle kulturele publieke

lewe uitgeleef. Hierdie lewe word ook met ‘n duidelike roeping geleef, om die goeie nuus aan al die geslagte van die aarde bekend te maak (Goheen, 2011:198-200).

Die kerk se nuwe lewe, gegee deur die Heilige Gees, behoort veral ook positief gesien te word in gelowiges se deelname aan die *missio Dei.* Dit is die Heilige Gees wat binne hulle woon wat hulle roep om die goeie nuus te verkondig asook om vir hulle die krag te gee daarvoor (Jes. 6,61; Hand. 1:8). Dit is die Heilige Gees wat gelowiges troos tydens die dienswerk en hulle in die volle waarheid lei (Joh. 16:7;13). Dit is ook die Heilige Gees wat die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel (Joh. 16:8).

Gelowiges se nuwe lewe deur die Heilige Gees beteken dat hulle met vrymoedigheid die goeie nuus kan oordra, dit aangesien hulle deur die Heilige Gees verander en bekragtig word om so te maak.

### 2.5.4 Die skoolgrond as sendingveld

Die *misso Dei* het dus praktiese implikasies en gevolge vir die kerk vandag, dit is Christenonderwysers ingesluit. Sending is nie net beperk tot die Ou Testamentiese Israel, Jesus se aardse bediening of die kerk van die Nuwe Testament nie. Die kerk vandag is geroep om steeds hulle plek in die verhaal van God, die *missio Dei,* in te neem. Op ‘n ander plek sê Goheen (2014:69) dat God se verhaal vir nou steeds onvoltooid is. Die einde is nog nie bekend gemaak nie en daarom word alle gelowiges uitgenooi om daaraan deel te neem. Onderwysers hoort dus aan te sluit by die sending van Israel, Jesus en die vroeë kerk. Hierdie taak moet ook in die midde van Generasie Z uitgevoer word. In skole behoort onderwysers dus hulle plek binne die *missio De*i in te neem.

Wright (2010:21) maak die ongelukkige realiteit duidelik dat daar in die leefwêreld van kerke dikwels ‘n verkeerde benadering tot sending is. Dikwels word die sendingtaak aan sendelinge oorgegee en die alledaagse lewe van gelowiges as getuies waar hulle werk en leef word oorgesien. Hieroor sê Wright dat God se sending te groot vir “sendelinge” alleen is.

Hy maak duidelik dat elke gelowige behoort binne alle sfere waar hy/sy beweeg aan die sending van God deel te neem. Binne die publieke samelewingsfeer behoort gelowiges konstruktief met hulle verwagte taak te werke te gaan, maar ook om die bose magte wat teenoor God staan te konfronteer (Wright, 2010:290-301). Nel (2018:217) sê God reik uit na die skepping en die mensdom op verskeie maniere, maar hoofsaaklik deur ander mense. Gelowiges se skepping en herskepping maak hulle verantwoordelik teenoor hulle Skepper om as Sy verteenwoordiger op te

tree. Dit is ook hier waar ‘n direkte lyn getrek kan word tussen die oortuiging van Abraham Kuyper rakende sfeersoewereiniteit en die *missio Dei*.

Rathbone (2015:2) verduidelik dat die oortuiging van Kuyper voorhou dat alle lewe deur God gegee is en moet daarom onder Sy soewereine regering uitgeleef word. Hierdie siening hou voor dat die lewe uit verskeie sfere bestaan, bv. die staat, kerk, huisgesin, publieke lewe, ens. Al hierdie sfere kan vrylik funksioneer en in baie gevalle sonder die inmenging van ‘n ander sfeer. Die groot waarheid voorgehou deur Kuyper se sfeersoewereiniteit is dat alle sfere onder die heerskappy van God hoort. Dit beteken dat God se heerskappy deur gelowiges verteenwoordig moet word in elke sfeer waarin hulle beweeg.

Die implikasies van die *missio Dei* vir Christenonderwysers is dus dat hulle in gehoorsaamheid aan die Here moet voorgaan met die sending van Israel, Jesus en die vroeë kerk. Hierdie moet binne elke sfeer waarin hulle beweeg gedoen word, die klaskamer/skoolgrond ingesluit. Generasie Z se saligheid en deelname aan die *missio Dei* sal dan ‘n moontlike vrug van hierdie werk wees.

## 2.6 Opsomming

Hierdie hoofstuk maak duidelik dat die *missio Dei* ‘n nuwe verstaan van sending verteenwoordig. Vroeër was sending as die werk en inisiatief van die mens verstaan. Die fokus het egter na die werk en inisiatief van God verskuif. Sending hoort dus nie as bloot menslike aktiwiteit nie uitgevoer te word, maar eerder as ‘n daad waar alle gelowiges wat die kerk opmaak aan die sending van God deelneem.

Dit is ook duidelik gemaak dat die term *missio Dei* korrek gebruik moet word. Verskeie gevare kom na vore indien hierdie term gebruik word sonder om presies aan te dui wat daarmee bedoel word. Hierdie term moes dus gebruik word om te dui op die langtermyn bedoeling van die Drie-enige God om ‘n vernuwe hemel en aarde voort te bring. Verder behoort hierdie konsep se koppeling aan die dogma aangaande die Drie-eenheid ook met duidelike Bybelse inhoud gevul te word.

Die *missio Dei* dien as sleutel tot ons verstaan van die Bybel. Die Bybelse verhaal beklemtoon God se intensie om die mensdom van die vernietigende krag van sonde te verlos, maar ook dat hierdie verlossingswerk van God aan al die nasies verkondig sal word. Binne hierdie verlossingswerk is elke persoon binne die Drie-eenheid ook besig om op ‘n unieke wyse te werk. Hierdie unieke dade word deur die Bybelse verhaal uitgespel en behoort op elke gelowige se lewe toepaslik gemaak te word. Christenonderwysers raak deel van hierdie sending deur te lewe

as die mense van God, die liggaam van Christus en as wedergebore en geheilig deur die Heilige Gees. So gaan hulle voort met die sending van Israel, Jesus en die vroeë kerk.

Die *missio Dei* het praktiese implikasies en gevolge vir alle gelowiges. Gelowiges behoort in elke aspek van hulle lewens aan die sending van God deel te neem, dit sluit die publieke sfeer van hulle lewens in. Die *missio Dei* raak dus Christenonderwysers wat betrokke in skole is. Ook daar behoort hulle God se verlossingsdade aan Generasie Z bekend te maak, sodat hulle ook binne die koninkryk van God ingetrek kan word.

# HOOFSTUK 3: GENERASIE Z EN DIE *MISSIO DEI*

## 3.1 Inleiding

Hierdie studie ondersoek hoe Christenonderwysers Generasie Z as deel van die *missio Dei* kan bereik. Die "hoe" van hierdie vraag omvat twee aspekte, naamlik: prakties en wetgewend. Wetgewing rondom hierdie kwessie word in die volgende hoofstuk bespreek. Hierdie hoofstuk gaan dus verdere lig op die praktiese aspek werp. Hierdie generasie, met hulle verskeie unieke eienskappe, vra dat nuwe metodes gevolg moet in ons uitreik na hierdie generasie (sien ook Cilliers, 2017:188). Sonder 'n deeglike verstaan van hierdie generasie se eienskappe en leefwêreld is effektiewe evangelisasie nie moontlik nie. Die klem is dus om te kontekstualiseer. Die leefwêreld van Generasie Z word ondersoek sodat daar verstaan kan word hoe om na hierdie generasie uit te reik. Om hierdie generasie se kenmerke en leefwêreld te bestudeer is dus noodsaaklik vir 'n praktiese uitreikstrategie.

In die beskrywing van hierdie generasie se unieke eienskappe is dit egter belangrik om duidelik te maak dat baie materiaal wat hier gebruik word rakende Generasie Z afkomstig van die Verenigde State van Amerika (VSA) is. Die navorser herken dat die konteks van Suid-Afrika verskil van dié van die VSA. Die materiaal vanuit die VSA is wel van groot belang aangesien daar min navorsing oor Afrika-jeug beskikbaar is (Knoetze, 2015:1). Malan Nel (2018:17) bevestig ook hierdie stelling deurdat hy duidelik maak dat daar 'n behoefte is vir empiriese studie gemik op jong volwassenes en kinders binne Suid-Afrika.

Daar moet wel gemerk word dat weens allerhande tegnologie en die wêreld as globale dorpie ("global village"), is daar 'n groter eenvormigheid in wêreldkultuur is as ooit tevore (Knoetze, 2015:2). Hierdie nuwe eenvormigheid kan gebruik word as verdere motivering vir die gebruik van hierdie materiaal. Daar is ook toepaslike navorsing binne die Suid-Afrikaanse konteks wat gebruik gaan word om materiaal vanaf die VSA te ondersteun.

Laastens moet daar genoem word dat die kenmerke toegeskryf aan Generasie Z binne hierdie studie nie beduidend is op alle Generasie Z jeug nie. Knoetze (2015:10) verduidelik dat daar groot diversiteit onder Afrika-jeug is, daarom is dit onmoontlik om hulle as groep te bespreek sonder om te veralgemeen. Hierdie studie gee dus aandag aan breë kwessies wat relevant binne die gesprek oor Generasie Z en Suid-Afrika is.

## 3.2 Wie is Generasie Z en waarom is studie oor die generasie belangrik?

White (2017:37) sê hierdie generasie bestaan uit enige iemand gebore tussen 1995 tot omtrent 2010. Turner (2015:104) sê Generasie Z (ook beskryf as "I-generation" of "net-gen") verwys na jeug gebore in die middel 1990s en laat 2010s. Dit word ook ondersteun deur Singh (2014:59) en Twenge (2017:12) wat dié generasie beskryf as "digital natives" (digitale inboorlinge) gebore tussen 1995-2012. Op grond van die bogenoemde kan Generasie Z beskryf word as die huidige jeug van Suid-Afrika gebore tussen 1995 tot en met 2015.

Hierdie datums is 'n goeie wyse om Generasie Z af te baken. Tog sê White (2017:38) dat sommige reken dat Generasie Z die laaste generasie sal wees waaroor daar gepraat sal word. Die argument is dat kulture so vinnig verander dat dit onmoontlik sal wees om komende generasies van mekaar te onderskei. Om 'n definitiewe "afsnydatum" aan die generasie te koppel kan dus bevraagteken word. Juis daarom, sê White (2017:38-39), is dit belangrik om die laaste, invloedryke generasie te ondersoek.

Die belang om die generasie te ondersoek word ook ondersteun deur die feit dat White (2017), Turner (2015) en Singh (2014) almal vanuit verskeie perspektiewe skryf. White (2017) skryf vanuit 'n teologiese perspektief, Turner (2015) en Twenge (2017) vanuit die veld van sielkunde en Singh (2014) vanuit die ekonomiese en bestuurswetenskappe. Die behoefte om hierdie generasie te ondersoek strek oor verskeie velde binne die akademici en dien as 'n aanduiding van die belang van hierdie generasie.

Turner (2015:111) sê dat beter kennis oor die generasie en hulle verwysingsraamwerk sal help om die gaping tussen jeug, hulle ouers en onderwysers te oorbrug. In die lig van die studie is hierdie 'n belangrike stelling. Kennis rakende die generasie en hulle verwysingsraamwerk kan onderwysers help om, in hulle deelname aan die *missio Dei*, na die generasie uit te reik. Prensky (2001:2) sê die grootste probleem binne die onderwys is dat onderwysers sukkel om te kommunikeer op 'n wyse wat vir die generasie verstaanbaar is. Daarom behoort die konteks van hierdie generasie erken te word sodat die evangelie effektief aan hulle verkondig kan word. Verder sê Knoetze (2015:2) dat indien ons verlang om te gesels oor jeugbediening binne die Afrikakonteks is dit nodig is om uit ons teologiese gemaksone te beweeg en ag te gee op die sosio-ekonomiese werklikheid van hierdie generasie.

Daarom gee die opvolgende besprekingspunte aandag aan die verskeie kenmerke van hierdie generasie:

### 3.3 Digitale inboorlinge "Digital Natives"

Brown (2022) sê hierdie generasie kan nie genoeg kry van TikTok nie. Twenge (2017:8) voeg by dat die generasie met selfone groot geword het, dat hulle 'n Instagram-profiel gehad het voor hulle hoërskool toe was, en dat hulle nie 'n tyd sonder die internet kan onthou nie. Prensky (2001:1) noem hierdie generasie "digital natives" aangesien hulle almal "native speakers" van die digitale taal is. Cilliers (2017:190) sê hierdie is die eerste generasie gebore binne 'n wêreld wat deur die internet en allerhande vorme van tegnologie saamgevoeg was. Barna Group & Impact 360 Institute (2018:15) sluit hierby aan deur hierdie generasie as "screenagers" te beskryf. Dit is weens die groot hoeveelheid tyd wat die generasie met tegnologie spandeer.

Twenge (2017:55) brei uit op statistieke rakende die generasie se tegnologie gebruik. Twenge verwys na statistieke van die VSA. wat aantoon dat *"*seniors*"*, bedoelende Matriekleerlinge, ongeveer 6 ure per dag op hulle selfone spandeer. Statistieke wys ook dat Graad 8-leerders ongeveer dieselfde hoeveelheid tyd op hulle selfone spandeer (± 5ure). Hierdie statistieke wys dat in sommige gevalle jeug meer as dubbel die hoeveelheid tyd aanlyn spandeer as 'n paar jaar terug (Twenge, 2017:58). 'n Ander studie, gedoen deur Rideout *et al.* (2010:11), wys dat jeug tussen die ouderdom van 8-18 jaar ongeveer 7½ ure per dag van elektroniese media gebruik maak. Hulle verduidelik dat dit gelyk is aan 'n volle werksdag. Hulle noem dat anders as formele werk, spandeer jeug nie net vyf dae 'n week aan media nie, maar wel sewe. Dit beteken dat die generasie meer tyd aanlyn spandeer as wat meeste mense werk.

Buiten die astronomiese tyd wat hierdie generasie aan tegnologie spandeer, is dit ook treffend dat jeug van feitlik alle agtergronde deur die digitale realiteit geraak word. Twenge (2017:9) maak die belangrike opmerking dag jeug van 'n lae-inkomste agtergrond net soveel tyd aanlyn spandeer soos dié wat meer hulpbronne tot hulle beskikking het. Twenge (2017:56) sê dat statistieke ook toon dat die hoeveelheid tyd wat die generasie aanlyn spandeer nie verskil onder middel- tot laeklas kringe nie. Sy verduidelik dat selfone 'n einde aan internettoegang op grond van inkomste gebring het.

Rideout *et al.* (2010:37) gee verslag op hoeveel tyd jeug aanlyn spandeer op grond van hulle ouderdom, geslag en ras. Hulle doel is om aan te toon hoeveel die tyd wat die jeug aanlyn bestee, verskil op grond van ouderdom, geslag en ras. Afgesien van die verskil in die tyd van die groepe, bevestig hulle navorsing dat elektroniese media nie diskrimineer nie, alle groeperings jeug word deur die digitale realiteit geraak. Die gebruik van elektroniese media is nie beperk tot 'n spesifieke ouderdom, geslag, ras of inkomstegroep nie, almal word hierdeur geraak.

Afrika-jeug is ook nie uitgesluit uit hierdie digitale realiteit nie. Knoetze (2015:3) sê alhoewel baie in Afrika se landelike gebiede nie toegang tot hierdie tegnologie het nie, is daar steeds baie binne stedelike gebiede wat gebruik maak hiervan. Daar is verskeie statistieke wat hierdie stelling ondersteun: Lama (2020) verduidelik dat ongeveer 40% van Suid-Afrika se populasie aktief van sosiale media-gebruik maak. Dit beteken dat daar in Suid-Afrika ongeveer 22 miljoen aktiewe gebruikers van sosiale media is. Dit gaan gepaard met ‘n ander belangrike statistiek: Wat media gebruik in Suid-Afrika aanbetref, is dit duidelik dat die jeug die grootste gebruikers van sosiale media is. Die ouderdomsgroep tussen 18-24 jaar verteenwoordig 40.4% van Suid-Afrika se media-gebruik, terwyl die ouderdomsgroep tussen 25-34 jaar 47.9% verteenwoordig (Lama, 2020).

Dit beteken dat die ouderdomsgroep tussen 18-34 jaar ongeveer 88.3% van Suid-Afrika se media-gebruik opmaak. Dit is moontlik dat jonger ouderdomme ook sulke ywerige gebruikers van sosiale media is. Hierdie stelling word op grond van ‘n grafiek gepubliseer deur Galal (2021) gemaak wat wys dat die aantal sosiale media gebruikers in Suid-Afrika aan die toeneem is. Volgens die grafiek het ongeveer 20,23 miljoen Suid-Afrikaners van sosiale media in 2017 gebruik gemaak. Hierdie grafiek voorspel dat hierdie getal in 2025 na 39,15 miljoen sal styg, ‘n groei van ongeveer 18,92 miljoen mense. Verskeie faktore kan bydra tot die groei, byvoorbeeld populasiegroei. ‘n Ander moontlikheid is wel dat die jonger generasies meer betrokke sal wees met media as vorige generasies.

Cilliers (2017:191-194) het ‘n empiriese studie gedoen rakende die tegnologiese voorkeure van derdejaar stads- en streeksbeplanningstudente by die Noordwes-Universiteit (NWU). In 2011, 2013 en 2015 was vraelyste aan Generasie X-studente gegee, maar in 2016 was vraelyste vir die eerste keer aan Generasie Z-studente gegee. Hierdie vraelyste het getoon dat 100% van die leerders ‘n rekenaar en ‘n selfoon besit het en het dié vir sosiale media gebruik. Hierdie vraelyste het ook duidelik gemaak dat die gebruik van sosiale media toegeneem het. In 2013 en 2015 het ongeveer 93,5% studente van Facebook gebruik gemaak, maar in 2016 het 100% van die studente Facebook gebruik.

Al (100%) die studente het ook vermeld dat hulle van WhatsApp gebruik maak om studiemateriaal by hulle klasmaats te kry asook om met hulle dosente te kommunikeer. Hierdie is ook ‘n aanduiding van hoe prominent elektroniese kommunikasie is in die lewens van Generasie Z is. Turner (2015:104) sê weens die teenwoordigheid van tegnologie het hierdie generasie gewoond geraak om te kommunikeer in ‘n wêreld wat ten alle tye verbind is.

Daar kan dus nie gepraat word oor Generasie Z sonder om aandag te gee aan die tegnologiese realiteit waarin hulle hulself bevind nie. Jong mense van verskeie ouderdomme, geslagte, inkomste groepe en nasionaliteite (Suid-Afrika ingesluit) word deur hierdie realiteit geraak. Tegnologie het 'n definitiewe impak op hierdie generasie. Twenge (2017:9) verduidelik dat die teenwoordigheid van digitale tegnologie 'n invloed op elke aspek van die generasie se lewens gehad het, van hulle sosiale aktiwiteit tot by hulle geestesgesondheid. Die verskeie maniere waarop tegnologie hierdie generasie affekteer gaan nou in die volgende punte bespreek word:

### 3.3.1 Inneem en verwerking van inligting

Barna Group & Impact 360 Institute (2018:15) sê die oortuiging van Prensky (2001) en verskeie ander is dat die teenwoordigheid van tegnologie 'n merkwaardige impak het op hoe die generasie inligting inneem en verwerk. Twenge (2017:64-69) verduidelik dat die aantal tyd wat hierdie generasie aan tegnologie spandeer, wegneem van die hoeveelheid tyd wat hulle met boeke spandeer. Hierdie tegnologie bevorder korter konsentrasie en het direkte gevolge op hulle akademiese prestasie. Dit kan duidelik gesien word in die afname van akademiese prestasie onder hierdie generasie. Twenge reken dat kort-konsentrasie en ongeduld wat hierdie tegnologie bevorder, 'n direkte invloed op die VSA se ekonomie het. Hierdie kwessie is moontlik ook problematies vir die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Barna Group & Impact 360 Institute (2018:16) sê dat tegnologie gebruik moontlik onomkeerbare skade aan jongmense se breins verrig. Turner (2015:110) sluit hierby aan deur te sê dat hoë volumes tegnologiegebruik die potensiaal het om neurologiese ontwikkeling te ontwrig. Turner noem verskeie voorbeelde: lang ure agter die televisie onder 1-3-jariges word aan 'n hoër kans vir konsentrasieprobleme gekoppel. Die "Google-metode" van leer, waar antwoorde binne sekondes gekry word affekteer ook konsentrasie.

Tegnologie het gemaak dat hierdie generasie inligting op 'n vinnige en onsamehangende wyse inneem en uitdeel. Turner wys ook uit dat hierdie tegnologie tot 'n nuwe norm genoem "afwesige teenwoordigheid" gelei het, bedoelende terwyl jongmense op 'n fisiese plek is, is hulle aandag in 'n digitale wêreld. Laastens wys Brown (2022) op navorsing vanuit China wat bevind het dat depressie, angs en spanning veroorsaak deur TikTok-verslawing aan swakkerwerkende geheue vir tieners gekoppel is.

### 3.3.2 Geestesgesondheid en fisiese veiligheid

Twenge (2017:82,88) verwys na opnames waaruit korrelasies tussen geluk en elektroniese media-gebruik getrek kan word. Die opnames wys dat jeug wat baie tyd aan elektroniese media

spandeer meer geneig is om ongelukkig te wees. Twenge verduidelik dat hier geen uitsondering gemaak kan word nie, alle interaksie met elektroniese media word gekoppel aan ‘n groter geneigdheid om ongelukkig te wees (vgl. Boulifi, 2021). Verder verbind Twenge die gebruik van elektroniese media met depressie. Sy sê dit is hier waar die gebruik van elektroniese media fisies gevaarlik raak aangesien depressie daartoe kan lei dat iemand selfmoord oorweeg. Opnames in die VSA wys dat om meer as drie ure per dag van elektroniese media gebruik te maak, kan lei tot ‘n 35% groter geneigdheid om selfmoord te pleeg (Twenge, 2017:28).

Selfmoord onder jeug in Suid-Afrika is ook aan die toeneem. Konco (2021) vewys na ‘n onlangse opname van SADAG (South African Depression and Anxiety Group) wat toon dat ongeveer 9% van alle sterftes onder jeug die gevolg van selfmoord is en dat hierdie getal aan die toeneem is. Statistieke wys ook dat selfmoord die tweede mees algemene oorsaak van sterftes onder mense tussen die ouderdom van 15 tot 29 jaar is. Buiten dit toon die statistieke ook dat sommige kinders so jonk as ses selfmoordneigings toon (Konco, 2021).

Alhoewel daar geen absolute rede gegee kan word vir die hoë selfmoordsyfers onder jeug binne Suid-Afrika nie, word daar wel verwys na sommige faktore wat daartoe bydra. Hierdie faktore is: geestesongesteldheid, alleenheid, boelie, akademiese druk en ‘n geskiedenis van seksuele en fisiese mishandeling (Konco, 2021). Merkwaardig dat hierdie faktore ‘n sterk kontakpunt met elektroniese media het:

Meer tyd met elektroniese media lei tot ‘n groter kans om ongelukkig te wees en uiteindelik depressie (Barna Group & Impact 360 Institute, 2018:19; Twenge, 2017:82, 88). Meer tyd met elektroniese media beteken minder tyd vir sosiale interaksie, alleenheid is die uiteindelike resultaat (Bhoulifi, 2021; Twenge, 2017:101). Barna Group & Impact 360 Institute verduidelik hoe jongmense maklik gevoelens van verwerping kan beleef a.g.v. sosiale media: Indien hulle nie uitgenooi word na ‘n sosiale byeenkoms nie, is hulle ten volle bewus daarvan aangesien talle bewyse van die byeenkoms, soos foto’s, op sosiale media verskyn.

Sosiale media dwing mense om slegs die positiewe aspekte van hulle lewens te deel. Boulifi (2021) sê hierdie gebruik druk jongmense om dan hulle lewens met ander s’n te vergelyk wat lei tot groot ontevredenheid. Brown (2022) sluit hierby aan deur te sê dat TikTok ‘n funksie het wat toelaat dat gebruikers op verskeie maniere op andere se publikasies (“posts”) kan reageer. Dit kan angs veroorsaak onder jongmense aangesien hulle gedruk voel om meer en beter publikasies te maak. Hierdie druk ook jeug om aan gevaarlike aanlynuitdagings deel te neem soos die “cinnamon challenge”, “choking game” en die “Kiki challenge”. Hierdie uitdagings is in baie gevalle lewensgevaarlik.

Elektroniese media is ook die primêre plek waar jeug van vandag geboelie word (Barna Group & Impact 360 Institute, 2018:20; Twenge, 2017:90). Meer skrikwekkend is dat Suid-Afrika val onder die top vyf lande ter wêreld as dit kom by aanlynboelie. Indien jongmense iets plaas op sosiale media, stel hulle hulself oop vir talle aanvallende opmerkings. Brown (2022) verduidelik dat in sommige gevalle gebruikers meer as een aanlynprofiel skep, net sodat hulle andere op 'n erger wyse kan treiter. Die persoon wat die plasing gemaak het, dink dus dat hy vanuit verskeie oorde afgekraak word. Verder maak Brown die skokkende waarheid duidelik dat baie jongmense op TikTok selfs aangemoedig word om selfmoord te pleeg. Dit gebeur nadat jongmense baie persoonlike en sensitiewe inligting oor hulself gedeel het.

### 3.3.3 Tegnologie en die *missio Dei*

Die teenwoordigheid van allerhande tegnologie het 'n definitiewe impak op Generasie Z en die *missio Dei*. Dit vra dat die evangelie op nuwe wyses aan hierdie generasie oorgedra word. Buiten dit, het die kerk ook die verantwoordelikheid om gesonde tegnologiegebruik aan hierdie generasie te leer. Hierdie verantwoordelikheid is weens die negatiewe effekte wat ongereguleerde tegnologie op hierdie generasie het.

Cilliers (2017:195) verduidelik dat hierdie generasie 'n leeromgewing verlang waar kitsinformasie en visuele vorme van leer beoefen word. White (2017:115) verduidelik dat die mens se algemene aandagspan van 12 sekondes tot 8.25 sekondes geval het. (Dit is terloops .75 sekondes minder as die van goudvisse wat 'n nege sekonde aandagspan het. Dit dien ook as moontlike aanduiding van die skade wat tegnologie aan jongmense se breins verrig.) White verduidelik dat dit beteken dat dit wat ons wil oordra, in korter, meer "peuselhappiegrotes" oorgedra moet word. Dit is juis omdat Generasie Z gewoond is om op sulke wyse te kommunikeer.

Cilliers (2017:195) sê verder dat hierdie generasie eerder interaksie as kommunikasie verlang. Hierdie realiteit moet in ag geneem word in uitreik na hierdie generasie. Dit dui moontlik ook op die belang van dissipelskap in die uitreik na hierdie generasie. Deur dissipelskap word daar 'n pad saam met die leerders gestap. Gedurende die reis ontvang hulle nodige inligting rakende die evangelie en terselfdertyd ontvang hulle die interaksie wat hulle verlang. Hierdie wys ook dat onderwysers se bystand aan jongmense wat aanlyn geboelie word, gebruik kan word om die evangelie aan hulle te verkondig. Deur hulle in hierdie opsig by te staan kan hulle die liefde van Christus ervaar wat hulle ook kan roep om Hom as Heer oor hulle lewens aan te neem.

## 3.4 Diversiteit en gelykheid

Barna Group & Impact 360 Institute (2018:34) en Boulifi (2021) sê dat baie van Generasie Z binne diverse familiestrukture grootgeword het (vgl. Bhengu, 2021), waar tradisionele geslagsrolle nie die norm is nie. Hierdie nuwe familiestrukture laat ook meer ruimte om voorheen taboe onderwerpe soos seksuele oriëntasie te bespreek. Verder verduidelik Barna Group & Impact 360 Institute en Boulifi dat hierdie generasie merkwaardige sosiale veranderinge, soos die wettiglike goedkeuring van homoseksuele huwelike, aanskou het.

Hierdie faktore het daartoe gelei dat hierdie generasie gelykheid op alle fronte verlang. Hierdie generasie word geken aan hulle diversiteit en hulle strewe vir gelyke geleenthede vir alle mense. Daarom sien mens dat hierdie generasie baklei vir kwessies soos geslagsgelykheid, nie-rassigheid en LGBTQ+ (*lesbian, gay, bisexual, transgender and queer/questioning en alle ander gemeenskappe*) regte. Hierdie generasie se strewe na gelykheid en diverse samestelling bring verskeie kwessies na vore wat in moet in ag geneem moet word vir effektiewe evangelisasie:

### 3.4.1 Nie-rassigheid

Empiriese navorsing gedoen binne Suid-Afrika deur Deloitte (2021:2) wys dat hierdie generasie glo dat diskriminasie volop is, en dit heel moontlik die gevolg van sistemiese rassisme is. Hulle glo dat die onderwyssisteem, regstelsel, regering en plaaslike besighede nie genoeg doen om hierdie kwessies te bestry nie. Hulle glo wel dat aktiviste hulle beste doen om hierdie tendens teen te staan.

‘n Voorbeeld van so ‘n aktivis is Zulaikha Patel. Sy is in 2002 gebore wat haar deel van Suid-Afrika se Generasie Z maak. Patel het haar hoërskool se beleid teengestaan wat gevra het dat sy en ander studente hulle “Afro” en “dreadlock” haarstyle moes verander. Haar woorde was: “Asking me to change my hair is like asking me to erase my blackness” (TFG Media, 2020). In ‘n ander onderhoud, waar sy uitbrei op die situasie, het sy die volgende gesê: “I found myself in unbearable conditions in which I was no longer able to breathe and I found myself with no other choice but to resist” (Bhengu, 2021). Hierdie uitsprake bevestig hierdie generasie se behoefte om rassediskriminasie tot ‘n einde te bring.

Hieroor maak Barna Group & Impact 360 Institute (2018:74) ‘n interessante waarneming. Hy reken dat kerke in die VSA oor die algemeen ‘n gebrek aan etniese diversiteit het, daarom kan die kerk moontlik ‘n struikelblok vir hierdie diverse generasie wees. Binne Suid-Afrika kan dieselfde gesê word: Naidoo (2021) sê dat die sosiale verdeeldheid binne die Suid-Afrikaanse samelewing steeds duidelik binne kerke gesien kan word. Sy verduidelik dat baie kerke steeds

mono-kultureel (bedoellende "alles wit" of "alles swart") is. Sy is van mening dat hierdie kerke dan as eksklusief en ontoeganklik voorkom. Dit druis direk teen Generasie Z se diverse en inklusiewe leefwêreld in en kan 'n rede wees waarom so baie jongmense die kerk verlaat (cf. Van As, 2020:1).

### 3.4.2 LGBTQ+

White (2017:46) sê hierdie generasie se sterk geneigdheid om andere te aanvaar lei ook tot 'n sterk ondersteuning vir homoseksuele huwelike en transseksuele ("transgender") regte. Twenge (2017:230) sluit hierby aan deur te sê dat die groter meerderheid van hierdie generasie geen fout daarmee sien as mense van dieselfde geslag trou nie. Barna Group & Impact 360 Institute (2018:46) wys uit dat ongeveer die helfte van hierdie generasie glo dat hulle geslag by geboorte nie bepalend is vir hulle seksuele identiteit nie. Bedoelende, indien 'n persoon as 'n man gebore word, kan hy later besluit dat hy as 'n vrou identifiseer en sy identiteit dan daarvolgens aanpas. Geslag by geboorte is dus nie vir hierdie generasie 'n bepalende faktor nie. Barna & Impact 360 Institute sê dat hierdie generasie eerder glo dat geslag bepaal word deur hoe 'n persoon voel of hoe die samelewing hulle beskou.

Hierdie generasie word groot in 'n era waar die LGBTQ+-beweging op die voorgrond is. In hulle leeftyd het voormalige Olimpiese atleet en realiteit TV-ster, Bruce Jenner, sy geslag verander en staan nou as Caitlyn Jenner bekend (White, 2017:42). Twenge (2017:229-230) sê dat hierdie generasie grootgeword het met televisieprogramme waarin verskeie homoseksuele, lesbiese en transseksuele tienerkarakters verskyn het. Dit blyk of hierdie publieke figure 'n sterk invloed op Generasie Z gemaak het. Die sterk teenwoordigheid van hierdie beweging op alle vorme van media is moontlik waarom Generasie Z sulke sterk assosiasie daarmee het (vgl. Del Castillo & Sarmiento, 2022:14).

Binne Suid-Afrika is dieselfde tendens duidelik. Mueni (2019) sê Suid-Afrika is een van die min lande in Afrika wat verdraagsaam tenoor die LGBTQ+-gemeenskap is. Sy verduidelik dat daar 'n toename aan mense wat "uitkom" (om jou seksuele identiteit met andere te deel) is. Mueni (2019) wys uit dat binne Suid-Afrika daar verskeie bekendes is wat juis dit gedoen het. Onder die verskeie name wat genoem word, word daar ook na 'n sekere Generasie Z-bekende verwys: Thulasizwe Dambuza 'n bekende publieke figuur met 2.3 miljoen volgelinge op Facebook, 1.4 miljoen op Instagram, 1.5 miljoen op Twitter en 1.6 miljoen op TikTok. Op die TikTok-platform het sy video's 12 miljoen "likes", verder het video's wat ander gebruikers oor Thulasizwe geplaas het, meer as 430 duisend kyke op die platform (g*etalle gekry Mei 2022*).

In ‘n onderhoud, gevoer deur Masweneng (2017), praat Thulasizwe oor sy seksuele identiteit as ‘n homoseksuele man en die verskeie uitdagings wat daarmee gepaard gaan binne Suid-Afrika. Hy verduidelik hoe hy sonder ‘n pa wat betrokke is in sy lewe, groot geword het en hoe dit hom gelei het om sy vroulike kant te omhels. Thulasizwe het dus ‘n direkte assosiasie met die LGBTQ+-gemeenskap binne Suid-Afrika. Gegee die groot aantal volgelinge van Thulasizwe op sosiale media en die feit dat meeste gebruikers van sosiale media binne Suid-Afrika jeug is (sien punt 3.3), kan die geldige afleiding gemaak word dat LGBTQ+-regte binne Suid-Afrika deur baie jeug as positief beskou en aanvaar word.

Hierdie LGBTQ+-beweging binne Suid-Afrika het ook ‘n duidelike impak op die *missio Dei* en die kerk. Van As (2020:4) ondersoek die tendens van jong Suid-Afrikaners wat die kerk verlaat en gee praktiese riglyne aan ouers om hierdie tendens teen te staan. Van As (2020:8-10) het gebruik gemaak van fokusgroepbesprekings om lig te werp op hierdie onderwerp. Binne een van die fokusgroepbesprekings het dit duidelik geword dat een van die redes waarom jongmense die kerk verlaat is weens verwarring oor LGBTQ+-kwessies en die kerk.

Van As (2020:68-67,129-130) verduidelik dat baie kerke homoseksuele verhoudings en trans-seksualiteit as sondige gebruike beskou het. Dit was verdedig aan die hand van die Bybel en daar was gereeld teen sulke gebruike gepreek, maar intussen het baie kerke hulle siening hieroor verander. Hierdie kerke het dus hierdie gebruike begin goed praat onderwyl hulle steeds van dieselfde Bybel gebruik gemaak het. Dit het baie van die jonger generasie verward gelaat en die indruk geskep dat die kerk onseker is oor dit wat sy glo en as gevolg hiervan het baie van die jonger generasie die kerk begin wantrou. Van As maak ‘n oproep aan die kerk om deeglike en Skriftuurlike verduidelikings te gee wanneer groot veranderinge rakende leerstellings gemaak word. Verder behoort sulke besluite nie as gevolg van politieke en sosiale druk geneem te word nie.

Die opmerking van Van As (2020:129) wat duidelik maak dat die kerk vir baie jare gepreek het dat homoseksuele verhoudings en trans-seksualiteit verkeerd is ook belangrik om in ag te neem. Hierdie generasie verlang gelykheid op alle gebiede en is bereid om hiervoor te baklei (Twenge, 2017:229). Baie van hierdie generasie kan dus vyandig wees teenoor die kerk as gevolg van haar oortuigings rakende LGBTQ+-regte. Hieroor maak White (2017:91-95) ‘n belangrike stelling. In die lig van hierdie generasie se aanvaardende aard sê hy dat hierdie generasie aanvaarding aan goedkeuring gelyk stel. Hieroor sê White dat die krag van die kerk nie in die assimilasie van kultuur lê nie, maar eerder in die verandering daarvan. Hierdie gebruik gaan nie altyd populêr

wees nie en kan ook tot vervolging lei. Van As beskou dit as positief, aangesien die kerk juis in tye van vervolging sterk groei beleef.

### 3.4.3 Diversiteit, gelykheid en die *missio Dei*

'n Ander probleem wat voortspruit vanuit Generasie Z se inklusiewe en aanvaarbare kultuur is hulle begeerte om nie andere se gevoelens seer te maak nie (Barna Group & Impact 360 Institute, 2018:27-28). Hulle verduidelik dat daar baie plekke in die VSA is waar daar sogenaamde "trigger warnings" is. Hierdie waarskuwings kan wees by 'n werkswinkel aangebied by 'n skool of by 'n sekere film wat vertoon word. Binne hierdie werkswinkels en films gaan idees bespreek word wat andere van ander oortuigings se gevoelens moontlik seer kan maak, daarom word daar waarskuwings geplaas sodat die individue dit kan vermy.

Dit is nie net problematies vir die breë samelewing nie, aangesien idees nie vrylik bespreek kan word nie, maar ook vir onderwysers wat die evangelie wil deel. Indien 'n onderwyser sy/haar geloof binne die klaskamer bespreek, kan dit moontlik tot aanstoot vir 'n Generasie Z leerder wees. Een van die gevolge hiervan is dat baie onderwysers nie die vrymoedigheid het om die evangelie te deel nie. Die kwessie hoort egter nie gebruik te word as rede om nie aan die *missio Dei* deel te neem nie. Dit vra bloot dat onderwysers taktvol omgaan met die verkondiging van die evangelie binne die klaskamer. 1 Petrus 3:15 kan hier as benadering gebruik word. Christene moet altyd bereid wees om verantwoording te doen aangaande die hoop wat in hulle is, hierdie moet egter gedoen word met "sagmoedigheid en vrees".

## 3.5 Onseker leefwêreld

### 3.5.1 Finansiële druk

Generasie Z het binne 'n onsekere leefwêreld grootgeword. Hulle het grootgeword gedurende die groot resessie (2007-2008) en het gesien hoe hulle ouers sukkel om 'n lewe te maak (White, 2017:39). As gevolg hiervan is baie van hierdie generasie oor finansiële sekuriteit besorg. Daarom sien ons dat hierdie generasie baie waarde heg aan geld spaar, goeie beleggings en 'n stabiele werk. Barna Group & Impact 360 Institute (2018:38,40,53,55) wys ook op die waarde wat hierdie generasie aan goeie opvoeding heg. Hulle begeer om 'n goeie opvoeding te kry, sodat hulle kan kwalifiseer vir 'n werk wat voldoen aan hulle finansiële behoeftes. Dit is dus duidelik dat hierdie generasie voel dat hulle beheer oor hulle eie toekoms moet neem. Dit is veral ook duidelik vanuit hierdie generasie se geneigdheid om hulle eie besighede te wil skep om hulself te onderhou (Barna Group & Impact 360 Institute, 2018:29; Boulfi, 2021; White, 2017:39).

Binne Suid-Afrika is dieselfde tendens duidelik. Deloitte (2021:2) gee verskeie belangrike statistieke. Hulle wys uit finansies en die hoop op toekomstige werksgeleenthede 'n grootliks tot hierdie generasie se stresvlakke bydra. Hulle sê dat ongeveer 50% duidelik gemaak het dat hulle amper heeltyd gespanne voel, twee derdes het gesê dat hulle gereeld oor hulle finansiële situasie besorg is. Die hoofbekommernis was egter onsekerheid oor toekomstige werksgeleenthede. 'n Geldige bekommernis aangesien 47.8% van Suid-Afrika se jeug werkloos is (SAnews, 2022). Hierdie kwessie word ook gekoppel aan die teenwoordigheid van armoede binne Suid-Afrika asook die res van die wêreld.

Barna Group & Impact 360 Instiute (2018:104) verduidelik dat hierdie generasie se soeke na finansiële sukses 'n moontlike struikelblok kan wees in die uitreik na hierdie generasie. Hulle verduidelik dat daar niks inherent verkeerd is daarmee om genoeg geld te hê vir nodige behoeftes nie. Daar is wel 'n groot gevaar as die strewe na rykdom die primêre doel in die lewe is. Die Nuwe Testament maak duidelik dat so 'n uitkyk vernietigende gevolge het (2 Tim. 6:10). Hierdie generasie behoort dus geleer en gewys te word dat die Here voorsien. Die waarheid rakende die Here se voorsiening is 'n teenmiddel vir geldgierigheid (Heb. 13:5).

### 3.5.2 Siekte

Siekte is ook 'n wesenlike kwessie by hierdie generasie. Knoetze (2015:2) sê dat in 2007 het ongeveer 3 200 000 jongmense in Afrika besuide die Sahara met HIV geleef. Verder moet daar gemerk word dat meer as een uit twee sterftes onder jong Afrikadames die gevolg is van VIGS of VIGS-verbande komplikasies. HIV/VIGS is egter nie die enigste gesondheidskwessies wat Afrika-jeug teister nie. Ander siektes soos tuberkulose, griep ("influenza") en die onlangse opkoms van COVID-19 is ook prominent en gevaarlik vir baie Suid-Afrikaanse jeug. Knoetze maak die hartseer realiteit duidelik dat daar elke dag 37 000 jongmense aan voorkombare en armoede-verwante siektes sterf.

### 3.5.3 Geweld

Buiten die finansiële krisis waarin hierdie generasie grootgeword het, sê Barna Group & Impact 360 Institute (2018:29 en White (2017:39) dat van hierdie generasie nie 'n tyd van vrede kan onthou nie. Dit is aangesien baie van generasie na die gebeure van 9/11 gebore is. Barna Group & Impact 360 Institute sê as gevolg hiervan is hierdie generasie wantrouig oor die toekoms. Vorster (2007:ix) maak ook duidelik dat die gebeure van 9/11 baie mense oor religie wantrouig kan maak, aangesien hierdie gebeure aan godsdienstige gebruike gekoppel kan word.

Alhoewel baie oorloë in die wêreld nie Suid-Afrika direk raak nie, kan daar steeds geredeneer word dat dit wel 'n impak op Suid-Afrika se Generasie Z jeug het. Die Russiese inval van die Oekraïne vroeg in 2022 kan as praktiese voorbeeld gebruik word. Morena (2022) sê Suid-Afrika is nie van hierdie oorlog se gevolge vrygespreek nie. Morena verduidelik hoe hierdie oorlog tot hoër petrolpryse kan lei. Buiten die skade wat dit aan die ekonomie verrig, verhoog dit ook die algehele lewenskoste. Voedseltekort is 'n ander moontlikheid aangesien Suid-Afrika baie graan invoer vanaf Rusland en Oekraïne wat moontlik Generasie Z binne Suid-Afrika se negatiewe uitkyk op die toekoms kan vererger.

Ander sake soos geweld teen vroue en seksuele teistering is verdere kwessies wat hier genoem moet word. Cornelius (2013:174) sê geweld teen vroue is nie iets ongewoon nie, maar 'n endemie wat alle samelewings raak, insluitend Suid-Afrika. Cornelius wys uit dat hierdie geweld nie net vroue raak nie, maar dat dit ook 'n sterk, lewenslange impak op hulle kinders het. Seksuele teistering is 'n verdere probleem. Prinsloo (2006:305) sê dat meer as 30% van jong meisies binne die skoolomgewing verkrag word. Hy verduidelik dat hierdie meisies deur manlike onderwysers en leerder seksueel misbruik, verkrag en aangerand word.

Brown (2022) noem iets wat hier van belang is. Sy sê een van die gevare van die sosiale mediaplatform TikTok is dat baie jongmense aan onvanpaste seksuele en gewelddadige inhoud blootgestel word. Barna Group & Impact 360 Institute (2018:35) bevestig ook dat pornografie alomteenwoordig in die digitale wêreld van Generasie Z is en dat gebruike soos "sexting" (seksuele praatjies op sosiale mediaplatvorms) algemeen onder hierdie generasie is. Hulle verduidelik dat jongmense al hoe meer deur die digitale realiteit gevorm word. Die teenwoordigheid van pornografie speel dus 'n sterk rol in die formering van hierdie generasie se seksuele norme en waardes. Buiten dat dit 'n groot rol kan speel in die LGBTQ+-beweging binne Suid-Afrika, moet dit ook in ag geneem word as dit kom by geweld teen vroue en seksuele teistering binne skole. Jongmense kry onrealistiese verwagtings as dit kom by die huwelik en seks, hierdie frustrasies word dan in geweld omgeskakel.

#### 3.5.4 Klimaatsverandering

Die sogenaamde klimaatprobleem binne die wêreld is 'n verdere struikelblok vir Generasie Z. Boulifi (2021) sê aangesien hierdie generasie soveel tyd aanlyn spandeer, het dit hulle meer bewus van prominente kwessies, soos klimaatsverandering, gemaak. Deloitte (2021:2) sê in Suid-Afrika is klimaat Generasie Z se eerste prioriteit. Dit word ook deur Louw (2021) bevestig wat sê dat daar 'n hele nuwe generasie jeugaktiviste in Afrika is wat vir die klimaatprobleem baklei. Louw gaan dan voort om 'n lys te gee van tien sulke aktiviste binne Afrika.

‘n Prominente Generasie Z klimaataktivis op die wêreldtoneel is Greta Thunberg. Haar woorde oor die klimaatkwessie gee aanduiding van Generasie Z se bekommernis oor die saak. Haar woorde by die VN klimaatkonferensie was as volg: “You have stolen my dreams and my childhood with your empty words…We are in the beginning of a mass extinction, and all you can talk about is money, and fairy tales of eternal economic growth. How dare you!” (Tikkanen, 2022).

### 3.5.5 Verslawingsmiddels

Verslawingsmiddels soos alkohol en verskeie ander dwelmmiddels is ongelukkig ook kwessies wat aangeraak moet word:

Materiaal vanaf die VSA toon dat hierdie generasie minder geneig is tot alkoholgebruik as vorige generasies (Barna Group & Impact 360 Institute, 2018:14; Twenge, 2017:150-151). Binne Suid-Afrika blyk dit egter nie die geval nie. Seggie (2012:587) sê dat Suid-Afrika ‘n harddrinkende land is. Sy rapporteer dat Suid-Afrikaners meer as vyf biljoen liter alkohol jaarliks gebruik, dit is gelykstaande aan nege tot tien liter suiwer alkohol per persoon. Volgens haar plaas die Wêreldgesondheidsorganisasie (WHO) Suid-Afrika onder die topverbruikers van alkohol ter wêreld. Seggie sê dat alkoholisme onder Suid-Afrika se jeug veral ‘n bekommernis is. Sy wys op verskeie opnames wat toon dat alkoholgebruik onder Suid-Afrika se jeug algemeen is, en dat die getalle met ouderdom toeneem. Sy sê redes vir alkoholgebruik sluit in groepsdruk, ‘n slegte huisomgewing en maklike toegang weens die algemene toeganklikheid en bekostigbaarheid van die produkte.

Seggie (2012:587) gee ook aandag aan die sosiale kostes wat hiermee gepaard gaan. Dit sluit in moord, aanranding, verkragting, inbrake, huishoudelike geweld, geweld en seksuele oortredings teenoor kinders, padsterftes, onveilige en losbandige seks wat lei tot die verspreiding van seksuele oordraagbare siektes, kinderverwaarlosing en skool-stokkiesdraai.

Dwelmgebruik is ook ‘n ernstige probleem onder hierdie generasie. Twenge (2017:151) wys uit dat baie jeug in die VSA gereelde gebruik van dagga veiliger as ketting-drinkery beskou. Van Zyl (2013:581) sê dat daar geen omvattende nasionale opname vir dwelmgebruik binne Suid-Afrika is nie. Tog maak hy duidelik dat hierdie tendens breedvoerig gerapporteer word. ‘n Voorbeeld hiervan is Daniel (2018) wat aandag aan die gebruik van dwelms binne Suid-Afrikaanse skole gee. Hy gee die skrikwekkende statistiek wat duidelik maak dat dwelms meer algemeen onder laerskool leerders in die Wes-Kaap geword het. Talle ander voorbeelde word ook genoem deur van Zyl.

Van Zyl (2013:582-586) gee aandag aan die verskeie redes waarom dwelmmisbruik binne Suid-Afrika so algemeen is. Hy gee redes soos: groepsdruk, swak rolmodelle, beskikbaarheid, ‘n gebrek aan waardes, werkloosheid en geweld. In die lig van hierdie studie, maak Van Zyl ‘n belangrike opmerking. Hy sê dat skole as ‘n logiese vertrekpunt dien in die geveg teen dwelmmisbruik onder Suid-Afrikaanse jeug. Hy redeneer dat onderwysers asook leerders in staat is om groot verandering mee te bring aangesien hulle ‘n effek op groepsdruk asook ouergedrag kan hê. Hy bespreek ook die rol van beheerliggame. Volgens hom kan beheerliggame spesifieke leerders in leierskapposisies aanstel om so ‘n positiewe invloed op ander leerders te hê. Beheerliggame kan ook direk saam met ouers werk om hierdie probleem teen te staan.

Bayaga en Jaysveree (2011:207) gee ‘n aanhaling van ‘n leerder waarmee hulle onderhoud gevoer het wat hier van belang is: “My teachers also know I drink. Some of them drink with me.” Dit is dus ook belangrik om na die gedrag van sekere onderwysers te kyk. Indien die stryd teen verslawingsmiddels gewen wil word, kan sulke gedrag nie geduld word nie. Beheerliggame van skole moet van sulke gedrag kennis neem en dit dan op ‘n gepaste wyse hanteer. Verder moet onderwysers ook bewus van hulle eie gedrag wees aangesien dit skadelike gevolge kan hê.

### 3.5.6 Generasie Z se onsekere leefwêreld in die lig van die *missio Dei*

White (2017:39) wat kyk na die wêreld waarbinne hierdie generasie grootword, sê dit is geen wonder dat films soos *The Hunger Games* en *Divergent* populêr onder hierdie generasie is nie. Albei hierdie films beeld ‘n donker toekoms uit en Generasie Z vind sterk aanklank hierby. Weens die finansiële stryd en die teenwoordigheid van siekte, geweld en sogenaamde klimaatkwessies blyk hulle toekoms vir hulle ook donker. Dit is hier waar die *missio Dei* relevant vir hierdie generasie is. 1 Korintiërs 15:19 maak duidelik dat die hoop te vinde in Christus nie net gekoppel aan hierdie leeftyd is nie, maar wel aan ‘n ewige lewe. Die jonger generasie het nodig om van hierdie hoop te hoor!

Knoetze (2015:2) gaan verder met hierdie kwessie. Hy verduidelik dat as dit kom by die omstandighede waarin jongmense hulself bevind is die probleem nie altyd om in God te glo nie. Die probleem is eerder om te glo dat God teenwoordig is en ‘n verskil in hulle lewens wil maak.

Dit is hier waar die kerk se verantwoordelikheid duidelik is. Soos uitgewys deur Knoetze is baie van die hoofstroomkerke deel van die rykste 20% binne die Afrikakontinent. Hierdie hulpbronne kan en moet gebruik word om na hierdie generasie in nood uit te reik (vgl. Vorster 2007:70-72). Baie hulp kan verleen word as dit kom by siektes, hongersnood en ander finansiële moeilikheid. Buiten die finansiële hulp, kan die kerk ‘n verdere rol speel in die ondersteuning van jong mense

wat mishandel en seksueel misbruik word. Onderwysers in hulle deelname aan die *missio Dei* kan ‘n baie positiewe rol hier speel, aangesien hulle dikwels ‘n sterk aanvoeling vir die leerders se behoeftes het. Deur moeite te doen met die leerder in nood kan hulle sout en lig binne die skoolomgewing wees en so jongmense na Jesus trek.

### 3.6 Postmoderne kultuur

Nel (2018:99) beskryf die mens as ‘n kulturele produk. Dit is omdat elke mens binne ‘n spesifieke kultuur gebore word wat nie deur hom-/haarself is gekies word nie. Om hierdie kultuur te bestudeer is nie ‘n maklike taak nie, aangesien daar baie kulture met verskeie invloede teenwoordig in ‘n samelewing kan wees (Nel, 2018:100). Alhoewel die studie van kultuur uitdagend is, is dit steeds noodsaaklik. Nel reken dat ons toegewyde studente van kultuur behoort te wees. Verder verduidelik hy dat sommige kulturele tendense noodsaaklik vir ons begronding van jeugbediening is. Juis daarom kan die kulturele invloed op Generasie Z nie oorgesien word in die omskrywing van die generasie se unieke kenmerke nie.

Nel (2018:101-121) wat skryf vanuit ‘n Suid-Afrikaanse perspektief, gee aandag aan die opkoms van postmodernisme. Let wel dat hierdie studie nie aandag gee aan die volle omvang van postmodernisme nie. Soos duidelik gemaak deur Nel, is hierdie veld baie kompleks en steeds aan die ontwikkel. Sommige aspekte van hierdie denkwyse gaan wel aandag geniet, aangesien dit relevant is vir hierdie studie.

Nel (2018:101-121) sê hierdie denkwyse bevorder subjektiwiteit, bevraagteken alles en laat geen plek vir absolute waarheid nie. Dit is ‘n denkwyse wat oop vir verskeie idees en sienswyses is. Nel reken dat hierdie kultuur die ideale omstandighede vir die outonome mens skep, bedoelende die mens met sy eie vryheid van wil en gedagtes. Verder verduidelik hy dat hierdie kultuur ‘n verskeidenheid ander tendense insluit. Onder andere: ‘n sekulêre houding (‘n aanname dat die mens sonder God kan oorleef), moderne heidendom (die mens neem homself as sy eie god aan, asook ander gode wat in sy diens staan), die skeiding van die publieke en private sfeer van die lewe (geloof raak ‘n private stokperdjie) en laastens materialisme (materiële eiendom word as die grootste bron van geluk beskou).

Daar kan selfs geredeneer word dat die bogenoemde tendense (eienskappe van Generasie Z) die vrug van die postmoderne denkwyse is. Hierdie generasie se behoefte om beheer te neem oor hulle eie toekoms (3.5.1), onsekerheid oor hulle seksuele identiteit (biologiese geslag het geen sê daarop nie), hulle kan dus nie hulle eie liggame vertrou nie (sien 3.4.2) asook ‘n groter terugtrek na die privaat sfeer, as gevolg allerhande tegnologie, is voorbeelde hiervan. Suid-Afrika

se morele verval, soos bespreek aan die begin van hierdie studie, is ‘n verdere gevolg van hierdie denkwyse.

Barna Group & Impact 360 Institute (2018:5) sê dat net 34% van Generasie Z glo dat jok immoreel is. Hulle sê dit dui op ‘n kultuur wat verward oor morele en spirituele waarhede is. Bayaga en Jaysveree (2011:207) wat ‘n empiriese ondersoek rakende die morele waardes van Suid-Afrika se jeug ingestel het, ondersteun die stelling van Barna & Impact 360 Institute. Vanuit Bayaga en Jaysveree se onderhoude het dit duidelik geword dat leerders praktyke soos rook, alkoholgebruik en die betrokkenheid aan seksuele dade aan “veranderde tye” toegeskryf het. Die een leerder het gesê:

> My mother is not moving with the times. She wants to raise me the same way she was raised. She grew up in the sixties. We are now in 2008. Things have changed. Everyone drinks; it’s not even unusual anymore. My dad knows I drink, but there’s nothing he can do about it.

Die opkoms van postmodernisme en morele verval het dus ‘n direkte verbinding met mekaar.

### 3.6.1 Post-Christelik

Buiten dié effekte, wys studies vanuit die VSA op ‘n ander gevolg van die denkwyse. White (2017:18-21) praat van die opkoms van ‘n nuwe era. Hy reken dat die VSA (en moontlik die hele wêreld) hulself by ‘n kritiese draaipunt in die geskiedenis bevind. ‘n Nuwe tendens ontstaan waar daar nie meer ‘n begeerte is om te soek na ‘n hoër krag nie. ‘n Sekulêre kultuur is aan die opkom wat enige gedagte van ‘n opperheerser bloot ignoreer. Volgens White is die Westerse wêreld nou post-Christelik. Hy reken dat funksionele ateïsme nou aan die aan die orde is. Funksionele ateïsme gaan verder as om net die gedagte van God te verwerp, dit gaan oor ‘n leefwyse wat Hom heeltemal ignoreer. Mense leef dus asof daar nie ‘n God is nie.

Twenge (2017:125-131) sluit aan by die gesprek deur te sê dat Generasie Z binne die VSA binne ‘n era grootgeword het waarin dit makliker is om religieuse oortuigings te verwerp. Vanuit haar navorsing is dit baie duidelik dat hierdie generasie “minder gelowig” is as dié wat voor hulle gekom het. Daar is dus ‘n opkoms van jongmense wat leef asof daar nie ‘n God is nie. White (2017:21-23) praat van die opkoms van “nones”, bedoelende mense wat met geen spesifieke geloof identifiseer nie. Volgens hom is hierdie die grootste “religieuse” groepering binne die VSA, en hulle getalle is sterk aan die groei. Hy sê verder dat hierdie tendens nie aan ras, geslag, opvoeding of geografiese ligging gekoppel is nie, hierdie gebeur orals. Moderne heidendom en ‘n sekulêre houding, soos beskryf deur Nel (2018:114-117), as tendense van die postmoderne denkwyse is dus duidelik.

Dit het ‘n direkte impak op die Christelike geloof en die *missio Dei*. Van As (2020:1) gee aandag aan die groot aantal jongmense wat die kerk verlaat en die Christelike geloof verwerp. White (2017:22) sê dit is skrikwekkend dat die aantal “nones” aan die groei is, maar meer nog dat die aantal toegewyde Christene aan die afneem is. White (2017) en Vorster (2007:1) maak wel die opmerking dat die Christendom steeds wêreldwyd aan die groei is, veral in die Suidelike Halfrond. Vorster is ook van mening dat die opkoms van hierdie beweging nie impliseer dat die hele wêreld post-religieus is nie. Hierdie statistiek kan gebruik word om die redenasie van die Christendom se afsterwe in die lig van die postmoderne denkwyse af te skiet. White beklemtoon egter dat die val van die Christendom in die Westerse wêreld nie oorgesien kan word nie. Dit kan ‘n aanduiding wees van toekomstige gebeure vir die nie-Westerse wêreld, Suid-Afrika ingesluit.

### 3.6.2 Postmodernisme en die *missio Dei*

Die opkoms van postmodernisme bring verskeie uitdagings tot die *missio Dei*. Barna Group & Impact 360 Institute (2018:103-104) verduidelik dat Christendom en Generasie Z twee uiterstes is as dit kom by abstrakte kennis. Christene dra die oortuiging dat God geken kan word deur Sy openbaring in die skepping, Bybel en Jesus Christus. Christene aanvaar die Bybel as gesagvol. Waarheid kan dus geken word, want dit word deur God geopenbaar en bepaal. Vir Generasie Z is daar egter onsekerheid oor waarheid. Hulle verduidelik dat hierdie generasie maklik sekulêre idees asook idees wat vyandig is teenoor die Christendom aanvaar aangesien hulle aannames rakende waarheid op hulle eie idees gebaseer is.

Nel (2018:108) maak wel ‘n positiewe opmerking met betrekking tot die postmoderne denkwyse en Generasie Z. Hy reken dat postmodernisme die kerk ‘n goeie geleentheid gee om God te dien en te verteenwoordig. Binne hierdie realiteit het die kerk steeds die voorreg om die boodskap van Jesus te verkondig wat ‘n hele generasie kan verryk, genees en red. Nel beskryf die vervreemding wat hierdie generasie beleef. Dit is ‘n generasie wat verlang na goedkeuring, lojaliteit en gesonde verhoudings met ander. Die kerk kan dus die generasie aangaande waarheid van Jesus oortuig deur bloot net daar te wees vir hulle. Deur die kerk wat daar is vir hulle, kan hulle inherent beleef dat God ook daar is vir hulle. Barna Group & Impact 360 Institute (2018:106) sê ten spyte van hierdie generasie se idees rakende waarheid mag hulle steeds op ‘n besonderse wyse oop wees om God te beleef.

In die midde van die postmoderne denkwyse het hierdie generasie nodig om God te beleef. Die kerk het dus nie nodig om van allerhande vermaak en slim argumente gebruik te maak om hierdie generasie te bereik nie (LW: argumente wat die Christelike geloof verdedig is steeds van belang aangesien dit gelowiges se geloof versterk). Hierdie generasie het nodig om ware godsdiens

binne die kerk raak te sien. Deur die werking van die kerk behoort hierdie generasie die waarheid aangaande God en Sy verlossingsplan te beleef. Daardeur het die kerk deur sy lidmate (wat onderwysers insluit) steeds die unieke geleentheid om na hierdie generasie uit te reik as deel van die *missio Dei*.

### 3.7 Uitreik na Generasie Z

Die bogenoemde het duidelik gemaak dat daar verskeie uitdagings is in die uitreik na Generasie Z as deel van die *missio Dei*. Hierdie generasie leef in ‘n nuwe wêreld, met unieke uitdagings. Om die klassieke verstaan van sending as voorbeeld te gebruik kan daar gesê word om uit te reik na hierdie generasie is soos om na mense in ‘n vreemde land te gaan: Hierdie generasie leef in ‘n wêreld onbekend aan ons, hulle praat ‘n ander taal, hulle het ander gebruike en hulle verstaan die wêreld anders as ons.

Hieroor maak Barna Group & Impact 360 Institute (2018:107) ‘n positiewe opmerking. Hulle verduidelik dat die kerk baie ondervinding het om juis die evangelie in sulke omstandighede te verkondig. Jesus se belofte in Handelinge 1:8 wys dat die krag wat die kerk sou ontvang om die evangelie te verkondig, nie net effektief sal wees binne die naby, omliggende dele waaraan hulle gewoond is nie (Jerusalem, Judéa en Samaria), maar ook dat hulle sal help om die evangelie tot aan die uiterste van die aarde te verkondig. Dit beteken dat hulle in staat sal wees om die evangelie te verkondig aan vreemde nasies met gebruike anders as die waaraan hulle gewoond is. Dit gee dus ook hoop vir die uitreik na Generasie Z.

Barna Group & Impact 360 Institute (2018:107) sê egter dat die kerk sal moet aanpas sodat hulle op ‘n gepaste manier met die vreemde nasie kan kommunikeer. Anders gestel: Kontekstualisasie is noodsaaklik vir die kerk se uitreik tot hierdie generasie. Die kerk moet hierdie generasie ontmoet binne die konteks waarbinne hul hulself bevind, sodat hulle die goeie nuus aan hulle kan oordra.

White (2017:110) sluit hierby aan deur die voorbeeld van ‘n Handelinge 2-benadering vs. ‘n Handelinge 17-benadering te gebruik. In Handelinge 2 praat Petrus met Jode wat reeds ‘n sterk agtergrond van die Ou Testamentiese gebeure het. Hulle het geweet van die skepping, Adam en Eva, die sondeval, Abraham en Israel as uitverkore volk, Moses en die wet asook die profete en die belofte van die komende Messias. Petrus het dus net nodig gehad om die waarheid by te voeg van Jesus as die beloofde Messias wat hulle verlos van hulle sondes en die noodsaak vir hulle om hulself tot Hom te bekeer.

In Handelinge 17 was daar egter ‘n ander benadering nodig. Paulus bevind homself in die Areópagus, ‘n plek waar waarheid relatief was en waar verskeie wêreldbeskouings en godsdienstige gebruike op die voorgrond was. Hierdie mense het geen agtergrond gehad van God se plan deur die Ou Testament nie, daarom gebruik Paulus die altaar aan ‘n onbekende god as vertrekpunt om die evangelie te deel. Hy was in ‘n ander wêreld, daarom het hy van ‘n ander benadering gebruik`gemaak om na hierdie groep mense uit te reik.

Paulus het dus die groep mense waarmee hy die evangelie gedeel het se agtergrond in ag geneem. Hy het ook ‘n relatiewe aanknopingspunt gebruik om hierdie mense se aandag te vang en sodoende effektief die evangelie te verkondig. White (2017:111), Barna Group & Impact 360 Institute (2018:107) reken dat ons vandag juis dit met Generasie Z moet doen. Die verskeie kenmerke, soos voorheen bespreek, moet in ag geneem word in die uitreik na hierdie generasie. Omtrent al hierdie kenmerke kan ook as aanknopingspunte in die verkondiging van die evangelie aan hierdie generasie gebruik word.

Barna Group & Impact 360 Institute (2018:9, 97, 107) neem hierdie argument deur middel van die beeld van ‘n digitale Babilonië. Die Jode was in ballingskap geneem en was toe ballinge in ‘n vreemde land. Vir die groep om getrou te bly aan die Here was dit noodsaaklik dat hulle by ‘n nuwe realiteit aanpas. Hulle moes opnuut dink wat dit beteken om hulle geloof te beoefen waar daar nie meer ‘n tempel, die episentrum van hulle geloof, was nie. Die roeping was dus nie om soos Babilonië te word nie, maar eerder om die Here in Babilonië te bly dien en steeds daar as die mense van God te leef. Dieselfde beginsel is vandag ook op toepassing van Christene. Soortgelyk aan die Jode in Babiloniese ballingskap in die sesde eeu v.G.J., bevind Christene hulself nie meer in Jerusalem vol mense met dieselfde kultuur en godsdiens nie. Omstandighede het verander en dit vra Christene om na te dink oor hoe hulle die Here binne dié nuwe wêreld kan dien.

Barna Group & Impact 360 Institute (2018:107) sê om dissipels te maak van Generasie Z is ‘n tweerigtingdinamiek naamlik: Geloof in die lig van kultuur, kultuur in die lig van geloof. Daarmee bedoel hulle dat die wyse waarop ons Christus volg word beïnvloed deur die kultuur wat vandag heers, maar ook hoort die heersende kultuur verander te word in ons navolging van Christus. Ouers, geestelike leiers en onderwysers hoort dus jong mense te leer hoe Christus gevolg kan word binne hierdie heersende kultuur, asook hoe kultuur deur hulle verander kan word.

Barna Group & Impact 360 Institute (2018:97,107) en White (2017:111) gee aandag aan die belang van wêreldbeeld dissipelskap. Hulle reken dat geestelike leiers, ouers en onderwysers moet ophou probeer om jongmense met vermaak na die Here te lei. Hulle verduidelik dat hierdie

generasie nodig het om ingelig en begelei te word oor die basiese aspekte van die Christelike geloof, naamlik: “Dit is ‘n Bybel”; “Dit is waaroor die Bybel gaan”; “Daar is ‘n God”; “Waarheid bestaan”; “Dit is hoe die wêreld is”; “Dit is jou plek binne die wêreld”; “Dit is hoe Jesus werk binne die wêreld asook binne jou lewe”. Barna Group & Impact 360 Insitiute (2018) en White (2017) maak ook duidelik dat daar nie net gewerk word sodat hierdie waarhede verstaan word nie, maak ook dat Generasie Z sal weet hoe om dit binne hierdie post-Christelike kultuur toe te pas. Dit is ook hier waar die morele probleem onder Suid-Afrikaanse jeug aangespreek kan word. Indien jongmense besef dat hulle verantwoordelik voor die Here behoort te leef, sal dit ‘n definitiewe impak op hulle morele waardes hê.

Van As (2020), White (2017) en Barna Group & Impact 360 Institute (2018) gee aandag aan die belangrike rol wat ouers en die kerk binne hierdie taak kan speel. Gebruike soos dissipelskap en ‘n heilige leefwyse is kwessies wat binne hierdie gesprekke na vore kom. Barna Group & Impact 360 Institute noem egter ook dat onderwysers ook van groot belang binne hierdie taak is. Alhoewel hulle nie aandag gee aan hoe dit deur onderwysers binne Suid-Afrika gedoen kan word nie, is hulle opmerking steeds van belang en onderstreep dit die noodsaak van onderwysers in God se uitreik na Generasie Z.

### 3.8 Opsomming

Die doel van hierdie hoofstuk was om Generasie Z en hulle eienskappe te ondersoek sodat daar aan ‘n praktiese uitreikstrategie tot hierdie generasie gewerk kan word. Generasie Z was voorgehou as die laaste generasie waaroor daar gepraat sal word. Dit is weens die spoed waarteen kulture verander asook die eenvormigheid in die wêreld weens allerhande tegnologie. Hierdie, gekoppel met die feit dat Generasie Z deur verskeie akademiese dissiplines bestudeer word, beklemtoon die belang van hierdie generasie. Binne die veld missiologie is dit ook noodsaaklik om hierdie generasie as deel van die *missio Dei* te bestudeer. ‘n Deeglike verstaan van die generasie en hulle verwysingsraamwerk help die kerk tot ‘n praktiese uitreikstrategie.

In die bestudering van hierdie generasie het verskeie kenmerke na vore gekom:

Hierdie generasie is digitale inboorlinge, hulle ken nie ‘n wêreld sonder tegnologie nie. Jong mense van alle ouderdomme, geslagte, rasse en inkomstegroepe word deur hierdie digitale realiteit geraak. Die hoeveelheid tyd wat hulle spandeer aan die tegnologie is opvallend. Ongelukkig het die buitensporige gebruik van die tegnologie verskeie negatiewe gevolge. Dit het ‘n negatiewe invloed op die leergewoontes van jongmense, en raak ook hulle geestesgesondheid. Hierdie digitale realiteit vra dat die kerk die evangelie in peuselhappiegrotes moet oordra. Meer

nog, laat dit die kerk met die verantwoordelikheid om hierdie generasie in die midde van geestesongesteldheid by te staan.

Diversiteit en die strewe vir gelykheid is ook kenmerkend aan hierdie generasie, dit is heel moontlik weens die diverse wêreld waarin hulle grootgeword het. Hierdie generasie se strewe na gelykheid word veral gesien in hulle stryd teen rassisme en hulle aanvaarding van LGBTQ+-regte. Hierdie kwessies het ‘n definitiewe impak op hoe hierdie generasie die kerk aanskou en het in sommige gevalle gelei dat jongmense die kerk verlaat. Hierdie afdeling het egter duidelik gemaak dat die kerk nie haar standpunte moet verander om by sosiale verandering aan te pas nie. Verandering is slegs aanvaarbaar indien dit by die Woord as riglyn bly. Verder verlang groot veranderinge skriftuurlike verklarings om verwarring te vermy. Die belang vir onderwysers om taktvol om te gaan met die verkondiging van die evangelie binne die klaskamer was hier ook onderstreep.

Die onsekere leefwêreld waarin hierdie generasie opgroei is ook ‘n belangrike saak om te merk. Finansiële krisis, siekte, fisiese en seksuele geweld, die sogenaamde klimaatkwessie en verslawingskwessies is wesenlike probleme waarmee hierdie generasie moet lewe. Hierdie het ‘n definitiewe invloed op hoe jongmense die toekoms aanskou. Bekende films soos *The Hunger Games* en *Divergent* is films wat baie gewild onder dié generasie was. Hierdie films dien as aanduiding dat jongmense aanklank vind by die distopiese toekoms wat in hierdie films uitgebeeld word. Hierdie onsekere leefwêreld het gelowiges gelaat met die verantwoordelikheid om die hoop van die Christelike geloof aan hierdie generasie oor te dra. Die oordra van kennis is egter nie al wat hulle verlang nie, hulle verlang ook in baie gevalle materiële en/of emosionele bystand.

Die opkoms van postmodernisme is ook uiters relevant. Hierdie denkwyse bevorder subjektiwiteit en bevorder ‘n leefstyl wat die oortuiging dra dat die mens sonder God kan leef. Hierdie denkwyse het ook ‘n definitiewe korrelasie met die verskeie kenmerke van Generasie Z asook met hulle morele waardes. Hierdie denkwyse onderstreep egter die belang van ware godsdiens onder gelowiges. Deur ware godsdiens sal jongmense die waarheid aangaande die Here beleef en sodoende gedryf word om Hom as Heer aan te neem.

Die verskeie kenmerke bring baie uitdagings na vore as dit kom by uitreik na hierdie generasie. Om die evangelie te verkondig aan hierdie generasie is soos om na ‘n vreemde land met vreemde mense te gaan. Om suksesvol te wees in hierdie taak, behoort gelowiges aan te pas sodat hulle met hierdie generasie kan kommunikeer. ‘n Benadering wat hierdie generasie se agtergrond en leefwêreld in ag neem behoort gebruik te word. Hierdie benadering behoort ook daarna te streef om hierdie generasie te leer hoe hulle Christus in hierdie nuwe wêreld kan volg, en ook daardeur

‘n effek op die huidige kultuur te hê. Hierdie gebruik/proses kan as wêreldbeelddissipelskap opgesom word. Dit blyk na die sleutel tot uitreik na Generasie Z as deel van die *missio Dei*.

# HOOFSTUK 4: BEPERKINGS OP DIE *MISSIO DEI* BINNE SUID-AFRIKAANSE SKOLE

## 4.1 Inleiding

Hierdie studie redeneer dat Christenonderwysers se deelname aan die *missio Dei* binne Suid-Afrikaanse skole krities is vir Generasie Z se saligheid asook ‘n meer morele Suid-Afrika. Dit is aangesien die uiteindelike doel is dat Generasie Z ook aan die *missio Dei* sal deelneem en as gevolg daarvan beter waardes sal aanneem, waardes wat met die heerskappy en heiligheid van God ooreenstem.

Om aan die *missio Dei* binne Suid-Afrikaanse skole deel te neem, is egter nie ‘n taak sonder beperkings nie. Een van die hoofwaardes wat die Grondwet van Suid-Afrika poog om om te bevorder is die gelykheid van alle mense (Dreyer, 2007:42). Hierdie kwessie het ‘n direkte impak op die beoefening van religie binne Suid-Afrika, veral by staatsondersteunde instellings soos publieke skole.

Volgens paragraaf 9 van die *Grondwet van van Suid-Afrika* (1996, par. 9) mag die staat teen geen persoon op grond van religie diskrimineer nie. Paragraaf 15 maak verder duidelik dat almal die reg het om te glo wat hulle wil, asook om hulself met enige religie te assosieer. Hierdie wetgewing het direkte implikasies vir Suid-Afrikaanse skole. Buiten die grondwet is daar ook ‘n uitspraak van die Departement van Onderwys (2003) wat die spesifieke rol en beperkings van religie binne Suid-Afrikaanse skole omskryf. Hierdie hoofstuk gaan aan hierdie spesifieke beperkings aandag gee, sodat daar later beantwoord kan word hoe onderwysers aan die *missio Dei* binne Suid-Afrikaanse skole kan deelneem.

Buiten die oorsig wat gegee gaan word oor die spesifieke beperkings soos voortgeskryf deur wetgewing, sal die tekortkominge van die beperkings ook ondersoek word. Baie materiaal spreek kritiek uit teen sommige aspekte van die wetgewing (bv. *The national policy on religion and education in South Africa: Reflections from a public practical theology* (2007) deur J.S. Dreyer, *Understanding the anatomy of religion as basis for religion in education* (2011b) deur J.L. van der Walt, ens.), daarom is dit ook noodsaaklik om ook hieraan aandag te gee.

Laastens gaan daar gemotiveer word waarom skole behoort te dien as primêre plek vir Christenonderwysers om aan die *missio Dei* deel te neem. Abraham Kuyper se konsep van sfeersoewereiniteit gaan dien as vertrekpunt binne hierdie gesprek.

## 4.2 Religie en Onderwys binne Suid-Afrika

### 4.2.1 Historiese oorsig

Religie was nog altyd ‘n belangrike saak binne Suid-Afrikaanse skole (Hodgson, 2017:186), maar die kwessie van religie en onderwys is ook ‘n saak wat hewige debat geniet. Suid-Afrika se unieke politieke, religieuse en opvoedkundige geskiedenis het ‘n definitiewe aandeel in die debat. Weens die unieke geskiedenis moes religie binne Suid-Afrikaanse skole ‘n spesifieke plek inneem (Dreyer, 2017:40-41).

Dreyer (2007:41) sê gedurende die regering van die *Nasionale Party* (1948-1994) was ‘n beleid van Christelike Nasionale Onderwys toegepas. Hierdie gebruik was gebore uit die oortuiging dat die staat onder die heerskappy van God behoort te wees. Juis daarom was Christenskap, of altans ‘n spesifieke tak van Christenskap, naamlik Calvinisme, binne Suid-Afrikaanse skole bevorder. Smit en Chetty (2016:135) sê hierdie taak is uitvoer deur die aanbieding van nie-eksamineerbare Bybelonderrig vir leerders van Graad 1-12. Bybelkunde as keusevak was ook as ‘n eksamineerbare module voorgehou.

Smit en Chetty (2016:135) verduidelik dat hierdie gebruik ‘n ideologiese doel gedien het. Die gebruik het landsburgers voortgebring wat maklik deur die regering gemanipuleer kon word. Hodgson (2017:192) gebruik sterker bewoording deur te sê dat doel van die gebruik die indoktrinasie van kinders was. Hodgson sê dat skole gebruik was as plekke waar rassistiese en seksistiese gedrag onder kinders aangemoedig was.

Die stellings van Smith, Chetty en Hodgson kan wel bevraagteken word, aangesien dit nie deur enige empiriese navorsing gestaaf word nie. Van Wyk (1996:538) sê inteendeel dat Godsdiensonderrig en Bybelkunde op skool nie altyd positief was nie. Hy reken dat die resultaat eerder teenproduktief was tot die oordra van Christelike norme en waardes. (Sien ook Evans 2015:2 wat verwys na empiriese navorsing wat hierdie stelling ondersteun.) Om dus te redeneer dat kinders hierdeur gemanipuleer was, is problematies.

Hodgson (2017:192) sê dat in 1994, na die eerste demokratiese verkiesings binne Suid-Afrika, het die lang proses begin om die “ou” kurrikulum en onderwyssisteem te verander. Smit en Chetty (2016:134) sê post-Apartheid Suid-Afrika het ‘n groot skuif van Christelike Nasionale Onderwys na ‘n multi-religieuse opvoedkundige benadering aanskou. Hierdie verandering gaan gepaard met die grondwet (Grondwet, 1996) aangeneem deur die nuwe Suid-Afrikaanse regering, die ANC, in 1996 wat gevolge vir alle sfere van die Suid-Afrikaanse samelewing gehad het (Dreyer, 2007:41).

Dreyer (2007:42) sê een van die groot waardes wat hierdie grondwet bevorder is die gelykheid van alle mense. Hodgson (2017:187) verduidelik dat hierdie beginsel diskriminasie op grond van welke rede verbied. Juis daarom word daar binne hierdie grondwet ruimte vir ‘n verskeidenheid gelowe geskep. Die sogenaamde doel van hierdie grondwet is om die belang van religie en religieuse oortuigings te erken en te beskerm. Hierdie taak moet uitgevoer word sonder om voorkeur aan ‘n spesifieke religieuse tradisie te gee (Hodgson, 2017:188).

Weens die diskriminasie van die verlede was verandering binne die Suid-Afrikaanse onderwyssisteem nodig. Die nuwe grondwet het ‘n veranderde nasionale beleid rakende religie en onderwys vereis (Dreyer, 2007:42). ‘n Beleid wat die gelykheid van alle mense binne die Suid-Afrikaanse samelewing bevorder.

Van der Walt (2011a:381) sê tussen 1996 en 2003 was die saak van religie binne Suid-Afrika se publieke skole die onderwerp van groot debat. Die rede vir die debat was weens die feit dat daar geen uitspraak oor religie binne publieke onderwys gemaak is nie, terwyl verskeie ander aspekte van Suid-Afrikaanse onderwys reeds groot verandering ondergaan het (Van der Walt, 2010:82; Van der Walt 2011a:381). Die groot saak was dat religieuse onderrig volgens die model van Christelike Nasionale Onderwys nie in die nuwe demokratiese Suid-Afrika kon voortgaan nie (Dreyer, 2007:42).

Voor 2003 was verskeie benaderings rakende religie en onderwys oorweeg. Dreyer (2007:42) sê hierdie benaderings was:

1. Om religie totaal van die skoolkurrikulum te verwyder.
2. Om parallel, enkel tradisie programme vir religie opvoeding te stig.
3. Multi-religieuse opvoeding waar studente oor geloof geleer word.

Die opsies was gedebatteer totdat ‘n kompromie saamgestel uit tussen opsies twee en drie voorgestel is. In 1999, onder minister S. Bengu, is ‘n voorlopige beleid vrygestel. Dreyer verduidelik dat hierdie voorlopige beleid goed aanvaar was deur verskeie Christelike leiers asook kerke, aangesien dit voorsiening vir enkelgeloofinstruksie in publieke skole gemaak het.

### 4.2.2 Die 2003 Nasionale Beleid van Religie en Onderwys

Met die aanstelling van Kader Asmal as minister van onderwys was daar ‘n verandering van rigting. Onder Asmal was daar ‘n nuwe beleid rakende religie en onderwys neergepen. Hierdie beleid het groot veranderinge aan die voorlopige beleid van 1999 gemaak (Dreyer, 2007:42). In 2003 was die nuwe beleid rakende religie en onderwys, soos goedgekeur deur die Raad van

Onderwys Ministers, deur Asmal aangekondig (Smit & Chetty, 2016:135). Die voorlopige beleid van Asmal het baie negatiewe aandag geniet, maar na verskeie kompromieë het die beleid in September 2003 in werking getree (Dreyer, 2007:43).

Volgens die Departement van Onderwys (2003, par. 1) is die doel van hierdie beleid om die beste belange van ‘n demokratiese samelewing te dien. Binne hierdie beleid word die ryk godsdienstige erfenis van Suid-Afrika erken, daarom word religie as ‘n waardevolle hulpbron binne onderrig beskou. Die Departement van Onderwys sê openbare skole word aangemoedig om oor religie te leer asook om dit te bevorder. Hierdie taak moet egter uitgevoer word op ‘n wyse wat anders is as die religieuse instruksie en koestering wat deur huisgesinne en religieuse organisasies voorsien word.

Dreyer (2007:43) gee aandag aan die belangrike onderskeiding wat tussen religieuse onderrig en instruksie/koestering gemaak word. Religieuse onderrig vorm deel van die opvoedkundige taak van onderwysers, terwyl religieuse instruksie en koestering ‘n taak van die huisgesin, familie en religieuse gemeenskap is. Daarom kies die Departement van Onderwys (2003, par. 4) om van ‘n samewerkende (“co-operative”) model te praat om die verhouding tussen religie en staat te omskryf. Binne hierdie model word die staat en religie wettiglik van mekaar geskei, terwyl daar steeds ruimte vir interaksie tussen die twee gelaat word.

Die Departement van Onderwys (2003, par. 7, 8) maak duidelik dat religie binne opvoeding kan bydra tot beter morele waardes asook die bevordering van wedersydse respek vir mekaar. Vir religie en opvoeding om positief saam te werk moet die volgende beginsels egter altyd gevolg word:

- Die praktyk moet altyd direk voortvloei vanuit die “grondwetlike waardes van burgerskap, menseregte, gelykheid, vryheid van diskriminasie, en vryheid van gewete, godsdiens, denke, geloof en opinie”.
- Skole moet die verantwoordelikheid aanvaar om onderrig oor die verskeie aspekte van verskillende godsdienste te verskaf. Hierdie onderrig behoort ‘n diepgaande waardering vir nie-materiële aspekte van die lewe te weerspieël, maar dit moet ook verskil van die godsdienstige versorging wat deur die huis, familie en godsdienstige organisasies verskaf word.
- Godsdiensonderrig behoort by te dra tot die vorming van 'n geïntegreerde en ingeligte gemeenskap wat diversiteit respekteer.
- Onderrig oor godsdiens, asook die behoeftes wat daarmee gepaard gaan, hoort altyd deur goed opgeleide, professionele persone gefasiliteer te word.

Om die praktiese toepassing van hierdie beleid te omskryf word daar aandag gegee aan drie wyses waarop religie relevant binne publieke skole kan wees. Hierdie sluit in: religie opvoeding, religieuse instruksie en religieuse observasies (Departement van Onderwys, 2003, par. 15). Hierdeur omskryf die beleid maniere waarop geloof 'n bydra kan/mag maak binne skole, asook wat vermy moet word as dit kom by religie en skole binne Suid-Afrika.

#### 4.2.2.1 Religie opvoeding

Religie opvoeding word gedefinieer as 'n kurrikulêre program met doelgerigte, ouderdom gebaseerde doelwitte wat streef om onderrig te gee oor verskeie religieë asook religieuse diversiteit binne Suid-Afrika en die wêreld. Die studie van religie moet herkenbare opvoedkundige doelwitte dien wat in lyn is met die mikpunte en uitkomste van ander leerareas, en soos ander leerareas in die kurrikulum, moet programme in Religie opvoeding bydra tot die ontwikkeling van basiese vaardighede in observasie, luister, lees, skryf en dink (Departement van Onderwys, 2003, par. 17).

Religie opvoeding word dus verstaan as die verantwoordelikheid van die skool. Deur hierdie program hoop die Departement van Onderwys om leerders se kennis, verstaan en waardering vir Suid-Afrika se ryk religieuse diversiteit te bevorder. Die gedagte is dat die klaskamer, asook die samelewing as 'n geheel, 'n plek sal word waar alle mense se waardes, kulturele agtergrond en religieuse tradisies gerespekteer sal word. Hulle hoop dat beter morele waardes ook hieruit sal voortvloei.

Met betrekking tot die praktiese implementering hiervan, sê Smit & Chetty (2016:135, 138) dat religie opvoeding gegee word as deel van die verpligte Lewensoriëntering vak vir leerders van Graad R-12, asook as deel van 'n aparte vak genoem Religiestudies aangebied vir Graad 10-12 leerders. Hy maak egter duidelik dat hierdie platform nie vir die bevordering van 'n spesifieke geloof of geloofsoortuiging gebruik mag word nie. Die doel van hierdie program is eerder dat verskeie religieë verstaan en gerespekteer kan word, asook dat gesamentlike waardes geleer en bevorder kan word. Dit alles dra dan alles by tot 'n suksesvolle demokratiese samelewing (Dreyer, 2007:44; Hodgson, 2017:192).

#### 4.2.2.2 Religieuse instruksie

Religieuse instruksie word gedefinieer as die onderwysing/instruksie van 'n spesifieke geloof met die doel dat die spesifieke geloof aangeneem en gevolg sal word (Departement van Onderwys, 2003, par. 54; Smit & Chetty, 2016:138). Dreyer (2007:51) dra dieselfde punt oor, maar voeg by dat die doel van religieuse instruksie geloofsontwikkeling is.

Religieuse instruksie word nie as ‘n taak van die skool gesien nie. Inteendeel, daar word uitgelig dat religieuse instruksie nie enigsins deel van die formele skoolprogram mag wees nie (Departement van Onderwys, 2003, par. 55). Die taak van religieuse instruksie word eerder aan die huisgesin, families en religieuse gemeenskappe voorgeskryf. Skole word wel aangemoedig om hierdie rolspelers (huisgesinne, families en religieuse gemeenskappe) in hierdie taak te ondersteun. Dit kan gedoen word deur hulle fasiliteite vir sulke programme beskikbaar te maak, maar dit moet gedoen word sonder om van die noodsaaklike opvoedkundige mandaat van skole weg te neem.

Voorbeelde hiervan kan wees: Godsdienstige leiers wat uitgenooi word om religieuse instruksie tydens pouses of na skoolure te gee. Hodgson (2017:192) lig uit dat leerlingverenigings geleenthede kan reël waar religieuse instruksie kan plaasvind. Voorbeelde hiervan is gebedtyd vir Moslemleerders op Vrydae en VCSV- (Die Verenigende Christen-Studentevereniging) byeenkomste. Al die bogenoemde moet wel op ‘n vrywillige en gelyke basis plaasvind.

#### 4.2.2.3 Religieuse observasies

Volgens Hodgson (2017:192-193) kan religieuse observasies verwys na ‘n verskeidenheid religieuse gebruike soos gebed, liedere sing, seremonies, kleredrag, dieetvereistes asook die uitstalling van religieuse simbole. Hodgson sê anders as religie opvoeding en religieuse instruksie stam die beskerming vir religieuse observasies direk vanuit die grondwet (vgl. ook Departement van Onderwys, 2003, par. 58). Volgens die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996: par. 15.1) mag religieuse observasies by staats- of staatsondersteunde instellings plaasvind.

Die Departement van Onderwys (2003, par. 59) noem voorbeelde van religieuse observasies, maar gee volgens Hodgson doelbewus nie aan elke moontlike religieuse gebruik aandag nie. Dit is omdat die uitspraak van die Departement van Onderwys nie poog om spesifieke riglyne vir elke moontlike gebruik te gee nie. Die uitspraak wil eerder oorkoepelende riglyne voorsien wat op elke religieuse gebruik toegepas kan word.

Binne die uitspraak van die Departement van Onderwys (2003, par. 59, 61) word beheerliggame van skole toegelaat om hulle fasiliteite vir religieuse observasies beskikbaar te stel solank dit op ‘n gelyke en vrywilliglikke basis gedoen word. Geen voorkeur mag dus aan ‘n spesifieke geloof of groepering mense gegee word nie. Verder word beheerliggame gelaat met die taak om die aard en inhoud van hierdie observasies te bepaal. Hierdie moet egter in lyn met die uitspraak van die Departement van Onderwys (2003) asook die Grondwet (1996) wees. Daar word ook duidelik

gemaak dat observasies nie net na byeenkomste verwys nie. Dit kan verwys na verskeie gebruike wat regdeur die dag kan plaasvind, insluitende spesifieke kleredrag en dieetvereistes.

Verder verduidelik Dreyer (2007:44) dat religieuse observasies deel van die amptelike skool dag mag wees, maar dan moet die aard van die byeenkoms multi-religieus van natuur wees (vgl. Departement van Onderwys, 2003, par. 61). Hodgson (2017:193) noem voorbeelde van hoe sulke geleenthede muti-religieus van aard kan wees, byvoorbeeld: rotering van geleenthede vir religieuse observasies vir verskeie gelowe; skriflesings uit verskeie religieuse tekste van ‘n verskeidenheid gelowe; universele gebede wat nie na ‘n spesifieke god verwys nie, of aan ‘n sekere geloof behoort nie; ‘n tydperk van stilte waar studente kan bid of mediteer.

#### 4.2.3 Toepassing van wetgewing

Dit is belangrik om te merk dat hierdie wetgewing op verskeie maniere toegepas en geïnterpreteer kan word. Om beter te verstaan hoe religie mag funksioneer binne Suid-Afrika se publieke en privaat skole is dit ook nodig om na die praktiese toepassing van hierdie wetgewing te kyk. Dit kan gedoen word deur verskeie hofsake te ondersoek wat met religie binne publieke skole sowel as privaat skole te make het.

Die eerste saak wat bespreek gaan word, staan as die OGOD-saak bekend. Die saak word so benoem aangesien dit deur “OGOD” (Organisasie vir Godsdienste-Onderrig en Demokrasie) voortgebring is (Karim, 2017). Hodgson (2017:198) sê hierdie organisasie is deur ‘n groep besorgde ouers gestig om hulle kommer uit te spreek teenoor die sterk Christelike karakter van die publieke skole wat hulle kinders bywoon.

Hierdie het ingesluit ongepaste religieuse instruksie, die misverstaan en gebruik van religie opvoeding en die onwillekeurige bywoning van religieuse observasies. Hierdie groep het interdik gesoek teen 71 gebruike binne skole, bv. gebede en liedere toegewy aan ‘n spesifieke god, die eksklusiewe uitstalling van ‘n sekere geloof se simbole en selfs ‘n verbod om skeppingsleer (kreasionisme) aan te bied. Hierdie groep het ‘n verklaring van die hof verlang wat sou duidelik maak dat hierdie geloofsgebruike binne die skole teen die nasionale wetgewing rakende religie en onderwys indruis (Hodgson, 2017:198; Karim, 2017).

Karim (2017) sê die ses skole betrokke in die saak het verdedig deur na afdeling 15(2) van die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996) te verwys. Hier word daar duidelik gemaak dat religieuse observasies by publieke skole mag plaasvind solank dit die reëls van die betrokke owerhede volg en dit op ‘n vrywillige en gelyke basis gedoen word. Karim sê dieselfde voorskrifte word ook deur die Suid-Afrikaanse Skoolwet 84 van 1996 voorgeskryf. Volgens die beskuldigde skole het hulle

aan die vereistes voldoen. Hulle het ook geredeneer dat hulle volgens die Grondwet die reg gehad het om ‘n Christelike karakter binne hulle skole te bevorder, aangesien dit deel van hulle reg tot godsdienstige vryheid vorm.

Karim (2017) sê dat die interdikte gesoek deur OGOD nie deur die hof toegeken is nie. Hierdie besluit is weens ‘n tegniese rede gemaak. OGOD se saak was verkeerd geformuleer aangesien dit direk op die Grondwet staatgemaak het, eerder as die spesifieke reëls van die skole se beheerliggame. Die hof het ook beslis dat die relevante plaaslike regerings deel van die hofsaak moes wees.

Hierdie hofsaak het dus nie duidelik gemaak dat lering rakende kreasionisme, die uitdeling van Bybels en die verskeie ander gebruike onwettig was nie. Du Plessis (2017) sê die hof het erken dat religieuse observasies wat dinge soos gebed insluit, toegelaat word aangesien dit kan funksioneer sonder om deel van die spesifieke karakter van skole te wees. Hierdie hofsaak het wel lig op ‘n nouer onderwerp gewerp. Die ses betrokke skole het almal ‘n eksklusiewe Christen-karakter bevorder. Die hof het bevind dat geen wet voorsiening vir sulke gebruik maak nie, geen spesifieke geloof mag aangeneem en bevorder word tot die uitsluiting/koste van ander nie.

Skoolbeheerliggame word dus slegs toegelaat om reëls en regulasies vas te stel wat verseker dat religieuse gebruike en observasies op ‘n gelyke basis plaasvind (Dreyer, 2007:44; Du Plessis, 2017; Karim, 2017). Hodgson (2017:201) verklaar hierdie kwessie verder. Hy sê alhoewel die Grondwet skoolbeheerliggame toelaat om reëls rakende religieuse observasies vas te stel, moet hierdie gebruike steeds aan die breër riglyne voldoen, soos voorgeskryf deur die Grondwet sowel as die Departement van Onderwys.

Du Plessis (2017) verduidelik dat hierdie hof beslissing nie net gevolge vir die ses betrokke skole gehad het nie, maar vir al 24 000 publieke skole binne Suid-Afrika. Skole behoort deeglik ondersoek te doen oor hoe hulle met religieuse diversiteit te werke sal gaan en dan daarvolgens hulle beleide formuleer.

Du Plessis (2017) sluit haar artikel af deur te sê dat hierdie saak ‘n verlore geleentheid verteenwoordig. Alhoewel die idee van religieuse diversiteit deur die hofsaak bevestig word, word daar nie duidelik gemaak hoe dit in ‘n nie-sekulêre Suid-Afrika sou lyk nie. Verder het die kwessie van religieuse vryheid en gelykheid min aandag geniet. Du Plessis rekening dat hierdie hofsaak ‘n ideale geleentheid sou wees om hierdie kwessies duidelik uiteen te sit. Sy sê vir ‘n saak wat 24 000 skole asook honderde duisende leerders affekteer sou ‘n duideliker verklaring/bespreking

oor religieuse diversiteit binne Suid-Afrika meer van pas gewees het. Daarom sê sy in ‘n breër sin dat die Suid-Afrikaanse samelewing eintlik die verloorders van hierdie hofsaak was.

Daar is ook hofsake rakende religie en onderwys wat uit privaat skole binne Suid-Afrika kom, een prominente geval is die hofsaak van Tanja Wittman. Hodgson (2017:199) sê Tanja het ‘n privaat Duitse skool bygewoon waar sy gedwing was om klasse wat religieuse instruksie gee aangaande die Christentradisie by te woon. Tanja het geweier om deel van hierdie gebruik te wees en as gevolg hiervan was sy geskors. Ontevrede met hierdie beslissing, het haar ouers ‘n hofsaak teen die skool gemaak.

In hierdie geval het die hof beslis dat daar geen oortreding van die skool was nie. Die hof het verduidelik dat in die geval van privaat skole, religieuse instruksie, selfs met die motivering om kinders te lei om hierdie spesifieke geloof aan te neem, toegelaat word. Hierdie is omdat die Witmanns Tanja ingeskryf het ten volle bewus van die religieuse karakter van hierdie skool.

Buiten die Tanja Witmann-saak is daar ook ‘n onlangse saak wat van belang kan wees. Stoltz (2022) praat van ‘n Christenskool binne Suid-Afrika wat ‘n Zoeloe-leerling tydelik geskors het omdat hy ‘n *isiphandla* (‘n tradisionele armbandjie) gedra het. Die skool redeneer dat die dra van hierdie bandjie ‘n religieuse gebruik is wat teen die skool se Christelike karakter druis. Stoltz se artikel redeneer dat die uitkoms van hierdie saak gevaarlike gevolge kan hê. Indien daar in guns van die leerder beslis word, sal dit implikasies vir alle privaat skole hê. Sommige privaat skole word gestig en ondersteun juis om ‘n spesifieke gelowe te bevorder. Indien hierdie hofsaak teen die skool beslis, sal dit hierdie funksie van privaat skole ondermyn. Hierdie saak is steeds onafgehandel (13 Jan. 2022), maar die belang hiervan moet steeds onderstreep word.

#### 4.2.4 Belangrike onderskeid tussen publieke en privaat skole

Daar moet egter ook verklaar word dat die bogenoemde wyses waarop religie relevant binne skole mag wees slegs op publieke skole van toepassing is. Dieselfde geld nie noodwendig vir privaat skole nie (soos duidelik gemaak in die bogenoemde voorbeelde rakende die toepassing van die wetgewing). Die Departement van Onderwys (2003, par. 16) maak voorsiening vir landsburgers om privaat skole met ‘n spesifieke religieuse karakter te stig. Hierdie instansies moet egter aan die volgende vereistes voldoen:

- Dit moet finansieel onafhanklik van die staat wees. Dit moet dus op eie onkostes gestig en onderhou word.
- Alle vorme van rassediskriminasie moet vermy word.

- Hierdie skole moet by die staat geregistreer word.
- Hierdie skole moet standaarde handhaaf wat nie laer as soortgelyke publieke instansies is nie.

Hierdie instansies kan dus religie opvoeding, instruksie of observasies toepas, sonder enige beperkings. Alhoewel hierdie blyk na ‘n geleentheid vir religie om vrylik binne skole te funksioneer, is dit nie ‘n opsie beskikbaar aan alle mense nie. Dit is weens die hoë kostes gebonde aan privaat skole:

Randles (2019) verduidelik dat privaat skole beter presteer, maar dit met buitensporige kostes. Hy sê die gemiddelde kostes van privaat skole is R136 000 per jaar teenoor R35 000 by ‘n gemiddelde publieke hoërskool. Hierdie kostes is vir ‘n groot persentasie van die Suid-Afrikaanse bevolking onbekombaar.

Van der Walt (2010:87) verduidelik verder dat indien ‘n skool verlang om ‘n spesifieke religieuse karakter te hê, moet hierdie skool na die privaat sektor verskuif word. Die gevolg is dat hierdie skole nie dieselfde as publieke skole befonds word nie, hierdie skole moet dus op ander bronne van inkomste staatmaak, bv. hoër skoolfondse deur ouers. Hierdie is veral problematies in die lig van die Covid-19 pandemie wat baie ouers werkloos gelaat het, en hulle forseer het om hulle finansies vir ander dinge te prioritiseer (Businesstech, 2022). Hierdie saak dwing ouers om tevrede te wees met skole wat geen religieuse assosiëring het nie.

Abraham Kuyper het ‘n belangrike oortuiging rakende hierdie kwessie, Van Dyke (2014:29) brei uit hierop. Kuyper se probleem was dat in Nederland slegs publieke skole wat gedwing is om neutraal te wees as dit kom by religie, gekwalifiseer het om staatsfondse te ontvang. Ouers wat verlang het dat hulle kinders volgens Bybelse beginsels onderrig word, moes dus dubbel vir onderrig betaal: eerstens as belastingbetalers vir die publieke skool en tweedes as betalers van skoolfonds vir die privaat skool. Hierdie was vir Kuyper problematies aangesien die algemene landsburger dit nie kon bekostig nie, slegs die ryk landsburgers kon hierdie opsie geniet. Wagenman (2019:860) verduidelik dat baie ouers as gevolg hiervan hulle kinders uit die skole uit gehaal het. Dit het hulle kinders van die verskeie voordele van onderrig ontneem en het ook gemaak dat die ryker populasie op hierdie groep mense neerkyk. Vandag kan Nederlandse burgers vrylik tussen publieke en privaat skole kies sonder enige finansiële straf. Dit alles te danke aan die werk van Abraham Kuyper. Dit is omdat die Nederlandse regering in 1920 vir volle pariteit tussen staats- en publieke skole besluit het (Van Dyke, 2014:43).

Gegee die dualistiese probleem soos veroorsaak deur huidige wetgewing (sien punt 4.3.2) en die bykomende finansiële las van privaat skole, stel Van der Walt (2010:93-94) die volgende model voor as 'n gepaste oplossing vir religie beoefening binne die Suid-Afrikaanse onderwyssisteem:

1. Soos Kuyper, redeneer hy dat alle skole binne Suid-Afrika as staatsondersteunde instansies verklaar moet word. Dit laat skole toe om meer aandag aan onderrig te gee en minder tyd om die nodige fondse te bekom.
2. Skole moet toegelaat word om hul eie institusionele, religieuse identiteit te definieer sodat ouers asook onderwysers weet met watter skool hul hulself kan assosieer.
3. Landsburgers moet toegelaat word om met die skool van hul keuse verbind te word.
4. Elke skool moet toegelaat word om hul eie beleid rakende religie en die beoefening daarvan op die skoolgrond vas te stel.
5. Skole moet die nodige stappe neem om te verseker dat jong leerders (Graad 0-7) 'n gesonde verstaan van hulle eie geloof kweek.
6. Vir ouer leerders (Graad 8-12) moet daar spesiaal gewerk word dat hulle aan 'n verskeidenheid ander gelowe blootgestel word. Hulle het dus nodig om te sien hoe ander gelowe in die praktyk werk. Daardeur kan hulle die ander gelowe asook die volgelinge daarvan beter verstaan en respekteer. Hierdie behoort dan ook voordelig in die lig van die diverse Suid-Afrikaanse samelewing te wees (meer word hieroor gesê in punt 4.3.2).

### 4.3 Tekortkominge van huidige wetgewing

Die bogenoemde wetgewing rakende religie in onderwys bring verskeie tekortkominge na vore wat aangespreek moet word:

#### 4.3.1 Probleme met die implementering van Religiestudies

Smit en Chetty (2016) kyk na 'n dekade (2005-2015) sê data om die implementering van Religiestudies te evalueer. Smit en Chetty (2016:136-137) reken dat daar verskeie positiewe statistieke is rondom die implementering van hierdie vak binne skole. Onder andere, was daar 'n positiewe groei in aantal studente wat aan hierdie vak deelneem asook 'n positiewe slaagsyfer vir Matriekleerders.

Ten spyte van die positiewe statistieke, is daar 'n vreemde tendens wat na vore kom. Smit en Chetty (2016:137) sê daar is verskeie probleme rakende die implementering van hierdie vak. Om hierdie probleme te ondersoek, was vraelyste aan 19 deelnemers (opgemaak uit 16 religiestudie onderwysers en drie vakadviseurs) gegee. Op grond van hierdie vraelyste maak hy verskeie gevolgtrekkings:

Eerstens dat daar ‘n gebrek aan opvoeding en ondervinding onder aanbieders van hierdie vak is (Smit en Chetty, 2016:145). Meeste deelnemers (16 uit 19) het getoon dat hulle geen formele opleiding in religiestudies het nie. Twee van die deelnemers het aangedui dat hulle teologiese opleiding het, hulle was opgeleide pastore en het gehelp as Religiestudiesaanbieders wanneer dit nodig was. Verder het meeste van die deelnemers (14 uit 19) getoon dat hulle geen merkwaardige ondervinding gehad het nie (1-5 jaar se ondervinding), slegs twee deelnemers het noemenswaardige ondervinding (8-10 jaar) gehad. Hierdie kwessies is problematies aangesien die Departement van Onderwys (2003, par. 14) duidelik maak dat hierdie vak onderwysers benodig wat toegewyd, entoesiasties en goed opgelei is.

Tweedens is daar ‘n probleem met die konseptuele duidelikheid van hierdie module. Baie van die vraelyste het getoon dat daar nie verstaan word wat presies met godsdienstudies bedoel word nie. Baie treffend is dat sommige terugvoer getoon het dat daar nie ‘n verskil gesien word tussen die Bybelonderrig aangebied in Christelike nasionale onderwys (CNO) en die nuwe godsdiensstudies nie (Smit en Chetty, 2016:147). Hierdie is problematies aangesien die nuwe sisteem wou wegbeweeg van Bybelonderrig soos in die ou sisteem voorgehou.

Derdens maak hy duidelik dat daar gebrek aan leesmateriaal is. Daar is nie ‘n behoorlike handboek beskikbaar wat die volle kurrikulum dek nie. Die gevolge hiervan was dat aanbieders op aanlynleesmateriaal staatmaak. ‘n Ander gevolg was dat aanbieders slegs onderwerpe aangebied het waaroor hulle behoorlike kennis gehad het. Hierdie kwessie word ook aan ‘n tekort van lesplanne gekoppel (Smit en Chetty, 2016:147-148). Die Departement van Onderwys (2003, par. 46) het gesê dat materiaal vir Religiestudies dringend ontwikkel sal word. Duidelik was dit nie die geval nie.

Verder verduidelik Smit en Chetty dat daar ‘n afwesigheid van kritiese pedagogiese, assesserings- en modereringsvaardighede is. Aanbieders weet nie hoe om konflik en meningsverskille op ‘n konstruktiewe manier te hanteer nie. Daar is ook onduidelikheid oor hoe aanbieders verskeie sienings op ‘n onbevooroordeelde manier kan voorhou (Smit en Chetty, 2016:148-15; vgl. Dreyer 2007:55). Gesonde gesprekke oor religie wat kan bydra tot leerders se verstaan en respek van ander gelowe is dus afwesig. Hierdie kwessie het daarom ook gevolge op die breër Suid-Afrikaanse samelewing.

Ander kwessies wat bespreek word is “beroepsvoorligting”. Aanbieders is onseker watter beroepopsies die module vir studente oopmaak. Aanbieders maak ook melding dat daar gebrekkige ondersteuning op skool, asook nasionale vlak is. ‘n Behoefte aan professionele ontwikkeling was ook duidelik gemaak. Hierdie kwessie kan ook veroorsaak dat minder leerders

bereid is om hierdie vak op skool te neem aangesien hulle geen voordeel daarin sien nie. Alhoewel die artikel toon dat daar ‘n groei in aantal leerders is wat die vak neem, kan daar steeds gevra word of hierdie getalle meer kon wees indien meer leerders voordeel in hierdie vak gesien het nie.

Die waarde van hierdie vak kan dus bevraagteken word. Alhoewel dit die potensiaal het om voordelig te wees, word dit deur verskeie kritiese probleme teruggehou. Indien hierdie vak enigsins wil bydra tot leerders se verstaan en respek van verskeie religieë, sal hierdie probleme aangespreek moet word.

‘n Ander kwessie wat by die gesprek van Smit  en Chetty (2016) aansluit, is die uitfasering van die verpligte Lewensoriëntering vak op skool. Volgens die Departement van Onderwys (2003, par. 23) gaan religieuse onderrig op verskeie maniere geïmplementeer word binne skole, Lewensoriëntering spesifiek word beklemtoon.

Hierdie is problematies aangesien Lewensoriëntering as verpligte vak uitgefaseer gaan word. Sobuwa (2018) sê tussen 2023 en 2025 gaan verpligte Lewensoriëntering begin uitfaseer vir ‘n geskiedenisvak vir Graad 10-12 leerders. Dit beteken dat leerders steeds tot en met Graad 9 met Lewensoriëntering te doen gaan kry (Parker, 2018). Indien studente nie kies om Religiestudies te neem nie, is daar dus net tot Graad 9 geleentheid vir opvoeding oor religie. Hierdie kwessie raak verder problematies as dit aan die gebrekkige implikasie van Religiestudies gekoppel word. Die vraag kan gevra word of daar waarlik geleentheid vir religie opvoeding op skool geskep word?

### 4.3.2 Probleme met die marginalisering van Religieuse Instruksie

Dreyer (2007:49-50,55) bestudeer die uitspraak van die Departement van Onderwys (2003) vanuit ‘n publieke praktiese teologiese perspektief. In sy evaluering van hierdie uitspraak maak hy die gevolgtrekking dat die samewerkende model waarop die uitspraak gebaseer is, asook die opvoedkundige uitkomste hiervan, positief is. Rakende die kwessie van religie opvoeding noem hy egter ‘n belangrike kwessie wat aandag verdien.

Hy sê dat om slegs onderrig aangaande verskeie religieë te gee nie genoeg is nie. Op grond van die werk van Paul Ricoeur, sê Dreyer dat publieke opvoeding ook die taak het om “opleiding in bespreking” te verskaf. Dreyer (2007:55) reken dat hierdie belangrike taak nie deur die Departement van Onderwys (2003) in ag geneem word nie. Hierdie is weens die mutli-religie benadering wat objektiwiteit en onpartydigheid impliseer en dit laat dan geen ruimte vir “opleiding in bespreking” om plaas te vind nie.

Ruimte moet dus geskep word vir verskeie religieuse identiteite om kritiese gesprekke met mekaar te voer. So sal leerder nie net kennis oor verskeie religieë opdoen nie, maar hulle sal ook leer om goeie deelnemers in sulke belangrike gesprekke te wees. Hierdie sal leerders van die "pluralistiese probleem" binne Suid-Afrika bewus maak en sal ook leerders in staat stel om probleme wat daaruit voortspruit deur religie te kan aanspreek.

Van der Walt (2011b:1-7) ondersoek die aard van religie en gebruik dié gevolgtrekkings om die beleid rakende religie en onderwys te evalueer. Volgens hom skep hierdie beleid 'n kunsmatige skeiding tussen eerstens religieuse instruksie en tweedens religieuse observasies en opvoeding. Hy reken dat dit die eenheid van religie asook religie binne opvoeding versteur. Dit is omdat 'n kernaspek van studente se geloof naamlik, religieuse instruksie, tot huisgesinne en religieuse instansies verban word. Hierdeur word die eenheid en heelheid van religieuse instruksie versteur en so word studente van die geleentheid ontneem om die ryk godsdienstige diversiteit binne hulle skole te ervaar.

Van der Walt (2011b:5) sê religie is 'n integrale deel van menswees. Daarom redeneer hy dat studente nodig het om aan alle gelowe binne die skoolomgewing blootgestel te word. Dit is sodat hulle eie geloof, asook die van ander, beter verstaan en gerespekteer kan word. Die Departement van Onderwys (2003) se marginalisering van religieuse instruksie tot die huis en religieuse gemeenskappe kan dus nie aanvaar word nie, aangesien dit nie voorsiening vir studente se religieuse heelheid maak nie.

Van der Walt (2011b:5) redeneer daarom dat gelyke geleentheid vir religieuse instruksie binne publieke skole gegee moet word. Hierdeur word leerders nie net aan inligting oor verskeie religieë blootgestel nie, maar hulle sien ook dan hoe die geloof prakties uitgeleef word. Byvoorbeeld: Indien 'n Christenleerder 'n Moslem-bidgeleentheid moet bywoon, kry hy 'n eerstehandse belewing oor hoe sulke geleentheid uitgevoer word. Sonder om noodwendig aan hierdie geleentheid deel te neem, kan die leerder dus die Moslemgeloof en dan ook sy mede-Moslemleerders se praktyke beter verstaan en respekteer. Deur dié gebruik word die leerder aan die religieuse ervaring van sy medeleerders blootgestel, word die rasionaal agter hulle rituele en dogmas beter verstaan en word daar ook 'n verstaan gekweek oor hoe leerders binne die spesifieke geloof na mekaar omsien.

Dieselfde beginsel geld vir alle gelowe betrokke by die spesifieke skool. Van der Walt (2011b:5) noem wel dat leerders wat baie jonk is eerder net aan die geloof van hulle ouerhuis blootgestel word. Hy redeneer dat weens hulle steeds ontwikkelende denkwyse kan die blootstelling aan verskeie gelowe hulle verwar wat dan uiteindelik noodlottig tot die bemeestering van hulle eie

geloof kan wees. Die voorstel is dus dat die bogenoemde benadering eers tydens hoërskool (Graad 8-12) toegepas word.

‘n Verdere probleem met die marginalisering van religieuse instruksie is die bevordering van sekularisme (Van der Walt, 2010:82). Van der Walt verduidelik dat sekularisme op verskeie maniere verstaan kan word, onder andere: die verwantskap met wêreldse eerder as bonatuurlike dinge; enige iets wat geen verwantskap met religie het nie; asook om geen bondgenootskap met enige religie te hê nie. ‘n Ander verstaan wat na vore kom, is die verskuiwing van religie vanaf die publieke sfeer na die privaat sfeer. Van der Walt (2010:82) sê alhoewel die beleid erken dat religie ‘n belangrike rol binne die Suid-Afrikaanse samelewing kan speel, moet die verskuiwing van konfessionele religie na die privaat sfeer as ‘n stap na sekularisme gesien word.

Hierdie kwessie het ook ‘n direkte verbinding met die morele probleem wat Suid-Afrika in die gesig staar (Van der Walt, 2010:87). Die gedagte wat die Departement van Onderwys oordra is dat leerders nie nodig het om verantwoordelik teenoor God binne die skoolomgewing te lewe nie. Religie is slegs van belang vir mens se persoonlike lewe en het geen seggenskap oor hoe mens binne die publieke sfeer behoort op te tree nie. Die Christelike tradisie kan hier as voorbeeld gebruik word: Sondag is die leerder in die kerk, waar hy/sy netjies aantrek, hy/sy volgens die waardes voorgehou deur die spesifieke gemeente optree, ens. Maandag by die skool, waar konfessionele godsdiens nie toegelaat word nie, tree die leerder anders op. Dit is weens die reëls deur die spesifieke samelewingsfeer vasgestel. In ‘n groot mate word daar geen ruimte vir God op die skoolgrond gelaat nie, daarom kan die leerder optree soos hy/sy goed dink.

### 4.4 Abraham Kuyper se sfeersoewereinitiet

‘n Sterk argument kan vir die huidige beperkings rakende religie en onderwys gemaak word. Van der Walt (2010:84) wys dat daar ‘n aantal stemme binne die akademie is wat met die huidige wetgewing saamstem. Hulle redeneer dat die minister van onderwys die korrekte besluit geneem het om konfessionele godsdiens tot die privaat sfeer te verban. Hulle redeneer dus in guns van ‘n dualisme wat skeiding tref tussen dit wat heilig en dit wat sekulêr is. Verder redeneer hulle dat hierdie wetgewing nie net korrek is nie, maar ook dat dit doelbewus toegepas moet word om om sekulêre waardes soos demokrasie, religieuse verdraagsaamheid asook respek vir diversiteit te bevorder.

Wagenman (2019:153, 158) verduidelik dat die Noord-Amerikaanse konteks ook sterk deur ‘n dualisme beïnvloed word wat onderskeid tref tussen dit wat heilig en sekulêr is. Die oortuiging is dat religie niks met sekulêre werk te make het nie asook dat sekulêre werk het niks met religie te

make het nie. Christenskap, asook alle vorme van konfessionele geloof, moet dus tot die privaat sfeer van die mens se lewe beperk word. Alhoewel hy skryf vanuit ‘n Noord-Amerikaanse perspektief, kan daar ‘n definitiewe korrelasie met die Suid-Afrikane konteks gesien word, veral as dit kom by skole. Die skolewet binne Suid-Afrika maak ook ‘n duidelike skeiding tussen dit wat heilig is en dit wat sekulêr is.

Religieuse instruksie is ‘n praktiese voorbeeld hiervan. Die Departement van Onderwys (2003: par. 55) beskryf religieuse instruksie as ‘n taak vir die huisgesin/familie en religieuse gemeenskappe. Alhoewel daar ruimte hiervoor binne publieke skole gelaat word, is beginsel steeds problematies, veral as die bogenoemde argumente rakende die marginalisering van religieuse instruksie en die bevordering van sekularisme in ag geneem word (sien punt 4.3.2).

Dit is in die lig van die dualistiese probleem binne Suid-Afrikaanse skole waar die werk van Abraham Kuyper van belang is. Dit is belangrik om te noem dat hierdie studie nie aandag gee aan Kuyper se volledige filosofie nie, aangesien daar baie aspekte ter sprake is wat nie relevant vir hierdie studie is nie. Dit moet ook vermeld word dat alhoewel daar nie direk na Kuyper se werk verwys word nie, word  daar wel verwys na nuwer relevante bronne wat handel oor Kuyper se sfeersoewereinitet en die moderne toepassing daarvan.


Kuyper het twee belangrike oortuigings rakende die kerk (alle gelowiges) wat die kwessie van dualisme direk aanspreek. Wagenman (2019:221) beskryf dit as volg:

> First, the church has a God-given role to play in the civic marketplace of cultural institutions. And, second, this role cannot be carried out faithfully if the church retreats into the private sphere and adopts a defensive posture against the world or accepts the sacred-secular dualism and engages in a restricted ministry of only saving souls for heaven.

Die sleutel oortuiging van Abraham Kuyper se Neo-Calvinisme is dat Jesus Christus Here is van alle dinge (Rathbone, 2015:2). Hierdie oortuiging impliseer dat alle gelowiges Hom in alle areas van hulle lewens moet volg sodat hierdie heerskappy ten toon gestel kan word. Abraham Kuper se sleuteluitspraak is dat daar nie ‘n enkele deel van ons wêreld is waaroor Christus nie sê “myne” nie (McClean, 2017:173; Wagenman, 2019:252). Kuyper sê Jesus se uitspraak aan die kruis (Joh. 19:30), naamlik: “Dit is volbring!”, het implikasies vir die hele wêreld. Buiten dat verlossing vir alle mense moontlik gemaak is, het Christus ook die kosmos verlos (*soteria tou kosmou*). Die implikasies van hierdie verlossingswerk is dat die mensdom geen eis op hierdie wêreld het nie.

Dit is uit hierdie oorkoepelende oortuiging waaruit Kuyper se siening oor die kerk voortvloei. Omdat alles aan die Here behoort, kan daar nie ‘n skeiding tussen die sekulêre en heilige getref

word nie. Die heerskappy van die Here behoort in alle fasette van ‘n gelowige se lewe gestalte te vind, insluitend sy/haar werksplek. Kuyper se sosiale filosofie naamlik, “sfeersoewereiniteit”, kan gebruik word om hierdie beginsel verder te beskryf. Wagenman (2019:746) se sfeersoewereiniteit omskryf Kuyper se verstaan oor hoe God die menslike samelewing gemaak het om te funksioneer. Gee aandag aan die onderste diagram:




(Schutten, 2018)

McClean (2017:176) en Schutten (2018) sê Kuyper se sfeersoewereiniteit hou voor dat die samelewing uit verskeie sfere opgemaak word, elk met ‘n kenmerkende, Godgegewe, manier van funksioneer. Hierdie sfere kan verskeie domeine verteenwoordig soos die staat, kerk, huisgesin, skole, werksplek, ens. (vgl. Wagenman, 2019:763). God gee aan elk van die sfere ‘n unieke taak en rol om te vervul. Elkeen van die sfere is dus soewerein in hul eie reg, hulle het gesag in die areas waaroor hulle aangestel is. Byvoorbeeld: Die staat is verantwoordelik vir wetgewing en die verskaffing van dienste aan landsburgers, religieuse instansies is verantwoordelik vir gesonde dogma en skole het vir verantwoordelikheid om kwaliteit onderwys aan landsburgers te verskaf.

Hierdie sfere het verskeie belangrike kenmerke, naamlik: Daar is areas waar hierdie sfere met mekaar oorvleuel. Byvoorbeeld: Indien daar korrupsie binne die werksplek is, kan die staat ingryp. Ook so indien daar probleme binne die huisgesin is, kan die kerk of ander religieuse gemeenskappe tot hulp wees.

Verder het hierdie sfere ook duidelike grense wat hulle van mekaar beskerm. Schutten (2018) verduidelik dat die geskiedenis duidelik maak dat dit noodlottig kan wees indien die een sfeer deur ‘n ander oorgeneem en oorheers word. Byvoorbeeld: Dit is gevaarlik as die staat seggenskap oor kerkdogma het (soos duidelik gemaak deur die reformasie era). Net so kan dit gevaarlik wees as die kerk skole oorheers (bv. ‘n Geval waar ‘n skool soos ‘n kerk hanteer word kan dit gebeur dat leerders slegs dogma geleer word en gebrekkige opvoeding in ander belangrike areas ontvang). Die unieke aard en rol van elke sfeer behoort dus beklemtoon te word. Skole is verantwoordelik vir opvoeding, terwyl die kerk/alle religieuse instansies verantwoordelik vir religieuse kwessies is.

Die belangrikste kenmerk is egter dat al hierdie instansies onder die gesag van Jesus is. Hy het dus volle sê oor wat binne hierdie sfere moet gebeur asook hoe sy volgelinge hierbinne moet funksioneer. Daarom is elke gelowige verantwoordelik teenoor Christus oor die wyse waarop hy/sy binne ‘n bepaalde sfeer optree. Byvoorbeeld: ‘n Staatshoof is verantwoordelik teenoor God oor hoe hy reageer. Onderwysers is verantwoordelik teenoor God oor die wyse waarop hulle hul voorbereiding doen, klas aanbied, met studente werk, ens. Hierdie waarheid geld ook vir onderwysers in hulle optrede binne hulle huisgesinne, hulle publieke lewe asook alle ander fasette van hulle leefwêreld.

McClean (2017:173-174) verduidelik dat Abraham Kuyper se Neo-Calvinisme bied nie net ‘n wyse waarop ons die wêreld moet beskou nie, maar dit gee die mandaat om aktief daarin betrokke te wees. Gelowiges word geroep om die wêreld te verander. Volgens Kuyper gee God in Genesis 1:28 die opdrag aan die mens om ‘n kultuur te ontwikkel wat volgens die heerskappy van God funksioneer. In die Nuwe Testament word hierdie opdrag hernu in die groot opdrag (Matt. 28:19) hernu: “en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het”. Die mandaat is dus om dissipels voort te bring wat die wêreld volgens die heerskappy van God orden. Die roeping vir gelowiges is dus om die heerskappy van God in alle sfere van hulle lewens te erken en dit in hulle lewens prakties uit te leef. Hierdeur kan gelowiges merkwaardige verandering in die wêreld meebring.

### 4.4.1 Abraham Kuyper se sfeersoewereinitiet en Apartheid

Ter afsluiting van die gesprek is dit egter belangrik om hier die kwessie rakende Kuyper se sfeersoewereinitiet en Apartheid te bespreek. Rathbone (2015:2) verduidelik dat hierdie oortuiging van Kuyper in sommige gevalle as verdediging vir Apartheid gebruik is. Baskwell (2006) sluit hierby aan deur sê dat daar ‘n gewilde oortuiging is dat hy die intellektuele vader van Apartheid was.

Baskwell asook Rathbone (2015:8) wys egter uit dat dit nie die geval is nie. Rathbone wys dat die gebruik van Kuyper se idees om Apartheid te regverdig 'n misinterpretasie van Kuyper se sfeersoewereinitiet verteenwoordig, aangesien die argumente realiteit reduseer tot ras. Verder verduidelik Baskwell (2006:1288) dat verskeie mense en idees verantwoordelik vir die geboorte van Apartheid is. Alhoewel Kuyper tot 'n mate tekens van die arrogante rassemeerderwaardigheid van die Victoriaanse era getoon het, is dit steeds duidelik dat hy 'n voorstander was van gelykheid eerder as "Apartheid". Daarom kan hy nie as die intellektuele vader van Apartheid beskou word nie. Verder kan daar genoem word dat alhoewel die vorige regering met die beginsel van Christus se heerskappy regeer het (soos genoem in punt 4.2.1), kan hierdie waarheid nie tot die verdediging van Apartheid gebruik word nie. Anders as Apartheid bring die regering van Christus waardes na vore wat die gelykheid van alle mense bevorder (sien punt 3.4.3).

Die waarheid van Christus se heerskappy oor die ganse skepping is dus steeds relevant en toepaslik binne die Suid-Afrikaanse saamlewing.

### 4.5 Sfeersoewereiniteit, die *missio Dei* en onderwysers: Toepassing

Die waarheid oorgedra deur Kuyper het 'n definitiewe korrelasie met die *missio Dei*. God se sending is om die mensdom van die vernietigende krag van sonde te verlos en hulle tot deelname aan die *missio Dei* te roep. Dit sluit in dat Sy heerskappy duidelik binne die skepping sal wees. Gelowiges word geroep om aan hierdie sending van God deel te neem wat Christenonderwysers binne Suid-Afrikaanse skole insluit. Onderwysers moet op so wyse voor Generasie Z leef sodat hulle kan sien hoe die heerskappy van Jesus lyk. Hulle lewens moet ook Generasie Z aanspoor om Jesus as Heer oor hulle lewens aan te neem. Dit is sodat hulle nie ook verval in die heersende dualisme wat leer dat religie geen beduidende invloed op mens se openbare lewe het nie. Jesus se heerskappy oor die ganse skepping en die verbinding daarmee aan die *missio Dei* dien dus as nodige motivering vir Christenonderwysers se deelname aan die *missio Dei*.

Huidige wetgewing bemoeilik egter hierdie taak op verskeie maniere. Die wyse waarop onderwysers kan deelneem aan die *missio Dei* word grootliks beperk, veral in die verbanning van religieuse instruksie. Buiten dat die wyses waarop geloof geleer en geobserveer kan word gebrekkig is (dit weens die swak implementering van Religiestudies en beperkte aard van religieuse observasies), is die verbanning van religieuse instruksie veral 'n probleem. Die *missio Dei*, veral in die lig van Matteus 28:19, laat onderwysers met die opdrag om dissipels te maak van alle nasies en om hulle te leer om Jesus se bevele te onderhou. Hierdie is net een voorbeeld van hoe die huidige wetgewing met die *missio Dei* indruis.

Alhoewel die huidige wetgewing hierdie taak bemoeilik, kan onderwysers steeds werk maak van hierdie roeping. Daarom gee die volgende hoofstuk spesifiek aandag aan ‘n praktiese wyse vir onderwysers om deel te neem aan die *missio Dei* binne Suid-Afrikaanse skole. ‘n Omskrywing gaan dus gegee word oor hoe God se heerskappy binne die skoolomgewing ten toon gestel kan word in die lig van die huidige wetgewing binne Suid-Afrika. Die hoop is dat baie jongmense van Generasie Z ook God se heerskappy oor hulle lewens sal aanvaar en sodoende ook ‘n meer morele Suid-Afrika na vore bring.

### 4.6 Opsomming

Die doel van hierdie hoofstuk was om aandag aan die huidige wetgewing rakende religie binne skole te gee en die effek daarvan op onderwysers se deelname aan die *missio Dei*. Weens Suid-Afrika se unieke politieke, religieuse en opvoedkundige geskiedenis moes religie binne die skoolgrond ‘n unieke plek aanneem. Die nuwe wetgewing het gesoek om met enkelgeloofinstruksie, soos beoefen deur die vorige regering in die vorm van CNO (Christelike Nasionale Onderwys), weg te beweeg en te beweeg na ‘n model wat meer gepas vir die nuwe, diverse, demokratiese Suid-Afrika is.

Nuwe wetgewing soos deurgegee deur die Departement van Onderwys in 2003 beskryf drie wyses waarop religie relevant binne Suid-Afrikaanse skole kan wees. Religie opvoeding wat beskryf word as ‘n kurrikulêre program met die doel om lering oor die verskeie religieë binne Suid-Afrika te gee met die hoop dat leerders ander gelowe beter sal verstaan en respekteer. Religieuse observasies verteenwoordig ‘n verskeidenheid gebruike soos gebed, sang, seremonies, ens. Beheerliggame van skole word toegelaat om hulle fasiliteite vir religieuse observasies beskikbaar te stel solank dit op ‘n gelyke en vrywillige basis gedoen word.

Daar word ook aandag aan religieuse instruksie gegee wat beskryf word as die onderwysing/instruksie van ‘n spesifieke geloof met die doel dat die spesifieke geloof aangeneem en gevolg sal word. Hierdie kan ook as geloofsontwikkeling vir leerders beskryf word. Volgens huidige wetgewing word religieuse instruksie nie as ‘n taak van die skool beskou nie. Inteendeel, daar word uitgelig dat religieuse instruksie nie enigsins deel van die formele skoolprogram mag wees nie. Die taak van religieuse instruksie word eerder aan die huisgesin, families en religieuse gemeenskappe voorgeskryf.

Hierdie hoofstuk het aandag gegee aan hoe die bogenoemde wetgewing in verskeie gevalle toegepas word. Die sogenaamde OGOD-saak het bevestig dat skole nie ‘n spesifieke religieuse identiteit mag dra nie, maar wel dat verskeie godsdienstige gebruike toegelaat word binne skole

as religieuse observasies. Die OGOD-saak verteenwoordig wel ‘n verlore geleentheid vir die Departement van Onderwys om meer duidelikheid oor die funksionering van religie binne publieke skole te gee. Vanuit sake uit privaat skole het getoon dat religie in ‘n groot mate toegelaat word om vrylik te funksioneer. Daar is wel ‘n streng koste aan hierdie vryheid gebonde en kan dus nie beskou word as ‘n toepaslike oplossing vir almal nie. Daarom was daar aandag gegee aan Van der Walt (2010) se voorstel as moontlike oplossing vir Suid-Afrikaanse skole.

In die bestudering van die huidige wetgewing het daar ook verskeie tekortkominge na vore gekom. Buiten die gebrekkige implementasie van Religiestudies, is die marginalisering van religieuse instruksie veral ‘n bekommernis. Nie net ontneem dit leerders van die geleentheid om in hulle eie geloof te groei nie, maar ook om die ryk godsdienstige diversiteit binne hulle skole te ervaar. Die gebruik ontneem leerders van die geleentheid om ander gelowe in praktyk te sien. Leerders word as gevolg hiervan nie toegerus om ander gelowe te verstaan en te respekteer nie. Meer nog word hulle nie geleer om gesonde gesprekke met die van ander gelowe te voer nie. Die marginalisering van religieuse instruksie laat ook die deur oop vir morele verval binne Suid-Afrika. Die gedagte wat aan leerders oorgedra word is dat geloof geen seggenskap op my publieke lewe het nie. Juis daarom tree leerders op soos hulle goed dink.

In die lig van die dualistiese probleem, soos geskep deur die huidige wetgewing wat skeiding tref tussen die publieke en privaat sfeer van een se geloof, is die insigte van Abraham Kuyper van belang. Kuyper se sfeersoewereiniteit dra die oortuiging oor dat Christus die Heer oor elke sfeer van die lewe is, sonder dat die een sfeer oor die ander heers. Die implikasie is dat gelowiges Christus se heerskappy ten toon moet stel binne elke sfeer waarin hy/sy beweeg. Die heersende dualisme wat religie tot ‘n groot mate tot die privaat sfeer verban het, kan dus nie aanvaar word nie. Onderwysers het nodig om die heerskappy ten toon te stel ook binne die skool omgewing, dit as deel van die *missio Dei*. Dit vra dat onderwysers na nuwe metodes sal soek om die heerskappy met die huidige beperkings ten toon te stel.

# HOOFSTUK 5: PRAKTIESE OMSKRYWING VAN ONDERWYSERS SE DEELNAME AAN DIE *MISSIO DEI* BINNE SUID-AFRIKAANSE SKOLE

## 5.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om ‘n praktiese omskrywing te gee oor hoe Christenonderwysers aan die *missio Dei* kan deelneem binne die perke vasgestel deur wetgewing rakende religie en onderwys binne Suid-Afrikaanse publieke skole. Let egter dat alhoewel hierdie omskrywing op publieke skole fokus, kan/moet hierdie benadering steeds binne privaat skole toegepas word, ten spyte van die feit dat daar geen beperkings op religie binne Suid-Afrikaanse privaat skole is nie (punt 4.2.4).

In die omskrywing hiervan word daar eerstens aandag gegee aan onderwysers se gehoorsaamheid aan huidige wetgewing as deel van die *misso Dei*. Aandag word hieraan gegee aangesien daar ‘n groot versoeking is om wetgewing te ignoreer in die omskrywing van ‘n praktiese uitreikstrategie. Die doel is dus om ‘n praktiese uitreikstrategie te omskryf wat aan die vereistes te voldoen soos voorgestel deur huidige wetgewing (punt 4.2.2).

Nadat onderwysers se gehoorsaamheid aan wetgewing ondersoek is, word ‘n benadering voorgestel. Hierdie voorstel word gemaak op grond van insigte vanuit akademiese materiaal, die Bybel en die bevindinge van hierdie studie. Hierdie materiaal bied ook insig rakende die wyse waarop onderwysers hierdie benadering kan toepas. Rakende die toepassing van die benadering word die breë gedagtes van hierdie studie, naamlik: die *missio Dei*, Generasie Z se eienskappe en die bespreking rakende huidige wetgewing gebruik. Belangrike insigte van hierdie gesprekke word met ander akademiese materiaal sowel as Bybelse tekste geïntegreer om ‘n om praktiese omskrywing oor onderwysers se deelname aan die *missio Dei* binne Suid-Afrikaanse skole te gee.

## 5.2 Gehoorsaamheid en die *missio Dei*

Gegewe dat onderwysers die roeping het om aan die *missio Dei* deel te neem, en dat Generasie Z met hulle unieke kenmerke die behoefte het om die goeie nuus te hoor sodat hulle ook uiteindelik aan die *missio Dei* kan deelneem, kan huidige wetgewing maklik dien as ‘n verskoning tot rebellie. ‘n Argument kan wees: Huidige wetgewing verhinder die uitreik na Generasie Z, daarom moet dit teëgestaan word. In die omskrywing van ‘n praktiese wyse waarop onderwysers kan uitreik na Generasie Z blyk hierdie na ‘n aanloklike vertrekpunt. Dit is egter nie ‘n standpunt wat ondersteun kan word nie:

Wiersbe (2007:443) sê daar is baie mense wat oproer en rebellie verkondig in die naam van Christus. Van der Walt (2011a:382) gee moontlik ‘n praktiese voorbeeld hiervan: Hy verduidelik dat baie skole nie op huidige wetgewing rakende religie in skole ag slaan nie. Hy sê dat baie skole, veral skole wat voorheen die Christelike tradisie voorgehou en geleer het, steeds hulself as ‘n primêr Christenskool bemark en dan ook met konfessionele Christelike instruksie voortgaan. Dieselfde kwessie word ook deur Davids (2019) uitgelig.

Wiersbe (2007:443) verduidelik dat Paulus juis Romeine 13:1-7 skryf om die konsep van rebellie in die naam van Jesus teen te staan. Moo *et al.* (2011) sê hierdie afdeling kan in die lig van Romeine 12:1-2 geplaas word wat oor die Christelike leefwyse handel. Paulus was bekommerd dat gelowiges in Rome die opdrag om nie gelykvormig aan die wêreld te word nie te vêr sou neem en daarom die gesag van owerhede sou ondermyn. Romeine 13:1-2 maak daarom duidelik dat God owerhede oor die mensdom aanstel (vgl. Hand. 17:24-28, Dan. 4:17). Die gedagte wat hieruit na vore kom is dat gelowiges gehoorsaam aan owerhede behoort te wees aangesien God hulle daar gestel het.

Hierdie kwessie sluit ook aan by Kuyper se sfeersoewereiniteit. Schutten (2018), in sy gesprek oor sfeersoewereiniteit, sê dat God aan die staat ‘n unieke rol gegee het. Wiersbe (2007:904) gee ook aandag hieraan en ondersteun die argument van Schutten. Die sfeer van die staat het dus ‘n unieke plek binne die regering van God en word in Sy ordening van die wêreld gebruik. Wiersbe (2007:444) verduidelik aan die hand van Romeine 13:5 dat Christene nie net die wet moet onderhou uit vrees vir vervolging nie, maar ook vir die behoud van ‘n goeie gewete. Gehoorsaamheid aan wetgewing gaan dus oor gehoorsaamheid aan God. In die lig van Kuyper se sfeersoewereinitiet kan daar gesê word: Christenonderwysers se gehoorsaamheid aan die wet is ‘n praktiese wyse waarop hulle die heerskappy van Christus aan Generasie Z ten toon kan stel.

Hierdie argument word ook deur 1 Petrus 2:13-25 ondersteun. Petrus dra oor dat gelowiges gehoorsaam aan elke menslike verordening moet wees ter wille van die Here (1 Pet. 2:13). Hy verduidelik dat die goeie werke/ optrede van gelowiges gebruik kan word om dwase mense, dit is mense onbekend met die evangelie, wat nie die regering van God oor hulle lewens aanvaar nie, tot swye sal bring (1 Pet. 2:15). In die lig van huidige wetgewing is vers 18 merkwaardig. Die opdrag is om onderdanig te wees nie net aan die wat vriendelik is nie, maar ook aan die wat “onredelik” is (Bybel, 1983). Huidige wetgewing bemoeilik wel die verkondiging van die evangelie aan generasie Z binne skole, maar die opdrag is steeds om onderdanig aan hierdie wetgewing te wees al is dit soos Petrus beskryf “onredelik”. Gelowiges se gehoorsaamheid aan wetgewing, al verskil hulle daarmee, getuig dus van hulle gehoorsaamheid aan God.

Geleentheid vir die *missio Dei,* ten spyte van die verskeie beperkings en die tekortkominge daarvan, moet egter raakgesien word. Van Wyk (1996) skryf oor die toekomstige implementering van ‘n nuwe beleid rakende religie en onderwys (Departement van Onderwys, 2003). Hy bied hierop belangrike insigte: Van Wyk (1996:532) besin oor hoe Christelike norme en waardes binne die nuwe demokratiese omgewing van Suid-Afrika bevorder kan word. Nadat hy uitgebrei het hoe Christelike norme en waardes binne die ou bedeling oorgedra is, en ook vorentoe gekyk het na hoe wetgewing in die toekoms kan wees, het hy tot die volgende gevolgtrekking gekom:

> Ek wil hierdie artikel graag met 'n beeld afsluit. Ons was voorheen in 'n klooster veilig ommuur met allerlei vorme van wetgewing, reëls en regulasies wat ons teen ander oortuigings en waardestelsels beskerm het. Dit het ons invloed beperk en tot morele korrupsie in ons midde aanleiding gegee. Nou is ons in die wye, oop sending veld waar ons oortuigings en ons Christelike norme en waardes getoets gaan word. Maar juis die vryer kontak van hierdie nuwe omgewing, ook in onderwys en opleiding, bied ons die geleentheid om ons Christelike norme en waardes meer effektief aan die jeug van Suid-Afrika oor te dra. Dit is die antwoord op die aanvanklike vraag: só kan Christelike norme en waardes die nuwe onderwysbestel tot hulle reg kom. (Van Wyk, 1996:544)

Mouw (2016:8) sluit hierby aan deur te sê dat ons ‘n tyd van vinnige verandering beleef ten opsigte van die kultuur waarin ons leef, maar ook in die wyse waarop ons die evangelie deel. Hy beklemtoon ook die verskeie uitdagings wat hiermee gepaard gaan, maar maak ook duidelik dat daar steeds verskeie nuwe geleenthede is om die evangelie ten midde van al die verandering oor te dra.

Daarom gee die volgende besprekingspunt aandag aan hoe onderwysers prakties aan die *missio Dei* kan deelneem binne die beperkings van publieke skole as samelewingsfeer en die wetgewing wat nie ruimte vir die onbevange aktiewe uitdra van die evangelie laat nie.

### 5.3 Voorbeeld stel as benadering

In die lig van die bogenoemde stel hierdie studie dus voor dat onderwysers na Generasie Z uitreik deur die voorbeeld wat hulle stel. Dit gaan oor onderwysers se konsekwente deelname aan die *missio Dei* sodat hulle gehoorsame lewe die liefde van God vir alle mense ten toon kan stel. Alhoewel konfessionele godsdiens uit skole verban is, is daar geen maatreëls wat onderwysers verhinder om die Christelike leefwyse voor Generasie Z binne Suid-Afrikaanse skole uit te leef nie. Die argument is dus dat onderwysers kan uitreik na Generasie Z deur die manier waarop hulle leef. Dit is aangesien die *missio Dei* ook aan onderwysers vra om deur hulle lewens ‘n getuie van die sending van God te wees. Onderwysers se voorbeeld kan tot Generasie Z se saligheid

dien, asook Generasie Z roep om aan die *missio Dei* deel te neem. ‘n Spreekwoord kan gebruik word om hierdie gedagte op te som: “Woorde wek, maar dade trek.”

Gegee die groot aantal tyd wat leerders in die teenwoordigheid van onderwysers spandeer, blyk hierdie gebruik belowend. Vir 2023 beplan die Departement van Onderwys (2022) vir tussen 199-203 skooldae. Dit moet gepaard gaan met die aantal ure wat studente op die dae by die skool spandeer. Volgens Expatcapetown (2021) is die gemiddelde skooldag in Suid-Afrika van tussen 07h30/08h00 tot 14h00/15h00. Dit beteken dat jeug binne Suid-Afrika ongeveer 6-7½ ure per dag by die skool spandeer. Op ‘n maksimum beteken dit dat studente 1 492.5 ure (7½ ure x 199 dae), en minimum 1 170 ure (6 ure x 195 dae) by die skool spandeer. Dit is gelykstaande aan 48-62 dae per jaar. Dit laat baie tyd vir die voorbeeld van onderwysers om ‘n positiewe invloed op Generasie Z te hê. Die teendeel is ook waar, onderwysers wat hulself voorgee as Christene, maar wat nie so leef nie, kan groot skade aan die *missio Dei* berokken.

Daar is ook verskeie materiaal vanuit die akademie wat hierdie argument ondersteun. Del Castillo en Sarmiento (2022:14) reken dat spirituele modulering (die voorbeeld wat onderwysers nalaat) effektief deur onderwysers gebruik kan word om geloof asook beter morele waardes te leer. Wicking (2012:38) verduidelik dat onderwysers hulle geloof ten toon kan stel deur goeie werkers te wees en dus deur die voorbeeld van hulle werk-etiek hulle geloof kan verkondig. Carter *et al*. (2008:684) sê dat onderwysers nog altyd teen ‘n hoër standaard gehou word as dit kom by morele gedrag. Mense kyk dus op na onderwysers en laat hulle met die verantwoordelikheid om die regte voorbeeld te stel. Huang *et al*. (2014:220) sê onderwysers wat rook kan ‘n direkte invloed hê dat jongmense begin rook. Hulle bevestig dat buiten die invloed van ouers en vriende, het die voorbeeld van onderwysers ‘n direkte impak. Cohen-Malayev *et al*. (2014:205) sê dat onderwysers as rolmodelle ‘n belangrike invloed op die religieuse identiteit van jongmense het (dit buiten die invloed van ouers). Verder wys Lumpkin (2008:3) ook op die waarde van onderwysers se voorbeeld vir die leer van morele waardes.

Die belang van voorbeeld, of aktiewe gehoorsame deelname aan die *missio Dei*, word ook deur verskeie Bybelse tekste ondersteun. ‘n Paar voorbeelde word genoem: Matteus 5:13-16 maak die oproep aan gelowiges om sout en lig te wees. Vers 16 sê dat gelowiges hulle lig voor andere moet skyn sodat andere die Vader kan verheerlik. 1 Petrus 2:12 beklemtoon ‘n skoon lewenswandel aangesien gelowiges daardeur andere roep om God te verheerlik. 1 Petrus 3:1 maak ook duidelik dat ‘n vrou, sonder om ‘n woord te spreek, haar man deur haar dade kan win. Titus 2:7 maak die oproep om in alles ‘n voorbeeld van goeie werke te betoon, dit sodat andere niks slegs van gelowiges kan sê nie. 1 Korintiërs 11:1 bevestig hierdie benadering aangesien

Paulus hier die oproep maak om sy navolgers te wees net soos wat hy van Christus is. Hy roep hulle dus om sy voorbeeld na te volg.

Hierdie argument word verder onderstreep deur die navorsing in hierdie studie. Die komende besprekingspunte ondersoek hoe die gesprekke rakende die *missio Dei*, Generasie Z se eienskappe asook huidige wetgewing wys op die belang van onderwysers se voorbeeld. Hierdie besprekingspunte beklemtoon egter nie net die belang van voorbeeld nie, maar wys ook in watter opsigte onderwysers as voorbeeld moet optree. Die komende besprekingspunte integreer daarom die insigte vanuit die akademie asook die Bybel om uit te brei op die belang en wyse van onderwysers se voorbeeld:

### 5.3.1 Voorbeeld in die lig van die *missio Dei*

Hoofstuk 2 het gekyk na die *missio Dei* en die verskeie implikasies daarvan. Binne hierdie hoofstuk kom dit sterk na vore dat die voorbeeld van onderwysers krities vir hulle deelname aan die *missio Dei* is.

(Punt 2.2) het duidelik gemaak dat die *missio Dei* 'n nuwe verstaan van sending verteenwoordig. Sending behoort nie as 'n pure menslike inisiatief en aktiwiteit verstaan en uitgevoer te word nie, maar eerder as 'n aktiwiteit van die Drie-enige God. Daar was geredeneer dat om na Generasie Z binne Suid-Afrikaanse skole uit te reik, is daarom nie 'n taak wat by onderwysers begin nie, maar eerder by God. Die vraag wat onderwysers dus moet vra, is hoe kan ons aan die sending van God deelneem. Hieroor moet daar gesê word dat die *missio Dei* 'n spesifieke manier van leef vereis. Hierdie besprekingspunt het duidelik gemaak dat die *missio Dei* oor meer as spesiefieke "sendingsdade" gaan, dit gaan eerder oor 'n "sendingslewe". Daar kan dus gesê word dat die *missio Dei* van onderwysers verlang om 'n voorbeeld te wees, hierdie voorbeeld word gebore uit die leefwyse wat deelneem aan die *missio Dei.*

Die opvolgende argumente het lig gewerp op hoe sulke lewe behoort te lyk:

(Punt 2.4) het aandag gegee aan die *missio Dei* as hermeneutiese bril wat duidelikheid aan die Skrif gee. In die lig hiervan was dit duidelik dat onderwysers hulle plek binne die Bybelse verhaal moet inneem deur die verkondiging van Jesus se verlossingsdade binne die konteks waarbinne hulle is (punt 2.5). Hierdie taak word uitgevoer deur hulle optrede as die mense van God (2.5.1): hulle werking as die liggaam van Christus (2.5.2) en deur hulle nuwe wedergebore lewe geheilig deur die Heilige Gees (2.5.3). Binne besprekingspunte 2.5.1-2.5.3 kom dit duidelik na vore dat deelname aan die *missio Dei* 'n spesifieke manier van leef verteenwoordig:

- Hulle lewens as die mense van God verteenwoordig ‘n leefwyse wat afgesonder is vir God se gebruik. Hierdie afgesonderde lewe dien dan ook as trekpleister vir Generasie Z, net soos in die geval van Israel in die Ou Testamentiese leefwêreld.
- Onderwysers se werking as die liggaam van Christus behoort ook duidelik in hulle lewens raakgesien te word. Met Christus as die Hoof van die liggaam gaan gelowiges as werkende ledemate met Sy sending voort. Die kerk se optrede as die liggaam van Christus behoort uiteindelik aan die wêreld duidelik te maak die liefde en genade deur God in Christus Jesus voorsien.
- Gelowiges is ook weergebore en geheilig deur die krag van die Heilige Gees. Dit is deur die krag van die Heilige Gees waardeur gelowiges in staat gestel word om ‘n nuwe lewe te leef. Gelowige onderwysers wat deur die krag van die Heilige Gees verander word, wys ook op dat hulle optrede oor meer gaan as bloot voorbeeld stel, dit gaan oor ‘n deurleefde voorbeeld. Leerders behoort dus die werking van die Heilige Gees in die lewe van onderwysers raak te sien. Dit moet duidelik wees dat daar ‘n krag is wat binne hulle werk wat veroorsaak dat hulle anders optree (Hand. 1:8).

Verder, vanuit die gesprek rakende die verkeerde gebruik van die *missio Dei*-konsep was dit ook duidelik dat onderwysers se deelname aan die *missio Dei* ‘n spesifieke manier van leef vereis. Soos verduidelik deur Breed (2014:8), roep die *missio Dei* gelowiges tot ‘n lewe van stryd en konfrontasie met die bose magte aangesien die plan van die vyand teenoor die plan van God staan. Oorwinning in dié opsig kan slegs behaal word indien gelowiges die verlossingsdade van God op toepassing van hulle eie, en ander se lewens maak. Breed (2014:6) som hierdie leefwyse mooi op. Hy sê: “In navolging van God wat heilig is, moet die kind van God ook heilig lewe, gewas in die bloed van Christus en nuut gemaak deur die Heilige Gees, en moet hulle in hulle toewyding aan God groei.”

Onderwysers se deelname aan die *missio Dei* vra dus ‘n spesifieke manier van leef. Hulle lewens behoort te weerspieël wat God se oorspronklike en toekomstige bedoeling met die mensdom was. Dit is ‘n lewe waar daar intiem met God gewandel word en waar Sy heerskappy oor mens se lewe ten toon gestel word. Hierdie lewe beteken ook dat hulle orals as God se verteenwoordigers optree wat Sy heerskappy oor alles bevorder. Hierdie lewe moet binne Suid-Afrikaanse skole in die midde van Generasie Z uitgeleef word. Del Castillo en Sarmiento (2022:7) bevestig dat onderwysers hulle voorbeeld kan gebruik om jongmense te help om geestelik te groei, aangesien jong mense die lewe en gedrag van sterk geestelike leiers sien en navolg. Die implikasie is dus dat onderwysers, deur hulle voorbeeld, Generasie Z binne die skoolomgewing kan leer hoe om intiem met God te wandel as Heer oor mens se lewe as deel van die *missio Dei.*

### 5.3.2 Voorbeeld in die lig van Generasie Z

Hoofstuk 3 het aandag gegee aan die verskeie eienskappe/konteks van Generasie Z sodat ‘n praktiese uitreikstrategie vasgestel kon word. In die bestudering van hierdie generasie se unieke eienskappe het verskeie kwessies op die belang van onderwysers se voorbeeld gewys.

In (punt 3.7) was die noodsaak onderstreep om hierdie generasie te leer hoe om God te dien binne die kultuur waarbinne hulle lewe, maar ook hoe om die heersende kultuur deur die leefwyse te verander. Klem is ook op wêreldbeelddissipelskap geplaas, dit is om hierdie generasie oor die basiese aspekte van die Christelike geloof in te lig en te begelei, naamlik: “Dit is ‘n Bybel”; “Dit is waaroor die Bybel gaan”; “Daar is ‘n God”; “Waarheid bestaan”; “Dit is hoe die wêreld is”; “Dit is jou plek binne die wêreld”; “Dit is hoe Jesus binne die wêreld asook binne jou lewe werk.” Hier was dit ook weereens bevestig dat hierdie waarhede nie net verstaan sal word nie, maar ook dat hierdie generasie sal leer hoe om dit binne hulle eie lewens toe te pas.

Dit is hier waar die voorbeeld van onderwysers belangrik is. Deur hulle lewens moet hulle aan Generasie Z leer hoe om God te dien binne die wêreld waarin hulle is, maar ook hoe om die wêreld deur hierdie leefwyse aan te pak en te verander, dit alles as ‘n uitvloeiing van hulle deelname aan die *missio Dei*.

Die bestudering van generasie Z se unieke eienskappe was noodsaaklik vir hierdie gebruik. Een van die uitdaging van voorbeeldwees is om die konteks van jou teikengroep te ken (Del Castillo & Sarmiento, 2022:12). (Punt 3.7) het ook klem op die belang van kontekstualisasie geplaas. Die volgende besprekingspunte verwys daarom weer na die unieke kenmerke van Generasie Z se lewe. Die doel is om uit te lig hoe onderwysers, deur hulle voorbeeld, Generasie Z kan leer hoe om God te dien, asook hoe om die waarhede aangaande die Christelike geloof binne die wêreld waarbinne hulle leef toe te pas.

#### 5.3.2.1 Voorbeeld in die digitale realiteit

Daar was bevind dat hierdie generasie in ‘n digitale realiteit leef (punt 3.3) wat ‘n direkte invloed het op die wyse waarop hierdie generasie leer (punt 3.3.1) asook op hulle geestesgesondheid (punt 3.3.2). Met betrekking tot die wyse waarop Generasie Z leer, het dit duidelik geword dat hulle interaksie eerder as kommunikasie verlang (3.3.3.1). In punt (3.3.3.2) het dit ook na vore gekom dat onderwysers jongmense moet bystaan wat aanlyn geboelie word en aan depressie ly.

Hier kan onderwysers hulle voorbeeld as volg gebruik: Lumpkin (2008:3) sê dat onderwysers behoort as rolmodelle in hulle interaksie met studente op te tree. Generasie Z verlang meer as

die blote oordra van inligting rakende die Christelike geloof, hulle wil dit ervaar. Deur die voorbeeld wat deur onderwysers geleef word, kan Generasie Z sien hoe die Christelike geloof prakties uitgeleef word. Del Castillo en Sarmiento (2022:12) bied ook insig in hierdie saak deur na die bekende stelling "values are caught not taught" te verwys. Hulle sê hierdie stelling is veral op spirituele modulering van toepassing. Die gedagte is dus dat Christenonderwysers, deur hulle lewensstyl die evangelie op interaktiewe, verstaanbare en lewens veranderende wyse kan uitbeeld.

Onderwysers behoort ook 'n voorbeeld in hulle omgee vir Generasie Z te wees. Knoetze (2015:2) wys op die belang van omgee. Ten midde van die digitale wêreld, waarbinne hierdie generasie geboelie en emosioneel afgekraak word, het hulle nodig om te weet dat God teenwoordig is en dat Hy 'n verskil wil en kan maak. Binne die klaskamer, waar sosiale media grotendeels beperk word, moet hierdie omgee ten toon gestel word.

Die voorbeeld van onderwysers behoort ook in hulle gebruik van elektroniese media duidelik te wees. Hierdie studie het gewys op die behoefte dat onderwysers gesonde sosiale media-gebruik aan jongmense moet leer, hier tel die beginsel van interaksie teenoor kommunikasie steeds. Jongmense het nodig om te sien hoe hierdie gedrag prakties toegepas word. Del Castillo en Sarmiento (2022:11) wys op die vermoë van spirituele modelle om te wys hoe alledaagse situasies hanteer kan word. 'n Gesonde verhouding met sosiale media behoort dus ten toon gestel te word. Generasie Z het nodig om te sien hoe hulle met die alledaagse realiteit van digitale media te werke behoort te gaan.

Praktiese voorbeelde hiervan kan wees:

Barna Group & Impact 360 Institute (2018:104-105) verduidelik dat sosiale media dikwels gebruik word om persoonlike interaksie te vervang. Dit druis direk teen die Christelike geloof in, aangesien fisiese byeenkomste deel vorm van kerk wees. Die belang van bymekaar wees word deur Paulus (1 Tess. 2:17) en Johannes (3 Joh. 1:13-15) onderstreep. Paulus toon dat hy 'n groot verlange gehad het om in persoon met die gemeente van Tessalonisense te ontmoet. Johannes skryf aan Gajus en maak duidelik dat hy baie dinge het om aan hom te skrywe. Hy maak egter die besluit om dit nie te skrywe nie, maar eerder om met hom te ontmoet en so oor te dra wat hy begeer om oor te dra. Buiten hierdie praktiese voorbeeld, gee die Bybel ook die direkte opdrag om nie 'n gewoonte daarvan te maak om fisiese byeenkomste te mis nie (Heb. 10:25). Generasie Z moet dus die belang van fisiese kerkbyeenkomste leer (nie net deur kennis deurgee nie, maar deur voorbeeld stel). Hierdie gebruik kan as positiewe aanval teen die negatiewe effekte van te veel sosiale media gebruik word.

Buiten die kwessies wat kerkwees raak, kan daar ook ander pratiese riglyne aan jongmense geleer word wat gesonde sosiale media-gebruik in alledaagse lewe verseker (Twenge, 2017:293-299):

- Ouers kan so lank moontlik wag voordat hulle ‘n selfoon, met die kapasiteit om sosiale media te gebruik, aan hulle kinders gee.
- Jong mense moet sosiale media op ‘n rekenaar eerder as op selfone gebruik wat dit makliker maak om gebruik te reguleer.
- ‘n Toep (meer algemeen geken as ‘n “app”) wat skermtyd reguleer en beperk kan geïnstalleer en gebruik word.
- Moet nie naby aan jou foon slaap nie. Die selfoon het ‘n sterk geneigdheid om slaap negatief te affekteer wat uiteindelik negatiewe langtermyn gevolge soos depressie het.
- Wanneer vriende saam kuier, bêre die selfone op ‘n plek waar dit nie maklik is om by uit te kom nie. Bespreek dan ‘n vriendelike straf (bv. gaan gooi vir almal koeldrank in) vir die wat eerste hulle selfoon gebruik.
- Wanneer jy studeer, sit die selfoon weg. Daar moet ‘n definitiewe lyn tussen studeertyd en ontspantyd getrek word. Die twee kan nie saam gedoen word nie!
- Moet nooit gewaagde foto’s van jouself stuur nie. Dit is te maklik vir hierdie foto’s om te sirkuleer en sodoende skade aan jou reputasie te doen.
- Spandeer eerder tyd met vriende as tyd met selfone of ander vorme van tegnologie.
- Kry gereelde oefening. Dit is ‘n natuurlike antidepressant wat help met die angs en depressie veroorsaak deur tegnologie.

Onderwysers behoort ook versigtig te wees oor dit wat hulle op sosiale media plaas. Carter *et al*. (2008:682) sê dat dit algemeen is vir toekomstige onderwysers om inhoud te make met alkohol, dwelms en seks op sosiale media te plaas. Del Castillo en Sarmiento (2022:13-14) sê dat jongmense rolmodelle navolg wat hulle op sosiale media raaksien, ‘n waarheid ook in (punt 3.4.2) bevestig. Onderwysers moet dus besef dat die voorbeeld wat hulle nalaat nie beperk tot die klaskamer is nie. Onderwysers behoort dus in elke opsig van hulle lewens ‘n voorbeeld te wees, digitale media ingesluit. Binne die digitale leefwêreld behoort onderwysers ten toon te stel hoe iemand leef met Jesus Christus as koning oor sy ganse lewe.

Ten slotte moet die belang van skole in betrekking tot hierdie saak genoem word. Skole kan gesien word as ‘n veilige area, aangesien dit in baie gevalle jongmense se gebruik van sosiale media bemoeilik. ‘n Voorbeeld hiervan is die klaskamers waar die gebruik van elektroniese media in baie gevalle nie toegelaat word nie. Dit is hier waar onderwysers as ambassadeurs vir God en

Sy sending kan optree (2 Kor. 5:20). Deur hulle lewens behoort leerders die liefde en genade te vinde in die Here raak te sien. Hierdie behoort in sterk kontras te staan met die negatiewe aandag wat hulle in die digitale realiteit beleef.

#### 5.3.2.2 Voorbeeld in die diverse en gelyke wêreld

(Punt 3.4) het diversiteit en gelykheid as belangrike kwessies vir Generasie Z ondersoek. Hieruit het daar ook sake na vore gekom wat die belang van onderwysers se voorbeeld onderstreep.

Met betrekking tot hierdie generasie se stryd teen rassisme het dit na vore gekom dat baie van hierdie generasie glo dat rassisme volop is (punt 3.4.1). Hierdie oortuiging word moontlik ook tot hulle opinie/gevoelens teenoor die kerk oorgedra, omdat baie kerke binne Suid-Afrika steeds mono-kultureel is. Onderwysers se voorbeeld in die klaskamer is hier van belang. Die Bybel maak duidelik dat mense van alle nasies, stamme, volke en tale aan God se familie behoort (Openb. 7:9). Dit maak ook duidelik dat daar in Christus geen diskriminasie op grond van ras, geslag of beroep is nie, in Hom is almal een (Gal. 3:23). Hierdie kwessies gekoppel aan diversiteit en gelyk kan positief in die klaskamer gebruik word. Gesien dat meeste klaskamers in Suid-Afrika uit leerders van verskeie rasse bestaan, kan onderwysers hier Christus se liefde vir almal ten toon stel. Dit kan veral gedoen word deur onderwysers wat almal met gelyke liefde en toewyding behandel. Hierdeur kan leerders sien dat Christene almal as gelykes hanteer, en so kan die Bybelse waarhede ten toon gestel word.

Die LQBTQ+-kwessie en Generasie Z het ook belangrike insigte rakende die voorbeeld van onderwysers gebied. (punt 3.4.2) het duidelik gemaak dat baie jongmense die kerk weens verwarring oor LQBTQ+-kwessies verlaat. Voorheen het kerke die Bybel gebruik om LGBTQ+-kwessies teen te staan, maar naderhand is dieselfde Bybel gebruik om hierdie kwessies te verdedig. Dit het Generasie Z met die indruk gelaat dat die kerk verward is oor dit wat sy glo en daarom het baie jongmense die kerk begin wantrou. Die oproep was dat die kerk deeglike en skriftuurlike verklarings gee wanneer veranderinge gemaak word. Onderwysers word dus geroep om getrou te leef volgens die beginsels soos hulle dit in die Skrif vind.

(Punt 3.4.2) maak duidelik dat kompromie in die opsig nie toegelaat kan word nie. Die krag van onderwysers se voorbeeld lê nie in die assimilasie van kultuur nie, maar eerder in die verandering daarvan. Dit was ook uitgewys dat die kerk sterk groei in tye van vervolging beleef. Die gedagte is dus dat onderwysers se voorbeeld uniek sal wees, aangesien dit deur Bybelse voorskrifte gerig word. Om ‘n voorbeeld te wees in die opsig kan lei tot vervolging, maar dit kan ook verandering in jongmense se lewe bring.

(Punt 3.4.3) het ook aandag gegee aan die Generasie Z se geneigdheid om andere se gevoelens te spaar. Onderwysers moet dus versigtig wees wat hulle in die klaskamer bespreek, aangesien sekere idees vir Generasie Z aanstootlik kan wees. Die implikasie was dat onderwysers taktvol moet omgaan in hulle oordrag van die evangelie binne die klaskamer. Dit is hier waar onderwysers se voorbeeld effektief gebruik kan word. Gesien dat idees nie vrylik bespreek kan word nie, kan die waarhede rakende die Christelike geloof steeds deur onderwysers se lewens oorgedra word. Hierdie lewensstyl kan ook tot 'n gesonde gesprek lei: Wanneer onderwysers gevra word omtrent die hoop wat in hulle is, kan hulle met vrymoedigheid antwoord (1 Pet. 3:15-16).

Matteus 13:52 bied 'n waarheid wat van belang by hierdie besprekingspunt is. Hier word dit duidelik gemaak dat gelowiges leerders van die koninkryk behoort te wees. As leerders behoort onderwysers vir nuwe gedagtes oop te wees. Dit vra ook dat hulle niemand sal oordeel wat anders as hulle dink nie. Hierdie is veral relevant binne die Suid-Afrikaanse klaskamer waar verskeie leerders, met verskeie kulture, agtergronde en gelowe teenwoordig is. Onderwysers behoort te let op wat hierdie leerders ook vir hulle kan leer. Meer nog behoort hulle geen leerder sleg te behandel bloot omdat hulle anders dink nie. Deur hierdie gedrag kan Christus se liefde vir alle mense ten toon gestel word.

#### 5.3.2.3 Voorbeeld in die onsekere leefwêreld

Daar is ook gekyk na die onsekere leefwêreld waarbinne die generasie hulself bevind (punt 3.5). Verskeie kwessies was hieronder bespreek, naamlik: finansiële krisis (3.5.1), siekte (3.5.2), geweld (3.5.3), klimaatsverandering (3.5.4) en verslawingsmiddels (3.5.5). Onderwysers kan ook hulle voorbeeld gebruik om na hierdie generasie in 'n gebroke en onsekere leefwêreld uit te reik.

**Finansiële druk**

Rakende die finansiële krisis (punt 3.5.1) het dit na vore gekom dat hierdie generasie beheer oor hulle eie toekoms wil neem. Hierdie was veral duidelik in die waarde wat hierdie generasie op geld spaar, goeie beleggings en 'n stabiele werk plaas. Hulle geneigdheid om hul eie besighede te wil skep bevestig ook hierdie saak. Die generasie se bekommernis oor hulle toekoms weens finansiële onsekerheid is dus duidelik. Matteus 6:31-32 is in hierdie opsig relevant rakende die voorbeeld van onderwysers. Wiersbe (2007:24) sê dat hierdie gedeelte duidelik maak dat die strewe na materiële dinge iets is waarna ongelowiges verlang. Indien onderwysers dus dieselfde strewe uitbeeld sal dit skade aan hulle getuienis doen. Die teendeel is ook waar: Indien vertroue in God vir finansiële versorging getoon word, kan dit 'n sterk boodskap aan Generasie Z oordra.

Die boodskap wat dit oordra, is dat onderwysers aktief na "die koninkryk van God en sy geregtigheid" soek. Wiersbe (2007) sê dit is hierdie soeke wat uiteindelik 'n sterk getuienis sal nalaat.

Die waarde wat hierdie generasie aan opvoeding heg, is ook van belang in hierdie besprekingspunt. Meer sal egter hieroor in 'n komende besprekingspunt (5.3.3.2) gesê word.

**Klimaatsverandering**

Die sogenaamde klimaatkwessie sluit ook hierby aan. (punt 3.5.4) het gewys dat sommige van Generasie Z voel dat die mensdom op die punt van uitsterwe is weens die sogenaamde klimaatprobleem. Hierdie bevestig weereens die generasie se negatiewe uitkyk op die toekoms. Onderwysers se vertroue in die Here as voorsiener (Matt. 6:25-34) behoort dus ook in die opsig aan hierdie generasie oorgedra te word. Dit moet egter hier ook vermeld word dat onderwysers hulle mandaat om die aarde te bewerk en te bewaar (Gen. 1:26-28) moet uitleef. Hierdie mandaat sluit aan by God se oorspronklike bedoeling vir die mens en dien as 'n wyse om Sy heerskappy oor mens se lewe positief uit te beeld.

**Geweld**

In die gesprek oor Generasie Z se onsekere leefwêreld en geweld (punt 3.5.3) het wantroue teenoor religie na vore gekom, veral in die lig van die 9/11-gebeurtenisse. Onderwysers behoort dus nooit van enige vorm van geweld gebruik te maak in die oordra van die evangelie nie. Johannes 18:10 kan hier ter illustrasie dien (LW: Hierdie gedeelte word as beeld gebruik en nie as eksegetiese verklaring nie): "En Simon Petrus wat 'n swaard gehad het, het dit uitgetrek en die dienskneg van die hoëpriester geslaan en sy regteroor afgekap. En die naam van die dienskneg was Malchus". Indien geweld in die oordrag van die evangelie gebruik word, sal die oor afgekap word van die wat nodig het om te hoor. God trek altyd met liefde en sal nooit geweld gebruik om iemand anders tot geloof te bring nie.

Die kwessie rakende die seksuele teistering van leerders deur onderwysers is hier ook van belang. Prinsloo (2006:305-306) rapporteer die gedrag van manlike onderwysers wat seksuele gunste van jong vroulike leerders eis. Dit moet ook gesê word dat hierdie gunste in sommige gevalle deur geweld vereis word. Statistieke bewys dat ongeveer 30% van jongmeisies binne die skoolomgewing verkrag word. Daar moet egter gevra word of hierdie seksuele gunste soms deur manipulasie verkry word. 'n Voorbeeld kan wees dat 'n manlike onderwyser akademiese prestasie aan 'n vroulike leerder beloof in ruil vir seksuele gunste. Hierdie gedrag reflekteer nie die Christelike karakter nie. Dit wys eerder die skade wat 'n ongelowige se lewe aan jongmense kan

verrig. Die oproep aan Christenonderwysers is dus om die teendeel uit te beeld. Om die heersende seksuele teistering binne Suid-Afrikaanse skole teen te staan, maar ook om leerders by te staan wat deur hierdie dinge geraak word.

**Verslawingsmiddels**

(Punt 3.5.5) het die teenwoordigheid van allerhande verslawingsmiddels behandel. Met betrekking tot hierdie saak is die invloed van onderwysers se voorbeeld merkwaardig. Van Zyl (2013:583) sê swak rolmodelle is een van die redes waarom dwelmmisbruik so algemeen onder Generasie Z is. Hierdie stelling word ook deur Bayaga en Jaysveree (2011:207) bevestig wat aantoon dat onderwysers in baie gevalle saam met studente alkohol gebruik. Verder sê Carter *et al.* (2008:682) dat daar gereeld op sosiale media verskyn dat onderwysers van dwelms en alkohol gebruik maak. Laastens wys Huang *et al*. (2014:220) daarop dat buiten ouers en vriende, kan onderwysers ook daartoe bydra dat jongmense begin rook.

Onderwysers behoort dus baie versigtig te wees as dit kom by die gebruik van hierdie middels. Die voorstel van hierdie studie is dat onderwysers hulself heeltemal van hierdie dinge sal ontneem ter wille van Generasie Z. Daar is ook ‘n duidelike Bybelse beginsel hiervoor. 1 Korintiërs 8:13 dra die beginsel oor dat ons nie ons medemens deur ons gedrag moet laat struikel nie. Indien ons gedrag die struikeling van Generasie Z veroorsaak, hoort dit dus aangepas te word.

**Voorsiening in nood**

(Punt 3.5) het gewys op ware nood en behoefte onder generasie Z jeug. Kwessies soos werkloosheid (3.5.1), die teenwoordigheid van lewensgevaarlike siektes (3.5.2) en die seksuele misbruik van leerders (3.5.3) wys op hierdie nood en behoefte. Onderwysers moet in hierdie opsig ook ‘n duidelike voorbeeld aan Generasie Z wees deur hulle voorbeeld van omgee. Om weer te verwys na Knoetze (2015:2), hierdie generasie het nodig om te besef dat God in hulle situasie teenwoordig is, asook dat Hy ‘n verskil kan maak. Die lewe van ‘n onderwyser moet dus duidelik maak dat God in hulle teenwoordig is, en dat Hy hulle optrede bepaal. Onderwysers se materiële asook emosionele bystand in hierdie saak kan gebruik word om hierdie waarheid oor te dra (Jak. 2:14-26).

‘n Paar voorbeelde ter illustrasie:

**Emosionele bystand**

Indien ‘n onderwyser verneem dat ‘n leerder anders optree as die norm (bv. swak akademiese prestasie geen deelname in klas, woede uitbarstings, woelige gedrag,)  kan die student na klas gehou word sodat moontlike geestesongesteldheid bespreek kan word. Hierdeur kan die onderwyser bepaal hoe om die student emosioneel by te staan (bv. deur vertroosting, raadgewing of liefdevolle vermaning). Indien ‘n saak meer ernstige aandag verdien kan ander partye (bv. skoolhoof, beheerliggame, beraders) ook betrek word.

**Materiële bystand**

Studente moet dopgehou word vir gebrek aan materiële middele. Indien ‘n onderwyser agterkom dat die kind gereeld opdaag sonder kos, siek, of met verwaarloosde klere moet daar gehelp word. Onderwysers kan met beheerliggame gesels rakende die finansiële ondersteuning van hierdie kind/ers, hierdeur kan daar voorsiening gemaak word vir die leerder se skoolfondse, kos, gesondheid en skoolklere. Ander alternatiewe kan wees om ander studente aan te moedig om te help, bv. ander studente het moontlik ekstra kos om te deel of gebruikte skoolklere om te skenk. Hier is dit belangrik om op te merk dat onderwysers op verskeie maniere studente op ‘n materiële gebied kan bystaan, en dat materiële bystand nie beperk is tot die onderwyser se eie sak nie.

#### 5.3.2.4 Voorbeeld in die postmoderne kultuur

(Punt 3.6) het die opkoms van postmodernisme in die leefwêreld van Generasie Z ondersoek. Hierdie denkwyse bevorder subjektiwiteit, bevraagteken alles en laat geen ruimte vir absolute waarheid nie. Daar was uitgewys dat die opkoms van postmodernisme heelwaarskynlik die rede agter baie van Generasie Z se eienskappe is. Die opkoms hiervan verteenwoordig ook ‘n val in morele waardes, asook die begin van ‘n nuwe era waar daar nie meer na ‘n hoër krag gesoek word nie (punt 3.6.1).

Die uitdagings op die *missio Dei* is dus duidelik. Die heersende kultuur maak dit makliker om religieuse oortuigings te verwerp en daarom sien ons ook dat baie jongmense die kerk verlaat. Die waarheid in (punt 3.6.2) oorgedra, is egter dat hierdie kultuur steeds baie geleentheid vir die oordra van die evangelie bied. Dit kan veral deur die voorbeeld van onderwysers gedoen word. Soos Nel (2018:108) aandui, is dit die ideale geleentheid om die voorbeeld van Jesus Christus te volg. Hierdie generasie beleef vervreemding en verlang daarom na goedkeuring, lojaliteit en gesonde verhoudings. Onderwysers kan dus deur hulle betrokke en medelydende voorbeeld die evangelie op ‘n gepaste wyse aan hierdie generasie oordra.

Hier kan die gesag van die Bybel in onderwysers se lewens ook beklemtoon word. In ‘n wêreld waar waarheid as relatief beskou word hoort die lewens van onderwysers te weerspieël dat daar

‘n absolute bron van waarheid, naamlik die Woord van God is. Dit moet duidelik wees dat hierdie bron van waarheid as ‘n maatstaf (Kanon) dien waaraan hulle hul lewens meet. Onderwysers se medelye en omgee vir Generasie Z kan dien as ‘n praktiese illustrasie: Die Bybel gee die opdrag om om te sien na jou medemens (Filippense 2:3-4). In gehoorsaamheid aan Woord as gesaghebbende bron van waarheid voer onderwysers hierdie taak uit, en dra so aan Generasie Z ‘n getuienis oor.

#### 5.3.2.5 Oorkoepelende gedagte

In die gesprek rakende die uitreik tot hierdie generasie (punt 3.7) het dit na vore gekom dat onderwysers hierdie generasie moet leer hoe om die Here te dien in die wêreld waarin hulle leef, asook hoe hulle daardeur ‘n effek op hulle huidige kultuur kan hê. Hierdie gebruik is wêreldbeelddissipelskap genoem. Voorbeeldstel speel ‘n integrale deel in hierdie benadering. Onderwysers behoort deur hulle lewens te wys hoe hulle die Here dien ten midde van die wêreld waarin hulle leef. Leerders wat in ‘n sekere sin as die dissipels van onderwysers beskryf kan word, leer dan deur hierdie leefwyse deur hulle onderwysers na te volg.

### 5.3.3 Voorbeeld in die lig van wetgewing

Hoofstuk 4 het aandag gegee aan die beperkings waarbinne die *missio Dei* binne Suid-Afrikaanse skole moet funksioneer. Hierdie beperkings bevestig ook die belang van onderwysers se aktiewe deelname aan die *missio Dei* (of hulle voorbeeld) in die uitreik na Generasie Z binne Suid-Afrikaanse skole. Die gesprek rakende huidige wetgewing het ook belangrike insigte gebied rakende die spesifieke voorbeeld wat onderwysers behoort te stel.

#### 5.3.3.1 Voorbeeld gekant teen Dualisme

Die dualistiese probleem is ‘n wesenlike saak in die gesprek rakende wetgewing oor religie binne Suid-Afrikaanse skole (punt 4.3.2). Dit was duidelik dat die marginalisering van religieuse instruksie verskeie uitdagings stel. Die verval van morele waardes is hier van belang. Deur religieuse instruksie tot die privaat sfeer te verban het leerders die indruk gekry dat hulle nie nodig het om verantwoordelik teenoor God op die skoolgrond te leef nie.

In die lig van hierdie dualistiese probleem is Abraham Kuyper se sfeersoewereiniteit ondersoek (punt 4.4). Die gedagte wat hieruit voortgevloei het, is dat Christus se heerskappy in alle areas van ‘n gelowige se lewe ten toon gestel moet word. Gelowiges behoort dus verantwoordelik teenoor Christus binne elke sfeer van hulle lewens op te tree. Onderwysers is dus daartoe opgeroep om op sulke wyse binne Suid-Afrikaanse skole leef/voorbeeld stel, sodat Generasie Z

kan sien hoe die heerskappy van Christus lyk, en dit ook oor hulle eie lewens sal aanvaar en dit verder binne die samelewing bevorder.

#### 5.3.3.2 Voorbeeld deur arbeid

‘n Belangrike saak in die gesprek rakende onderwysers se geloofsbeoefening binne skole het met die spesifieke mandaat van skole te make. Kuyper se sfeersoewereiniteit sê dat daar duidelike bakens is wat die onderskeie samelewingsfere van mekaar onderskei (punt 4.4). Die klaskamer kan dus nie as ‘n kerk gesien word nie en onderwysers behoort dit ook nie so te hanteer nie. Binne die klaskamer het onderwysers die verantwoordelikheid om aan die spesifieke mandaat van skole te voldoen en dit is om kwaliteitonderrig te voorsien.

Deur getrou aan hierdie taak te wees, bied moontlikhede om mens se geloof ten toon te stel. Wicking (2012:38) sê in die lig hiervan dat onderwysers hulle geloof ten toon kan stel deur goeie werknemers te wees, deur hulle goeie werk verheerlik hulle die Vader (Kol. 3:23; 1 Kor. 10:31). Vorster (2007:97) sê dat gelowiges deur die werk wat hulle verrig deel in God se vernuwing van alle dinge. Hulle werk vorm dus deel van die herskeppende aktiwiteit van God en wys ook op die heerlikheid van die komende bedeling (Openb. 14:13). Die navorsing van hierdie studie toon ook dat hierdie benadering effektief in hulle uitreik na Generasie Z gebruik kan word.

(Punt 3.5.1) het aandag gegee aan die waarde wat hierdie generasie op opvoeding plaas. Hulle verlang goeie opvoeding wat dan tot beter geleenthede in die toekoms kan lei. Indien onderwysers dus getrou in hulle taak binne skole is, as deel van hulle gehoorsaamheid aan die Here, kan die evangelie ook so op ‘n positiewe wyse aan Generasie Z oorgedra word.

Klem moet hier ook geplaas word op onderwysers se verantwoordelikheid om lering oor ander gelowe te gee (punt 4.2.2.2). Die verskeie tekortkominge van religie opvoeding binne Suid-Afrikaanse skole is ondersoek (punt 4.3.1). Een van die sake wat na vore gekom het was ‘n gebrek aan opvoeding en ondervinding onder die aanbieders van religiestudies. Daar is ook op die uitspraak van die Departement van Onderwys (2003, par. 14) gewys wat duidelik maak dat hierdie module onderwysers verlang wat toegewyd, entoesiasties en goed opgelei is. Die oproep aan onderwysers is dus om toegewyd en entoesiasties te wees as dit kom by die leer van ander gelowe. Dit moet egter ook gepaard gaan met die strewe om meer oor ander gelowe te leer sodat dit op ‘n gepaste wyse aan leerders geleer kan word.

Binne hierdie punt kan daar ook gesê word dat onderwysers huidige wetgewing tot hulle voordeel kan en moet gebruik. Daar is steeds baie geleentheid vir die verkondiging van die Christelike geloof binne Suid-Afrikaanse skole. Onderwysers kan steeds leer wat die Christelike geloof is

(4.2.2.1) onder religie opvoeding (LW: Hulle het steeds die verantwoordelikheid om ook onderwysing oor ander gelowe te gee). Aangesien die evangelie integraal vir die verstaan van die Christelike geloof is, kan die waarheid hiervan steeds aan Generasie Z deur middel van religie opvoeding verduidelik word. Verder is daar ook geleentheid vir religieuse instruksie en observasies al is dit onder spesifieke omstandighede. Die oproep is egter dat onderwysers sulke geleenthede organiseer. Spesiale geleenthede, met spesiale predikers, kan gereël word wat leerders vrywilliglik kan bywoon. Dit neem egter nie onderwysers se verantwoordelikheid weg om die evangelie deur hulle voorbeeld te verkondig nie.

### 5.3.4 Skematiese uiteensetting

Die bogenoemde besprekingspunte het gewys op die belang van onderwysers se voorbeeld en die verskeie wyses waarop dit toegepas kan word. Dit was duidelik dat die voorbeeld wat onderwysers binne Suid-Afrikaanse skole stel, as ‘n daad wat deel van die *missio Dei* vorm, noodsaaklik vir Generasie Z se saligheid is.

Hierdie punt poog om ‘n skematiese uiteensetting te gee van die wyses waarop onderwysers ‘n voorbeeld behoort te wees. Die rede hiervoor is dat onderwysers, na die bestudering van die bogenoemde, vinnig hierdie punte vir persoonlike gebruik kan naslaan. Die opsomming hiervan sal ook help met die verstaan van die breër temas waarin onderwysers ‘n voorbeeld behoort te wees. Die uiteinde is dat hierdie breër temas in ‘n groter verskeidenheid kontekste toegepas kan word wat nie in hierdie studie genoem word nie.

Onderwysers se deelname aan die *missio Dei* teenoor Generasie Z binne Suid-Afrikaanse skole kan onder drie breër temas opgesom word, naamlik: ‘n heilige lewenswandel, omgee vir ander en werksetiek.

| HEILIGE LEWENSWANDEL (1 PET. 1:15-16) |
|---|
| • Weerspieël God se oorspronklike en toekomende bedoeling vir mensdom<br>• Voorbeeld op sosiale media<br>• Vertroue op God se Woord en die beskouing daarvan as enigste bron van waarheid en gesag<br>• Vertroue in God se voorsiening<br>• Wegbly van verslawingsmiddels<br>• Gekant teen geweld<br>• Christus se heerskappy in alle sfere |

| |
|---|
| • ‘n Lewe wat Generasie Z leer om Christus te dien binne hulle leefwêreld |
| **OMGEE VIR ANDER (JOH. 13:35)** |
| • Bystand vir kwessies rakende sosiale media (boelie, depressie)<br>• Interaksie eerder as kommunikasie<br>• Omgee vir mense van alle rasse, geslagte, kulture, tale en gelowe<br>• Materiële en emosionele bystand in gebroke wêreld<br>• Medelye in lig van postmoderne kultuur |
| **WERKSETIEK (ROM. 13:1-7/ 1 PET. 2:13-25)** |
| • Leer goeie sosiale media gebruik<br>• Getrou aan mandaat om kwaliteitonderrig te gee<br>• Gebruik geleenthede soos voorsien deur wetgewing<br>• Respek vir almal |

## 5.4 Opsomming

Die doel van hierdie hoofstuk was om ‘n praktiese omskrywing te gee oor hoe Christen onderwysers aan die *missio Dei* binne Suid-Afrikaanse skole kan deelneem.

In die omskrywing hiervan is daar eerstens na onderwysers se gehoorsaamheid aan huidige wetgewing en die *missio Dei* gekyk. Op grond van Romeine 13:1-7, is daar vasgestel dat onderwysers nie die wet, asook persone in gesag, moet teëstaan weens huidige wetgewing rakende religie en Suid-Afrikaanse skole nie. Daar moet herken word dat die sfeer van die staat ‘n unieke plek in God se ordening van die wêreld het. Om gehoorsaam aan huidige wetgewing te wees, is dus ‘n goeie wyse vir onderwysers om die heerskappy van Christus aan Generasie Z ten toon te stel. Dieselfde beginsel word ook deur 1 Petrus 2:13-25 oorgedra, waar daar duidelik gemaak word dat gehoorsaamheid aan wetgewing ongehoorsames kan roep om die regering van God oor hulle lewens te aanvaar.

Dit was ook duidelik dat daar steeds baie geleentheid is vir die *missio Dei* om binne Suid-Afrikaanse skole te funksioneer. Daar was gewys op die insigte van Van Wyk (1996) en Mouw (2016) wat bevestig dat die evangelie steeds op ‘n relevante wyse verkondig kan word in die tyd waarin ons leef. Met hierdie in gedagte was daar geredeneer dat onderwysers, in deelname aan die *missio Dei*, na Generasie Z kan uitreik deur die voorbeeld wat hulle stel. Daar was gewys op verskeie stemme vanuit die akademie, die Bybel asook insigte vanuit hierdie studie om hierdie

stelling te ondersteun. Hierdie materiaal het nie net die belang van voorbeeld bevestig nie, maar het ook in watter opsigte onderwysers as ‘n voorbeeld moet optree.

Dit was eerstens uitgewys dat die voorbeeld van onderwysers krities vir hulle deelname aan die *missio Dei* is. Daar was geredeneer dat deelname aan die *missio Dei* ‘n spesifieke manier leef verteenwoordig. Dit is ‘n leefwyse wat God se oorspronklike en toekomstige bedoeling met die mensdom weerspieël. Hierdie lewe moet dan in die midde van Generasie Z geleef word, sodat hulle daardeur ook hierdie generasie tot ‘n nuwe leefwyse kan roep.

Rakende die eienskappe van Generasie Z is die voorbeeld van onderwysers ook van groot belang. Aandag is gegee aan die digitale realiteit, diversiteit en gelykheid, onsekere leefwêreld en postmoderne kultuur as aanduiders van die belang en wyse van onderwysers se voorbeeld. Hieruit het dit na vore gekom dat onderwysers ‘n voorbeeld moet wees in hulle verkondiging van die evangelie, in hulle digitale lewe, in hulle omgee vir die generasie, in die wyse waarop hulle leerders hanteer en deur hul vertroue in God en Sy Woord.

Onderwysers se voorbeeld in terme van wetgewing is ook belangrik. Dit is duidelik dat onderwysers in alle sfere van hulle lewens die heerskappy van Christus ten toon moet stel, in stryd met die heersende dualisme. Dit is ook duidelik dat onderwysers ‘n goeie voorbeeld kan stel deur hulle gehoorsaamheid aan huidige wetgewing. Deur goeie werkers te wees vorm onderwysers deel van die herskeppende aktiwiteit van God en wys hulle ook op die heerlikheid van die komende dispensasie. Verder was onderwysers aangemoedig om huidige wetgewing tot hulle voordeel te gebruik.

# HOOFSTUK 6: OPSOMMING, VOORSTELLE EN NADENKE

## 6.1 Inleiding

Hierdie studie het ondersoek hoe onderwysers, in gehoorsaamheid aan die Here en in deelname aan die *missio Dei,* na Generasie Z binne Suid-Afrikaanse skole kan uitreik. Hierdie vraag was ondersoek weens die morele asook geestelike verval van Generasie Z binne Suid-Afrika. Dit moet egter aan God se liefde vir sondaarmense gekoppel word. God se begeerte is om hulle te red van hulle sonde en hulle vir Sy sending te gebruik. In uitvoering van hierdie taak maak God van gelowiges in alle sfere van die samelewing gebruik, onderwysers ingesluit.

In hierdie ondersoek is daar gekyk na die *missio Dei* en die gevolge daarvan (Hoofstuk 2), Generasie Z en hulle eienskappe (Hoofstuk 3) asook Suid-Afrikaanse wetgewing rakende religie in onderwys (Hoofstuk 4). Ondersoek van hierdie aspekte was noodsaaklik vir die vasstel van ‘n praktiese uitreikstrategie vir onderwysers se uitreik na Generasie Z binne Suid-Afrikaanse skole (Hoofstuk 5).

Hierdie hoofstuk gee ‘n opsomming van die bogenoemde besprekingspunte. Aandag word ook gegee aan die beperkings van hierdie studie asook geleenthede vir toekomstige studies.

## 6.2 Opsomming van bevindinge

### 6.2.1 Die *missio Dei* en die gevolge daarvan

(Hoofstuk 2) het die *missio Dei*-konsep en die verskeie gevolge daarvan bespreek. Dit was duidelik dat die *missio Dei* ‘n nuwe verstaan van sending verteenwoordig wat op die werk van God fokus eerder as die van die mens. Die *missio Dei* maak duidelik dat sending nie as ‘n pure menslike aktiwiteit uitgevoer moet word nie, maar eerder as daad waar gelowiges aan die sending van God deelneem.

Dit was ook duidelik gemaak dat die term *missio Dei* korrek gebruik moet word. Verskeie gevare kom na vore indien hierdie term gebruik word sonder om presies aan te dui wat daarmee bedoel word. Hierdie term moes dus gebruik word om te dui op die langtermyn bedoeling van die Drie-Enige God om ‘n vernuwe hemel en aarde voort te bring. Verder behoort hierdie konsep se koppeling aan die dogma aangaande die Drie-eenheid ook met duidelike Bybelse inhoud gevul te word.

Dit was ook voorgehou dat die *missio Dei* as ‘n hermeneutiese bril dien wat duidelikheid aan die Bybelse verhaal gee. Die verhaal handel oor God se plan om die mensdom van die vernietigende krag van sonde te verlos. Gelowiges word geroep om hulle plek binne hierdie verhaal in te neem. Die *missio Dei* het dus praktiese implikasies. Gelowiges behoort in elke aspek van hulle lewens aan die sending van God deel te neem, ook die publieke sfeer van hulle lewens. Die *missio Dei* raak dus Christenonderwysers wat in skole betrokke is. Ook daar behoort hulle God se verlossingsdade aan Generasie Z te leer, om hulle saligheid asook hulle toekomstige deelname aan die *missio Dei* te verseker.

### 6.2.2 Generasie Z en die *missio Dei*

Aandag is gegee aan Generasie Z en hulle verskeie eienskappe sodat ‘n praktiese uitreikstategie vasgestel kon word. In die bestudering van hierdie generasie het verskeie kenmerke na vore gekom wat van belang is:

Hierdie generasie bevind hulself binne ‘n digitale realiteit. Daar was gewys dat die buitensporige gebruik van tegnologie verskeie negatiewe nagevolge het. Daar is na leervermoë en geestesgesondheid gekyk. Hierdie laat die kerk met verskeie verantwoordelikhede, naamlik: om die evangelie in peuselhappiegrotes te verkondig, om gesonde media-gebruik aan hierdie generasie te leer asook om hulle in geestesongesteldheid by te staan.

Diversiteit en die strewe vir gelykheid is ook kenmerkend aan hierdie generasie, heel moontlik weens die diverse wêreld waarin hulle grootgeword het. Hierdie generasie se strewe na gelykheid word veral in hulle stryd teen rassisme en hulle aanvaarding van LGBTQ+-regte gesien. Hierdie kwessies het ‘n definitiewe impak op hoe hierdie generasie die kerk aanskou en het in sommige gevalle daartoe gelei dat jongmense die kerk verlaat. Hierdie afdeling het egter duidelik gemaak dat die kerk nie haar standpunte moet verander om by sosiale verandering aan te pas nie. Verandering is slegs aanvaarbaar indien dit by die Woord as riglyn bly. Verder verlang groot veranderinge skriftuurlike verklarings om verwarring te vermy. Die positief was egter ook dat die kwessie rakende diversiteit en gelykheid ‘n sterk aanknopingspunt met Christenskap het, aangesien die Woord die gelykwaardigheid van alle mense onderstreep.

Die onsekere leefwêreld waarin hierdie generasie opgroei was ook bespreek. Finansiële krisis, siekte, fisiese en seksuele geweld, die sogenaamde klimaatkwessie en die teenwoordigheid van allerhande verslawingsmiddels is wesenlike probleme waarmee hierdie generasie moet lewe. Hierdie onseker leefwêreld het gelowiges met die verantwoordelikheid gelaat om die hoop van

die Christelike geloof aan hierdie generasie oor te dra. Die oordra van kennis is egter nie al wat hulle verlang nie, hulle verlang ook in baie gevalle materiële en/of emosionele bystand.

Die postmoderne kultuur waarin hierdie generasie lewe was ook bespreek. Hierdie denkwyse bevorder subjektiwiteit en bevorder sekularisme. Hierdie denkwyse het 'n definitiewe korrelasie met die verskeie kenmerke van Generasie Z asook hulle morele waardes. Dit was egter duidelik dat uitreik na hierdie generasie steeds moontlik is, ten spyte van hierdie kultuur. Hierdie besprekingspunt het gewys op hierdie generasie se verlange na aanvaarding, lojaliteit en gesonde verhoudings. Klem was daarom geplaas op die belang van omgee in die uitreik tot die generasie binne die kultuur waarbinne hulle lewe. Anders gestel, in die uitreik na hierdie generasie is dit noodsaaklik om die liefde van God prakties in hulle lewens te maak.

Met betrekking tot die verskeie eienskappe van hierdie generasie en die uitdagings wat daarmee gepaard gaan, was die noodsaak van kontekstualisering beklemtoon. In die uitreik na hierdie generasie moet die wêreld waarin hulle leef in ag geneem te word. Onderwysers behoort daarna te streef om hierdie generasie te leer oor hoe hulle die Here binne hulle leefwêreld kan dien. Die belang van wêreldbeeld dissipelskap was dus onderstreep.

### 6.2.3 Wetgewing en die *missio Dei*

Huidige wetgewing rakende religie binne skole en die effek daarvan op onderwysers se deelname aan die *missio Dei* is ondersoek. Dit was duidelik dat nuwe wetgewing ten doel het om met enkelgeloofinstruksie, soos beoefen deur die vorige regering in die vorm van CNO (Christelike Nasionale Onderwys), weg te maak en na 'n model wat meer gepas is vir die nuwe, diverse, demokratiese Suid-Afrika te beweeg. Daarom het nuwe wetgewing drie wyses omskryf waarop religie relevant binne Suid-Afrikaanse skole kan wees, naamlik: religie opvoeding, religieuse instruksie en religieuse observasies.

Religie opvoeding word beskryf as 'n kurrikulêre program met die doel om lering oor die verskeie religieë binne Suid-Afrika te gee met die hoop dat leerders ander gelowe beter sal verstaan en respekteer. Religieuse observasies verteenwoordig 'n verskeidenheid gebruike soos gebed, sang, seremonies, ens. Beheerliggame van skole word toegelaat om hulle fasiliteite vir religieuse observasies beskikbaar te stel solank dit op 'n gelyke en vrywilliglikke basis gedoen word. Religieuse instruksie word beskryf as die onderwysing/instruksie van 'n spesifieke geloof met die doel dat die spesifieke geloof aangeneem en gevolg sal word. Dit kan ook as geloofsontwikkeling vir leerders beskryf word. Volgens huidige wetgewing word religieuse instruksie nie as 'n taak van

die skool gesien nie. Die taak van religieuse instruksie hoort volgens die wetgewing eerder aan die huisgesin, families en religieuse gemeenskappe.

Hierdie bespreking het ook gekyk hoe die bogenoemde wetgewing in verskeie gevalle toegepas word. Die sogenaamde OGOD-saak het bevestig dat skole nie 'n spesifieke religieuse identiteit mag dra nie, maar wel dat verskeie godsdienstige gebruike binne skole as religieuse observasies toegelaat word. Vanuit sake uit privaat skole het getoon dat religie in 'n groot mate toegelaat word om vrylik te funksioneer. Daar is wel 'n streng koste aan hierdie vryheid gebonde en kan dus nie as 'n toepaslike oplossing vir almal beskou word nie. Daarom was daar aandag gegee aan Van der Walt (2010) se voorstel as moontlike oplossing vir Suid-Afrikaanse skole.

In die bestudering van die huidige wetgewing was verskeie tekortkominge duidelik. Die marginalisering van religieuse instruksie is veral 'n bekommernis. Dit ontneem nie net leerders van die geleentheid om in hulle eie geloof te groei nie, maar ook om die ryk godsdienstige diversiteit binne hulle skole te ervaar. Die gebruik ontneem leerders van die geleentheid om ander gelowe in praktyk te sien. Leerders word as gevolg hiervan nie toegerus om ander gelowe te verstaan en te respekteer nie. Meer nog word hulle nie geleer om gesonde gesprekke met navolgers van ander gelowe te voer nie. Die marginalisering van religieuse instruksie laat ook die deur oop vir morele verval binne Suid-Afrika. Die gedagte wat aan leerders oorgedra word is dat geloof geen seggenskap op my publieke lewe het nie. Juis daarom tree leerders op soos hulle goed dink.

Met betrekking tot hierdie dualistiese probleem was daar gewys op die insigte van Abraham Kuyper. Kuyper se sfeersoewereiniteit dra die oortuiging oor dat Christus die Heer oor elke sfeer van die lewe is. Die implikasie is dat gelowiges Christus se heerskappy ten toon moet stel binne elke sfeer waarin hy/sy beweeg. Die heersende dualisme wat religie tot 'n groot mate tot die privaat sfeer verban kan dus nie aanvaar word nie. Onderwysers het nodig om die heerskappy ook binne die skoolomgewing ten toon te stel, as deel van die *missio Dei*. Wetgewing vra egter dat onderwysers na nuwe metodes sal soek om die heerskappy met die huidige beperkings ten toon te stel.

### 6.2.4 Onderwysers se deelname aan die *missio Dei* binne Suid-Afrikaanse skole

In die lig van die bogenoemde besprekingspunte is 'n voorstel gemaak vir onderwysers se deelname aan die *missio Dei* binne Suid-Afrikaanse skole.

In die omskrywing hiervan was daar eerstens aandag gee aan onderwysers se gehoorsaamheid aan huidige wetgewing en die *missio Dei*. Hierdie omskrywing was gegee weens die versoeking

om huidige wetgewing te ignoreer in die uitreik na Generasie Z binne Suid-Afrikaanse skole. Hieroor was gesê dat onderwysers se gehoorsaamheid aan wetgewing gelykstaande is aan hulle gehoorsaamheid aan God. Deur gehoorsaam aan wetgewing te wees, is ook ‘n praktiese wyse om die heerskappy van Christus aan Generasie Z ten toon te stel. Verder was daar gewys op die insigte van Van Wyk (1996) en Mouw (2016) wat bevestig dat die evangelie steeds op ‘n relevante wyse in die tyd waarin ons leef verkondig kan word.

Met hierdie in gedagte was daar geredeneer dat onderwysers, in hulle deelname aan die *missio Dei*, na Generasie Z kan uitreik deur die voorbeeld wat hulle stel. Daar was gewys op verskeie stemme vanuit die akademie, die Bybel asook insigte vanuit hierdie studie om hierdie stelling te ondersteun. Hierdie materiaal het nie net die belang van voorbeeld bevestig nie, maar het ook in watter opsigte onderwysers moet optree as ‘n voorbeeld verduidelik.

Dit was uitgelig dat die voorbeeld van onderwysers krities vir hulle deelname aan die *missio Dei* is, aangesien die *missio Dei* ‘n spesifieke manier van leef verteenwoordig. Hierdie lewe wat God se oorspronklike en toekomstige bedoeling vir die mensdom verteenwoordig, moet in die midde van Generasie Z gelewe word.

Die voorbeeld van onderwysers is ook van belang in die lig van Generasie Z se verskeie eienskappe. Hieruit het dit na vore gekom dat onderwysers ‘n voorbeeld moet wees in hulle verkondiging van die evangelie, in hulle digitale lewe, in hulle omgee vir die generasie, in die wyse waarop hulle leerders hanteer en deur hul vertroue in God en Sy Woord. Die groot gedagte was dat onderwysers deur hulle voorbeeld Generasie Z moet leer hoe om die Here te dien in die wêreld waarbinne hulle is.

Laastens was daar aandag gegee aan onderwysers se voorbeeld in terme van wetgewing. Dit was duidelik dat onderwysers in alle sfere van hulle lewens die heerskappy van Christus ten toon moet stel, in stryd met die heersende dualisme. Dit was ook duidelik dat onderwysers ‘n goeie voorbeeld kan stel deur hulle gehoorsaamheid aan huidige wetgewing. Deur goeie werkers te wees, vorm onderwysers deel van die herskeppende aktiwiteit van God en wys hulle ook op die heerlikheid van die komende bedeling. Verder was onderwysers aangemoedig om huidige wetgewing tot hulle voordeel te gebruik.

Die wyses waarop onderwysers ‘n voorbeeld kan wees kan onder drie breë temas opgesom word, naamlik: ‘n heilige lewenswandel, omgee vir ander en werksetiek. Indien onderwysers hierdie temas verstaan kan dit binne ‘n verskeidenheid kontekste toegepas word. Dit is die antwoord op die aanvanklike vraag, so kan onderwysers na Generasie Z binne Suid-Afrikaanse skole uitreik.

## 6.3 Beperkings van studie

- Hierdie was ‘n literatuurstudie en nie ‘n empiriese studie nie. ‘n Literatuurstudie kan slegs teoretiese gevolgtrekkings maak. Hierdie studie is dus beperk aangesien teoretiese bevindinge nie getoets was nie.
- Die navorser het geskryf vanuit ‘n teologiese agtergrond. Aangesien baie van hierdie studie met onderwys en onderwysers te doen het, sou akademiese insigte vanuit ‘n onderwysperspektief tot hierdie studie kan bydra.
- Die eienskappe van Generasie Z was ondersoek aan die hand van akademiese materiaal. Insigte wat hieruit geput kan word is tot ‘n mate beperk aangesien daar min navorsing vanuit die Suid-Afrikaanse konteks beskikbaar is

## 6.4 Voorstelle vir verdere studie

- ‘n Empiriese studie kan gedoen word rakende onderwysers se ervaring oor religie binne Suid-Afrikaanse skole. Vrae soos: Kan voorbeeldstel as benadering gebruik word? Is daar ander moontlikhede buiten die voorstel van hierdie studie? ens. kan gevra word.
- ‘n Empiriese studie kan oor Generasie Z binne Suid-Afrika se verskeie eienskappe gedoen word.
- Dit sal goed wees as hierdie studies binne spesifieke skole gedoen word. Daardeur kan ‘n spesifieke strategie vir ‘n spesifieke skool deurgegee word.
- ‘n Studie kan gedoen word oor hoe die kerk onderwysers kan toerus om hulle geloof binne Suid-Afrikaanse skole uit te leef.

## 6.5 Persoonlike nadenke

Hierdie studie was in verskeie opsigte waardevol vir die navorser. As jeugpastoor van ‘n gemeente was daar baie insigte wat waardevol is in die bediening van ‘n gemeente, veral in die bediening van Generasie Z jeug.

Die studie oor die *missio Dei*-konsep was in verskeie opsigte waardevol. Dit was waardevol om te besef dat ons sending nie ons inisiatief is nie, maar eerder God sin. Hierdie waarheid gee sekerheid aan mens se roeping. Aangesien sending/bediening God se inisiatief is, gaan Hy daardeur bereik wat Hy wil, deur wie Hy wil. Die verantwoordelikheid is slegs om jou plek binne die sendingwerk van God in te neem.

As jeugpastor was die bestudering van Generasie Z en hulle verskeie eienskappe ook van groot belang. Dit was belangrik om te sien dat hierdie generasie werklik in ‘n wêreld onbekend aan ons

leef. Die noodsaak om hierdie generasie se leefwêreld te bestudeer was veral besef. Verder was hierdie generasie se verlange na persoonlike omgee en interaksie ook iets belangrik om te besef. Die hoofwegneempunt was dat jeugbediening nie tot ‘n Vrydagaand of ‘n Sondagoggend beperk kan word nie. Jeugbediening is ‘n voortdurende taak waar die generasie se behoeftes bestudeer word, asook waar daar aandag aan hierdie behoeftes gegee word.

Die bespreking van Abraham Kuyper se sfeersoewereiniteit was vir die navorser ook merkwaardig. Die gedagte is dat bediening nie ophou as mens by die kerk uitstap nie, die heerskappy van Christus behoort in elke sfeer van mens se lewe ten toon gestel te word. Mens se roeping om andere te bedien moet dus in alle areas van die lewe as ‘n daad van gehoorsaamheid aan God uitgeleef te word.

Die krag van mens se voorbeeld was vir navorser veral waardevol. Die versoeking vir ‘n pastor is om by prediking en die oordra van inligting vas te hak. Die waarheid is egter dat mense, veral Generasie Z, meer as blote inligting verlang. Hulle wil sien dat die inligting wat oorgedra word ‘n waarheid is in die lewe van die een wat dit oordra. Hulle wil sien hoe die verskeie waarhede rakende die Christelike geloof in alle areas van mens se lewe toegepas word. Die oproep is dus om te leef wat jy verkondig. In ‘n tyd, waar min mense bekend is met die waarhede rakende die Christelike geloof, is die roeping dat jou lewe sal oordra wat die mense nodig het om t

## BIBLIOGRAFIE


Barna Group & Impact 360 Institute. 2018. *Gen Z: the culture, beliefs and motivations shaping the next generation*. Ventura, CA: Barna Group.

Baskwell, P. 2006. Kuyper and apartheid: a revisiting. *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies*, 62(4):1269-1290.

Bayaga, A. & Jaysveree, L. 2011. Moral degeneration: crisis in South African schools? *Journal of Social Sciences*, 28(3):199-210. https://doi.org/10.1080/09718923.2011.11892945

Bhengu, C. 2021. Activist Zulaikha Patel says first book will reignite passion for black hair and African literature. *Sunday Times*, 14 April. https://www.timeslive.co.za/sunday-times/lifestyle/2021-04-14-activist-zulaikha-patel-says-first-book-will-reignite-passion-for-black-hair-and-african-literature/ Datum van gebruik: 19 Mei 2022.

Bosch. D.J. 2011. *Transforming mission: paradigm shifts in Theology of Mission*. 20th Anniversary Edition. New York,NY: Orbis Books.

Boulifi, T. 2021. Who are the Zoomers? *NewAfrican,* 30 Junie. https://newafricanmagazine.com/26299/ Datum van gebruik: 18 Mei 2022.

Breed, G. 2014. ’n Kritiese blik op *missio Dei* in die lig van Efesiërs. *In die Skriflig,* 48(2):1-10, Art. #1707. https://www-doi-org.nwulib.nwu.ac.za/10.4102/ids.v48i2.1707

Brown, M. 2022. Is TikTok safe for kids? *Parents*, 28 Januarie. https://www.parents.com/kids/safety/internet/is-tiktok-safe-for-kids/#:~:text=And%20according%20to%20The%20Wall,TikTok%20could%20be%20contributing%20factors. Datum van gebruik: 13 Jun. 2022.

Businesstech. 2022. Fees data for South Africa shows how parents and schools are struggling. *Buisnesstech*, 4 Jan. https://businesstech.co.za/news/finance/548554/fees-data-for-south-africa-shows-how-parents-and-schools-are-struggling/ Datum van gebruik: 4 Apr. 2022.

Bybel. 1933/53. *Die Bybel: Dit is die ganse heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat.* Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Bybel. 1983. *Die Bybel*. Nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Carter, H.L., Foulger, T.S. & Ewbank, D., 2008. Have you Googled your teacher lately? teachers’ use of social networking sites. *Phi Delta Kappan,* 89(9):681-685. https://doi.org/10.1177/003172170808900916

Cilliers, E.J. 2017. The challenge of teaching generation Z. *PEOPLE: International Journal of Social Sciences,* 3(1):188-198. https://doi.org/10.20319/pijss.2017.31.188198

Coetzee, A. 2020. *NWU Referencing Guide*. Potchefstroom: North-West University: Library and Information Service.

Cohen-Malayev, M., Schachter, E.P. & Rich, Y. 2014. Teachers and the religious socialization of adolescents: facilitation of meaningful religious identity formation processes. *Journal of Adolescence,* 37(2):205-214. https://doi.org/10.1016/j.adolescence.2013.12.004

Cornelius, E.M. 2013. Only real men respect women: the use of Scripture in the violence against women pandemic. *Ekklesiastikos Pharos*, 95(1):173-190.

Daniel, L. 2018. Drug use amongst Western Cape primary school learners a serious concern. *The South African*, 5 Nov. https://www.thesouthafrican.com/news/western-cape-primary-school-drugs/ Datum van gebruik: 21 Aug. 2019.

Davids, N. 2019. No religious diversity: SA schools still promote Christian ethos. *City Press,* 28 Aug. https://www.news24.com/citypress/voices/no-religious-diversity-sa-schools-still-promote-christian-ethos-20190828 Datum van gebruik: 28 Sep. 2022.

Del Castillo, F. & Sarmiento, P.J. 2022. A systematic review on spiritual modeling: opportunities and challenges in religious education. *International Journal of Christianity & Education,* 26(1):6-17. https://doi.org/10.1177/20569971211038968

Deloitte. 2021. *2021 Millennial and Gen Z survey: a call for accountability and action | South Africa* [PowerPoint]. https://www2.deloitte.com/content/dam/Deloitte/za/Documents/za-Deloitte-Millennial-Survey-2021_South-Africa-Report.pdf Datum van gebruik: 5 Mei 2022.

Departement van Onderwys (Suid-Afrika) 2003. National Education Policy on Religion and Education (Act no. 27 of 1996). (notice 1307). *Goverment Gazette*, 25459:459, 12 September.

Departement van Onderwys (Suid-Afrika). 2022. *2023 School calendar*. *Government Gazette*, 46061:4-5, 18 Mrt.

Dreyer, J.S. 2007. The national policy on Religion and Education in South Africa: reflections from a public practical theology. *Practical Theology in South Africa,* 22(2):40-60.

Du Plessis, G.A. 2017. Watershed judgment clarifies limits of religion in South Africa's public schools. *The Conversation*, 10 Jul. https://theconversation.com/watershed-judgment-clarifies-limits-of-religion-in-south-africas-public-schools-80424 Datum van gebruik: 2 Feb. 2022.

Engelsviken, T. 2003. Missio Dei: the understanding and misunderstanding of a theological concept in European churches and Missiology. *International Review of Mission,* 92(367):481-497.

Evans, A. 2015. Aspects of child evangelism and youth ministry in South Africa in the postmodern context of globalism, pluralism and current scientific knowledge. *Scriptura*, 114:1-9.

Evans, R. & Wanless, L. 2018. Tackling the rising drug problem in South Africa's youth. *ALCO-Safe*, 20 Jun. http://www.alcosafe.co.za/In-the-News/View-Article-Detail/ArticleId/50/Tackling-the-rising-drug-problem-in-South-Africa-s-youth Datum van gebruik: 4 Sept. 2019.

Expatcapetown. 2021. *South African schools: 10 Important facts you should know about south African schools.* https://www.expatcapetown.com/south-african-schools.html#:~:text=See%20our%20South%20African%20schools%20calendar%20here.&text

=A%20school%20term%20usually%20includes,around%20200%20days%20of%20schooling. Datum van gebruik: 2 Mei 2022.

Flett, J.G. 2010. *The witness of God: the Trinity, Missio Dei, Karl Barth, and the nature of Christian community.* Grand Rapids, MI: Eerdmans Publishing Co.

Galal, S. 2022. Number of social network users in South Africa from 2017 to 2025: (in millions*. Statista.* https://www.statista.com/statistics/972776/number-of-social-network-users-in-south-africa/ Datum van gebruik: 20 Okt. 2021.

Goheen, M.W. 2011. *A light to the nations: the missional church and the Biblical story* [Kindle weergawe]. Grand Rapids, MI: Baker Books.

Goheen, M.W. 2014. *Introducing Christian Mission today: scripture, history and issues.* [Kindle weergawe]. Downers Grove, ILL: InterVarsityPress. Beskikbaar by Amazon.com.

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 1996.

Hodgson, T.F. 2017. Religion and culture in public education in South Africa. In: Veranaaz, V., Thom, A. & Hodgson, T.F., reds. *Basic education rights handbook: education rights in South Africa.* Johannesburg: SECTION27. pp. 185-203.

Huang, H.W., Lu, C.C., Yang, Y.H. & Huang, C.L. 2014. Smoking behaviours of adolescents, influenced by smoking of teachers, family and friends. *International Council of Nurses,* 61(2):220-227. https://doi.org/10.1111/inr.12084

Karim, S.A. 2017. Understanding the OGOD judgment. *GroundUp,* 29 Jun. https://www.groundup.org.za/article/understanding-ogod-judgment/#:~:text=The%20case%20was%20initially%20brought,Gauteng%20and%20the%20Western%20Cape. Datum van gebruik: 31 Jan. 2022.

Knoetze, J. 2015. Perspectives on family and youth ministry embedded in the *missio Dei* – an African perspective. *In die Skriflig,* 49(1), Art. #1874. http://dx.doi.org/10.4102/ids.v49i1.1874

Konco, T. 2021. SADAG predicts increase in suicides for South African youth. *IOL*, 11 Sep. https://www.iol.co.za/weekend-argus/news/sadag-predicts-increase-in-suicides-for-south-african-youth-15398e10-5ce7-4dfe-8a63-e36288747096 Datum van gebruik: 14 Sep. 2021

Lama. 2020, 23 Julie. *Social media statistics and usage in South Africa* [Blog plasing]. https://www.talkwalker.com/blog/social-media-stats-south-africa Datum van gebruik: 3 Junie 2021.

Louw, A. 2021. 10 African youth climate activists changing the face of the planet. *Greenpeace,* 21 Oct. https://www.greenpeace.org/international/story/50006/10-african-climate-youth-activists-changing-the-face-of-the-planet/ greenpeace.org/international/story/50006/10-african-climate-youth-activists-changing-the-face-of-the-planet/ Datum van gebruik: 20 Okt. 2022.

Lumpkin, A. 2008. Teachers as role models: teaching character and moral virtues. *Journal of Physical Education, Recreation and Dance*, 79(2):3-8.

Masweneng, K. 2017. Thulasizwe 'LaSizwe' Dambuza on being gay. *Sowentan Live,* 21 Junie. https://www.sowetanlive.co.za/entertainment/2017-06-21-thulasizwe-lasizwe-dambuza-on-being-gay/ Datum van gebruik: 23 Mei 2022.

McClean, J. 2017. Neo-Calvinism versus Two-Kingdoms: an eschatological assessment. *The Reformed Theological Review,* 76(3):172-195.

McConnell, D. 2018. *Cultural Insights for Christian leaders: New directions for organisations serving God's mission.* Grand Rapids, MI: Baker Books. Beskikbaar vanaf: ProQuest Ebook Central: http://ebookcentral.proquest.com/lib/northwu-ebooks/detail.action?docID=5432398. Datum van gebruik: 19 Mei 2020.

Mdakane, B. 2022. Sexual abuse of pupils must end. *Sunday World*, 31 Okt. https://sundayworld.co.za/news/sexual-abuse-of-pupils-must-end/ Datum van gebruik: 14 Feb. 2023.

Moo, D.J., Martin, R.P., Wu, J. & Arnold, C.E. 2011. *Romans, Galatians.* Grand Rapids, MI: Zondervan Academic. (Zondervan Illustrated Bible backgrounds commentary). Beskikbaar vanaf EBSCOhost: https://web-s-ebscohost-com.nwulib.nwu.ac.za/ehost/ebookviewer/ebook/bmxlYmtfXzE3ODExNDBfX0FO0?sid=f8079477-3d39-41a2-9cbc-568b3eb5ef43@redis&vid=0&format=EK&lpid=cip&rid=0 Datum van gebruik: 23 Aug. 2022.

Morena, R. 2022. Faraway conflict, local consequences: how the war in Ukraine will affect SA. *City Press*, 16 Maart. https://www.news24.com/citypress/business/faraway-conflict-local-consequences-how-the-war-in-ukraine-will-affect-sa-20220316 Datum van gebruik: 2 Junie. 2022.

Mouton, J. 2001. *How to succeed in your master's & doctoral studies: a South African guide and resource book.* Hatfield, Pretoria: Van Schaik.

Mouw, R.J. 2016. Neo-Calvinism: a theology for the global church in the twenty-first century. *Calvin Theological Journal*, 51:7-19

Mueni, P. 2019. List of openly bisexual, lesbian, transgender & gay actors, actresses, celebrities in South Africa*. Briefly*, 23 Jul. https://briefly.co.za/33614-list-openly-bisexual-lesbian-transgender-gay-actors-actresses-celebrities-south-africa.html Datum van gebruik: 31 Mei 2022.

Naidoo, M. 2021. How multicultural churches in South Africa are breaking down race barriers. *The Conversation*, 22 Sep. https://theconversation.com/how-multicultural-churches-in-south-africa-are-breaking-down-race-barriers-167014 Datum van gebruik: 21 Mei 2022.

Ndlovu, M. 2022. Sexual misconduct by teachers in schools on the rise. *Mail&Gardian*, 16 Des. https://mg.co.za/education/2022-12-16-sexual-misconduct-by-teachers-in-schools-on-the-rise/ Datum van gebruik: 14 Feb. 2023.

Nel, M. 2018. *Youth ministry: an inclusive missional approach.* Cape Town: AOSIS.

Niemandt, C.J.P. 2008. 'n Stormkompas in tye van aanpasbare verandering – kontoere van missionêre leierskap. *Verbum et Ecclesia* 29(3):606-635.

Parker, B. 2018. In 5 years, Life Orientation will no longer be compulsory, but History will be. *Parent24*, 1 Jun. https://www.news24.com/parent/Learn/High-school/in-5-years-life-orientation-will-no-longer-be-compulsory-but-history-will-be-20180601 Datum van gebruik: 10 Mrt. 2022

Parker, B. 2019. 80% of SA's male youth deaths are alcohol-related and drug consumption is twice the world norm. *Parent24,* 4 Des. https://www.parent24.com/Family/Health/80-of-sas-male-youth-deaths-are-alcohol-related-and-drug-consumption-is-twice-the-world-norm-20180626 Datum van gebruik: 2 Maart 2020.

Prensky, M. 2001. Digital natives, digital immigrants. *On the Horizon*, 9(5):1-6. https://doi.org/10.1108/10748120110424843

Prinsloo, S. 2006. Sexual harassment and violence in South African schools. *South African Journal of Education*, 26(2):305-318.

Randles, A. 2019. *Private schooling in South Africa – difference in cost, difference in quality*. Northstar Asset Management. https://www.northstar.co.za/quarterly_report_art/private-schooling-in-south-africa-di%EF%AC%80erence-in-cost-di%EF%AC%80erence-in-quality/ Datum van gebruik: 4 Mei 2022

Rathbone, M. 2015. Sphere sovereignty andirreducibility:the ambiguous use of Abraham Kuyper's ideas during the time of apartheid in South Africa. *KOERS — Bulletin forChristian Scholarship*, 80(1): Art. #2208.

Rideout, V.J., Foehr, U.G. & Roberts, D.F. 2010. *Generation M²: media in the lives of 8- to 18-year-olds*. Menlo Park, CA: Henry J. Kaiser Family Foundation.

SANews. 2022. Unemployment rate drops to 34.5% in first quarter of 2022. *SANews,* 31 Mei. https://www.sanews.gov.za/south-africa/unemployment-rate-drops-345-first-quarter-2022#:~:text=The%20unemployment%20rate%20in%20South,rate%20on%20record%20of%2035.3%25. Datum van gebruik: 2 Jun. 2022.

Schutten, A. 2018. *Whom do you serve? Sphere Sovereignty and the need for limits on power.* Reformed Persective. https://reformedperspective.ca/sphere-sovereignty-and-the-need-for-limits-on-power/ Datum van gebruik: 1 Mei 2022.

Seggie, J. 2012. Alcohol and South Africa's youth. *South African Medical Journal*, 102(7):587.

Singh, A. 2014. Challenges and Issues of Generation Z. *IOSR Journal of Business and Management,* 16(7):59-63

Smit, J.A. & Chetty, D. 2016. Reflecting on a decade of Religion Studies implementation in the FET Phase1: case study of Gauteng, South Africa. *Journal for the Study of Religion,* 29(2):134-156.

Sobuwa, Y. 2018. Out with LO, in with compulsory history. *Sowetan Live*, 1 Jun. https://www.sowetanlive.co.za/news/south-africa/2018-06-01-out-with-lo-in-with-compulsory-history/ Datum van gebruik: 9 Mrt. 2022.

Stetzer, E. 2017. 17 Mei. *Musings on the Missional Manifesto, Part 4: The Mission* [Blog plasing]. https://www.christianitytoday.com/edstetzer/2011/may/musings-on-missional-manifesto-part-4-mission.html Datum van gebruik: 24 Nov. 2020

Stoltz, E. 2022. Private religious schools' beliefs in the balance as landmark case goes to court. *Mail&Gardian*, 13 Jan. https://mg.co.za/education/2022-01-13-private-religious-schools-beliefs-in-the-balance-as-landmark-case-goes-to-court/ Datum van gebruik: 2 Feb. 2022.

*Suid-Afrikaanse Skoolwet* 84 van 1996.

TFG Media. 2020. *Get to know anti-racism activist Zulaikha Patel*. https://www.tfgmedia.co.za/life-style/personalities/get-know-anti-racism-activist-zulaikha-patel/ Datum van gebruik: 20 Okt. 2022

Tikkanen, A. 2022. Greta Thunberg. In: *Encyclopedia Britannica.* https://www.britannica.com/biogaGreta-Thunberg Datum van gebruik: 2 Junie 2022.

Turner, A. 2015. Generation Z: technology and social interest. *The Journal of Individual Psychology,* 72(1):103-113.

Twenge, J.M. 2017. *iGen: why today's super-connected kids are growing up less rebellious, more tolerant, less happy and completely unprepared for adulthood and what that means for the rest of us* [Kindle Edition]. New York, NY: Atria Books. Beskikbaar vanaf Amazon.com.

Van As, J.N. 2020. *Addressing the phenomenon of young South Africans leaving the church: A practical theological investigation of the role of parents in faith formation*. Mahikeng: North-West University. (Verhandeling – MTh). https://repository.nwu.ac.za/handle/10394/38244

Van der Walt, J.L. 2010. Religion in education: is there yet another solution? *Koers*, 75(1):79-98.

Van der Walt, J.L. 2011a. Religion in education in South Africa: was social justice served? *South African Journal of Education,* 31(3):381-393. http://hdl.handle.net/10394/7925

Van der Walt, J.L. 2011b. Understanding the anatomy of religion as basis for religion in education. *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies,* 67(3):426-432.

Van Dyke, H. 2014. Government schools or free schools? Abraham Kuyper addresses a long-standing controversy in the Dutch parliament. *Canadian Journal of Netherlandic Studies*, 35(2): 29-45

Van Wyk, W.C. 1996. Christelike norme en waardes in die onderwys en opleiding. *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies,* 52(2&3):532-545

Van Zyl, A.E. 2013. drug use amongst South African youths: reasons and solutions. *Mediterranean Journal of Social Sciences*, 4(14):581-589

Vicedom, G.F. 1958. *Missio Dei: Einführung in eine Theologie der Mission*. Munich: C. Kaiser.

Vorster, J.M. 2007. *Christian attitude in the South African liberal democracy.* Potchefstroom: Potchefstroom Theological Publications.

Wagenman, M.R. 2019. *Engaging the world with Abraham Kuyper.* [Kindle Weergawe]. Bellingham: Lexham Press. Beskikbaar vanaf Amazon.com

White, J.E. 2017. *Meet generation Z: understanding and reaching the new post-Christian world* [Kindle Edition]. Grand Rapids, MI: Baker Books.

Whitworth, D.M. 2019. *Missio Dei and the Means of Grace: A Theology of Participation* [Kindle weergawe]. Pickwick publications. Beskikbaar vanaf Amazon.com.

Wicking, P. 2012. God in the classroom. *The language teacher*, 36(4): jalt-publications.org/tlt

Wiersbe, W.W. 2007. *The Wiersbe Bible commentary: The complete New Testament in one volume*. 1st ed. Colorado Springs, CO: David C. Cook.

Wright, C.J.H. 2010. *The mission of God's people: Biblical theology for life.* Zondervan Academic. [Kindle Edition].

Wright, C.J.H. 2013. *The mission of God: Unlocking the Bible's great narrative*. Beskikbaar vanaf: ProQuest Ebook Central, http://ebookcentral.proquest.com/lib/northwu-ebooks/detail.action?docID=2033595 Datum van gebruik: 3 Maart 2020.